

https://dspace.org/

Struktureel-sintaktiese aspekte van die werkwoord

Ferreira, Gert Thomas

2015-01-20
http://hdl.handle.net/10539/16652

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

S T R U K T U R E E L - S I N T A K T I E S E

A S P E K T E

V A N D I E

W E R K W O O R D.

AKADEMIESE PROEFSKRIF

aangebied ter verkryging

van die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

deur

GERT THOMAS FERREIRA.

----- oOo -----

FLORIDA.

Mei 1961.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND LIBRARY

Rees

I N H O U D S O P G A W E.

HOOFSTUK 1. 'n Paar wanopvattings 1

HOOFSTUK 2. Wat is sintaksis? 17

Die beskouings van —

J. Ries 21

O. Jespersen 28

B. Bloch en G.L. Trager 34

A. Reichling 41

A.W. de Groot 47

G.J. Labuscagne 54

Kritiese beskouing van voormelde outeurs 60

Gevolgtrekkings 68

HOOFSTUK 3. Die werkwoord as struktuurmoment. 79

Betekenis 84

Tradisionele opvatting oor die werkwoord as struktuurmoment 89

Kombinatoriese simbolisasie van die werkwoord as struktuurmoment 100

Beweeglike simbolisasie van die werkwoord as struktuurmoment 105

Assosiasie 111

Die plek van die werkwoord as struktuurmoment 114

Gevolgtrekkings 128

HOOFSTUK 4: Die werkwoord en die prinsipes van kontinuïteit en inversie ... 131

Kontinuering binne die sin 132

Kontinuering buite die sin ..... 16[illegible]

Regressiewe kontinuering 171

Inversie 173

Gevolgtrekkings 180

HOOFSTUK 5: Slot 184

——— oOo ———

H O O F S T U K 1.

'N PAAR WANOPVATTINGS.

'n Noukeurige waarnemer wat na 'n gesprek tussen twee of meer persone luister, sou etlike dinge in die taalgebruiksituasie[1] kon waarneem, selfs al sou hy die sprekers nie sien nie, soos bv. of dit 'n

1) Gardiner het die „situasie'-begrip na vore gebring. Uitgaande van enkele gegewens by Wegener, het hy dit op sy helder en oortuigende wyse ontwikkel. Vir hom is die situasie „not a factor of speech, but the setting in which speech can alone become effective" (bl.49). Hy meen dat die begrip „situasie' hierin voldoende bepaal is. Hy ondersoek, soos ook Karl Bühler in sy Organonmodel gedoen het, die „four factors of speech': (1) the speaker, (2) the listener, (3) the things referred to, and (4) the linguistic material, the interrelations of which I had declared, nearly ten years ago, to constitute the whole mechanism of speech" (bl.7). Op bl.49 verklaar hy dat as hierdie faktore „(are) accessible to one another in either a material or a spiritual sense", dan vorm hulle die „situasie'. „In" die situasie is die dinge opgesluit wat die spreker kan bedoel, „in" die situasie moet die hoorder soek wat bedoel word (bl.122). „In as much as it is „meant', the thing meant is only the volitionally illuminated part of the situation, namely that part of it which the speaker has intended to come to his listeners' consciousness" (bl.82). Die situasie is tereg, soos Gardiner dit sien, die geheel van omstandighede waarin die spraakhandeling werklikheid word. Is die „situasie'identiek met die situasie waarin die spraakhandeling 'n eenheid is, waarin dit 'n verstaanbare eenheid van taalgebruik uitmaak, waarin kommunikasie 'n „feit' is, en dus èn hoorder èn spreker die omstandighede noodwendig uit 'n nuwe oogpunt sien? Nee, want selfs Gardiner het op bl.193 daartoe gekom om te praat van: „the four factors of speech constituting the present situation". Daar is 'n groot verskil tussen 'n „setting in which speech can alone become effective" en 'n „setting in which speech is effective". Hierdie onderskeid, wat grondliggend is, blyk nòg uit Stern se „context"-teorie, nòg uit Gardiner se opvatting van „situasie".

gesprek/...
2/...

gesprek tussen mans en/of vrouens is, of hulle oud of jonk is, of die sprekers mekaar goed- of kwaadgesind is, of hulle breë of hullie s'se sleep of dit normaal uitspreek. As die taalwaarnemer 'n enigsins dieper kennis van taal het as die leek, sal hy, veral as die gesprek in sy moedertaal gevoer word, ook bepaalde klanke, woorde, woordgroepe en sinne, asmede die intonasie van die sprekers kan onderskei. Hierbenewens sal hy ook bemerk dat klanke, woorde, woordgroepe en sinne in 'n bepaalde orde deur die sprekers gebruik word, sodat daar van 'n ordelike geheel sprake is.

Hieruit blyk verskeie dinge, nl.: dat daar in die taalgebruiksituasie elemente is wat buite <u>taal</u> en <u>die</u> taal[2] lê, soos bv. geslags-, ouderdoms-, emosionele en fisiese aspekte, wat nie tot die wese van taal behoort nie, en dat daar aspekte is wat binne die taal lê en dus daartoe behoort, soos klanke, woorde, woordgroepe, sinne en intonasie, wat alles op 'n bepaalde wyse georden is en dus 'n kenmerkende struktuur het.

Dit kan 'n bioloog of 'n regter moontlik interesseer dat sommige taalgebruikers mans en ander vrouens is of dat sommige van hulle jonk en ander oud is.

2) <u>Taal</u> = 'n mededelingsmeganisme ('n abstraksie).
<u>Die taal</u> = al die tale ter wêreld wat onder <u>taal</u> val (konkreet).
<u>'n Taal</u> = een verteenwoordiger van die taal (konkreet).
(Vergelyk verder F. de Saussure se beskouing hieroor in Cours de Linguistique Générale, 1916.)

Ewenseens/...
3/...

Eweneens mag dit vir die sielkundige van belang wees dat die sprekers in 'n bepaalde gemoedstoestand verkeer en dat die een op hierdie en die ander op daardie wyse reageer op wat gesê word, terwyl die fisioloog moontlik daarin belang sal stel dat sommige van die sprekers brei of hulle s'se sleep terwyl ander dit nie doen nie, of dat sommige klanke voor en ander agterin die mond gevorm word. Eweneens sal die filosoof homself moontlik die vraag kan stel of taal nou eintlik 'n abstraksie of iets konkreets is, terwyl dit vir die logikus daarom kan gaan of die stellings logies of onlogies is.

Vir die taalkundige is laasgenoemde aangeleentheid van geen belang nie, behalwe in sover dit daaroor gaan of taal 'n abstraksie of iets konkreets is. Die voorafgaande is op niks meer gemik nie as om daarop te wys dat daar in <u>taalgebruik</u> meer is as in <u>taal in gebruik</u>. Ekstralinguale verskynsels, soos bv. die fisiese verskynsels by die voortbring van spraakklanke, het vir die taalkundige geen waarde nie omdat 'n <u>S</u> wat gesleep of 'n <u>R</u> wat gebrei word bv., nie om daardie rede 'n ander waarde kry of iets anders is as die <u>S</u> en die <u>R</u> wat normaal uitgespreek word nie.

Dit is nou vir die taalwetenskap (ongelukkig) so dat daar sedert die dae van die Griekse filosowe wetenskaplikes was (is) wat hulle met taal(-studie) besig gehou het en nog hou, nie ter wille van die taal nie — dit was in die meeste gevalle nie die studievoorwerp nie —, maar ter wille van hulle eie bepaalde vakwetenskappe of aspekte daarvan. So het die taalwetenskap

dan/...
4/...

dan 'n aanhangsel geword van etlike ander wetenskappe soos bv. die filosofie, die Psigologie, die Sosiologie en die Fisiologie.

Hierop is onder meer in 1953 gewys deur Louis Hjelmslev, wat sy gevolgtrekking soos volg geformuleer het:

> „Language came to be looked upon as a key position from which vistas might be opened in many directions. Considered thus, language, even when it is the object of scientific investigation, becomes not an end in itself, but a means to a knowledge whose main object lies outside language itself, although it is perhaps fully attainable only through language, and which can be gained only on other assumptions than those implied by language ... Thus physical and physiological descriptions of speech sounds easily degenerate into pure physics and pure physiology, logic and ontology, so that the linguistic point of departure is lost from view ..... But even where this is not directly the case, still the physical, physiological and logical phenomena per se are not language itself, but only disconnected, external facets of it, reflected as objects of study, not for language's sake, but for the sake of the phenomena towards which language is oriented. This is not said to minimize the value of these points of view and all these efforts, but to point to a danger; the danger that in our zealous haste towards the goal of our knowledge we may overlook the means of knowledge — language itself."3)

As in gedagte gehou word dat die taalwetenskap daar is vir die ondersoek van taal, moet dit duidelik wees dat elke nuwe insig tot 'n duideliker begrip van taal moet lei. Die vraag word telkens gestel hoe die Afrikaanse taal, of enige ander taal, gestruktureer is, maar die antwoord daarop bly verborge tussen te veel verskynsels wat nie taalverskynsels is nie, soos asso-

3) Hjelmslev, Louis .... Prolegomena to a theory of language. (Vertaling van F.J. Whitfield), bl. 1 vlg.

siasie, fisiese variasie van klanke, denkwette, en so meer. Ofskoon daar verwag kon word dat daar na Hjelmslev se (tydige en) onduhbelsinnige waarskuwing asmede dié van ander taalnavorsers wat hierdie aspek vóór en ook ná hom beklemtoon het, 'n algemene kentering in die benadering van taalstudie sou kom, het dit blykbaar nog nie algemeen gebeur nie, en in 1956 nog het Labuscagne dit nodig geag om weer teen hierdie dwaling te waarsku. Hy som die praktiese konsekwensies van die wanbegrip min of meer soos volg op:

> „Elke ekstra-linguale wetenskap wou iets bydra tot die taalwetenskap wat homself deur sy beoefenaars as 'n aanhangsel van die ekstra-linguale wetenskappe beskou het. Waar die bydrae betrekking gehad het op die metode van ondersoek, kon dit natuurlik nie anders nie as om te lei tot ekstra-linguale gevolgtrekkings oor daardie ‚meer as taal' in die taalgebruiksituasie. 'n Ekstra-linguale sistematiek lewer 'n ekstra-linguale resultaat."[4]

Hy sluit hom dus aan by Van Hamel se standpunt:

> „Dit was een gang van zaken, waarbij de echte linguïsten, die de taal om haar zelve lief hadden, zich niet konden neerleggen."[5]

4) Labuscagne, G.J. .... Enkele opmerkings oor die moderne taalwetenskap: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jrg. IX, aflewering 1, Augustus 1952, bl.1.

5) Van Hamel, A.G. ..... Geschiedenis der taalwetenschap, bl.78.

Die/...
6/...

Die taalgebruiksituasie waaroor dit in die aanvangsparagraaf gaan, is doelbewus gekies om 'n duidelike onderskeid te kan maak oor wat tot taal in gebruik en wat tot taalgebruik behoort ten einde te verseker dat wat nie tot taal in gebruik, en dus ook nie tot die studievoorwerp van die taalwetenskap, behoort nie, by die verder beskouings hierin buite berekening gelaat word, en nie om, soos Herman Paul[6] gedoen het, te probeer aantoon dat die taalwetenskap alle individuele taaluitinge wat reeds voorgekom het, op hierdie oomblik voorkom of nog later sal voorkom, sal moet ondersoek en orden voordat sy taak afgehandel sal wees nie. Hierdie opvatting sou taal-„wetenskap", streng gesproke, eers moontlik maak wanneer die taalondersoekers „eerst een soort pathalogische verzamelaarswoede hadden uitgeleefd", soos Reichling dit gestel het in Wat is Algemene Taalwetenschap? Om wetenskaplik te werk te gaan, beteken immers nie om 'n massa feite te versamel en dit daarby te laat, of om met behulp daarvan, vooropgestelde gevolgtrekkings te (probeer) regverdig nie. Die versameling van feite kan bloot maar die eerste stap in 'n wetenskaplike werkwyse wees, want waar daar geen feite is om mee te werk nie (en die feite moet uit die studievoorwerp gehaal word), moet die poging uit die staanspoor tot mislukking gedoem wees, net soos wat die poging om die grammatikareëls van Grieks en Latyn op moderne analitiese tale oor te dra sonder dat selfs 'n poging aangewend is om die grammatikareëls vir die analitiese tale

6) Paul, Herman ..... Prinzipien der Sprachgeschichte, 1920, bl. 24 vlg.

Die taalgebruiksituasie waaroor dit in die aanvangsparagraaf gaan, is doelbewus gekies om 'n duidelike onderskeid te kan maak oor wat tot taal in gebruik en wat tot taalgebruik behoort ten einde te verseker dat wat nie tot taal in gebruik, en dus ook nie tot die studievoorwerp van die taalwetenskap, behoort nie, by die verder beskouings hierin buite berekening gelaat word, en nie om, soos Herman Paul[6] gedoen het, te probeer aantoon dat die taalwetenskap alle individuele taaluitinge wat reeds voorgekom het, op hierdie oomblik voorkom of nog later sal voorkom, sal moet ondersoek en orden voordat sy taak afgehandel sal wees nie. Hierdie opvatting sou taal-„wetenskap", streng gesproke, eers moontlik maak wanneer die taalondersoekers „eerst een soort pathalogische verzamelaarswoede hadden uitgeleefd", soos Reichling dit gestel het in Wat is Algemene Taalwetenschap? Om wetenskaplik te werk te gaan, beteken immers nie om 'n massa feite te versamel en dit daarby te laat, of om met behulp daarvan, vooropgestelde gevolgtrekkings te (probeer) regverdig nie. Die versameling van feite kan bloot maar die eerste stap in 'n wetenskaplike werkwyse wees, want waar daar geen feite is om mee te werk nie (en die feite moet uit die studievoorwerp gehaal word), moet die poging uit die staanspoor tot mislukking gedoem wees, net soos wat die poging om die grammatikareëls van Grieks en Latyn op moderne analitiese tale oor te dra sonder dat selfs 'n poging aangewend is om die grammatikareëls vir die analitiese tale

6) Paul, Herman ..... Prinzipien der Sprachgeschichte, 1920, bl.24 vlg.

self/...
7/...

orden is. Daar is bv. die bepaalde orde waarin die taalmomente voortgebring word, ml. klanke, lettergrepe, woorde, woordgroepe en sinne, en dit kan bes moontlik wees dat die taal asmede die taalgebruiker wat dit voortbring en maar altyd op energiebesparing toegespits is, ook van woordvolorde as struktuurmoment gebruik maak. Of dit so is, sal hopelik uit die verder bespreking blyk.

Daar word dan ook vandag vry algemeen aanvaar dat die taal as geheel 'n struktuur het omdat dit opgebou is uit 'n veelheid van gegewens (die taalmateriaal); ook dat die klanke elk 'n struktuur het, die woord, die woordgroep, die sin, ens., m.a.w. die taal, en dat elke besondere taal derhalwe deur en deur gestruktureer (georden) 's, want daar is altyd 'n veelheid van gegewens wat volgens prinsipes georden is.

Om hierdie veelheid van gegewens, wat 'n samehangende eenheid en geheel vorm, te kan verklaar, moet die geheel in sy dele uitmekaar gehaal kan word, nie om afsonderlik en geïsoleerd, d.w.s. sonder inagneming van die onderlinge verband daartussen (of wel atomisties) beskou te word nie, maar om vir beskouing, as dele van 'n geheel, bymekaar te kry wat bymekaar hoort. Dit lê dus voor die hand dat 'n intieme kennis van hierdie dele asook van hulle samehang, 'n voorvereiste vir wetenskaplike benadering is. Vandaar die noodsaaklikheid daarvan dat die taalwetenskaplike hom in die eerste plek moet toespits op sy moedertaal, soos aan die begin gemeld is, of dan wel op 'n taal wat hy soos sy moedertaal ken. Hierop het Reichling uitdruklik gewys:

„Het/...

„Het is een eis van goede methode, dat de Algemene Taalwetenschap haar onderzoek aanvangt (ek kursiveer) by een zoo minutieus mogelijke analyse van een taal, die de betreffende onderzoeker als zijn moedertaal beheerst. Het is dan verder volmaakt onverschillig of hij analyseert wat zich afspeelt in de Chinese taalgemeenschap of in de Engelse."8)

In verband met die veelheid van gegewens waarvan hierbo melding gemaak is, verklaar Nida:

„This principle (no part of a language can be adequately described without reference to all other parts) means that the phonemics, morphology, and syntax of a language cannot be described without reference to each other. A language is not a departmentalized grouping of relatively isolated structures; it is a functioning whole, and the parts are only fully describable in terms of their relationship to the whole. Nor are languages like simple geometric figures which can be described by beginning at one fixed point, methodically plotting the structure from there. Languages are exceedingly complex structures and they constitute their own frame of reference. Though one language should not be described in terms of any other language, no part of a single language can be described adequately without reference to the other parts. This fact becomes more fully evident when we attempt to determine the relationships between words and phrases. We usually say that a suffix unites into a single word everything with which it occurs, but in the expression the King of England's (hat), we have a 'feeling' that the King of England is not a single word, despite the fact that -s occurs with the entire phrase. The answer of such a relatively basic question as 'what constitutes a word?' can be answered only by examining the morphological, syntactic and phonemic structure of the language."9)

8) Reichling, Anton .... Wat is Algemene Taalwetenschap? Inougerale Rede, 12 Mei 1947, bl.10. (Verskyn ook in Lingua 1, 1)

9) Nida, E.A. ..... Morphology: A descriptive analysis of words: 2de (hersiene) uitgawe, bl. 2 vlg.

Not/...
10/...

Net soos wat daar verkeerdelik aanvaar is dat al die aspekte van 'n taalgebruiksituasie tot taal behoort (wat daarop uitgeloop het dat taal nie ter wille van taal bestudeer is nie, maar die middel geword het tot 'n ander doel), en dat aspekte van taal uit die geheel gefsolaer kan word vir beskouing, met die gevolg dat die verskillende verskynsels nie as dele van 'n geheel behandel is nie, is daar bv. ook uitgegaan van die standpunt dat die foneem 'n abstraksie is (en bygevolg ook die woord wat daaruit opgebou word) terwyl die sin o.a. uit die Logika en taal uit die sielkunde gedefinieer is.

Wat die foneem betref, het Trubetskoy o.a. in T.C.L.P. no.7, Grundzüge der Phonologie, bl.35, verklaar: „Man darf sagen, dass das Phonem die Gesamtheit der phonologisch relevanten Eigenschaften eines Lautgebildes ist", wat van die foneem iets immaterieels, 'n kenmerk van 'n klank, maak. Ook vir Bloomfield (Language, bl.79) is dit nog „a minimum unit of distinctive sound-features". Later is onder meer deur Reichling (E.N.S.I.E. II, bl.43) daarop gewys dat 'n foneem 'n spraakklank is wat woordkenmerkend gebruik kan word, d.w.s. dat dit nie iets abstraks soos bv. 'n kenmerk is nie, maar 'n deel van die taalmateriaal.

Met die koms van die insig dat die foneem nie 'n abstraksie is nie, is ook die standpunt weerlê dat die woord 'n abstraksie is: „In der Wirklichkeit existieren nur Wortindividuen. Das Wort, von dem man in dem Wörterbuch oder in der Grammatik spricht, ist eine Abstrak-

tion/...
II/...

tion aus vielen Wortindividuen, die zu versohiedenen Zeiten gesprochen und gehört wirden sind"[10], want woorde kan tog nie abstraksies wees as die boumateriaal (foneme) iets konkreets is nie. Die definisie van die woord as „een isoleerbaar, betekenisdragend, naar opeenvolging in plaats der samestellende klanken volstrekt bepaald taalbouwsel waarmee we in het gebruik de zaken noemen"[11], vind dan ook veel meer byval as die ou opvatting dat die woord 'n abstraksie is.

In die tweede helfte van die vorige eeu nog het Stuart Mills in sy inougerale rede op St. Andrews verklaar:

> „The distinctions between the various parts of speech, between the oases of nouns, the moods and tenses of verbs, the functions of particles, are distinctions in thought, not merely in words .... The structure of every sentence is a lesson in logic."

Gelukkig moes ook hierdie wanopvatting, wat die uiterste perke van eensydigheid verteenwoordig, met die verloop van tyd plek maak vir die wetenskaplik verantwoorde standpunt dat die sin die taalgebruikseenheid, ‚tout court'[12] is; 'n eenheid wat met behulp van woorde opgebou word as die taalgebruiker kommunikasie tot stand wil bring, en dat dit nie maar net 'n stuk suiwer logika is nie.

10) Wellander, E. .... Bedeutungswandel, Deel 1, bl.15.

11) Reichling, Anton.. De Taal: Haar wetten en haar wezen : E.N.S.I.E. 11, bl.39.

12) Reichling, Anton.. De Taal: Haar wetten en haar wezen : E.N.S.I.E. 11, bl.38.

Ook/...
12/...

Ook taal as sodanig is op uiteenlopende wyses omskryf en gedefinieer, merendeels met die sielkunde as uitgangspunt. 'n Bekende Suid-Afrikaanse Universiteit het in sy lesings vir Afrikaans/Nederlands 1 in 1953 nog verklaar:

> „Taal kan omskrywe word as die hoorbare of sigbare openbaring van die mens se sielelewe, d.w.s. die wyse waarop jy jou gewaarwordinge en gedagtes, jou begeertes en gevoelens aan ander kenbaar maak; dit is die uiterlike uitdrukkingsmiddel van die mens se innerlike gewaarwordinge. Die sigbare aspek van taal bestaan uit gebare, mimiek of skrif, en die hoorbare aspek omvat die eintlike gesproke taal."

Daar word vandag algemeen aanvaar (miskien moet dit lui: daar behoort vandag algemeen aanvaar te word .....) dat taal 'n mededelingsmeganisme is, en die onmiddellik voorafgaande aanhaling, wat nog nie eers tien jaar oud is nie, dien maar net om te bewys hoe diep die vorige opvattings gewortel was en nog is, en hoe langsaam die nuwe insigte inslag vind.

Die meeste van hierdie verkeerde opvattings spruit daaruit voort dat die taalnavorser en taaldosent die taal nog nie gevind het nie en hom op 'n dwaalspoor laat lei deur daardie meer as taal in die taalgebruiksituasie, en die taal gebruik as middel om die psige van die mens mee te verklaar in plaas daarvan om taal die voorwerp van studie te maak en, wanneer dit nodig is, die hulp van die sielkunde, die logika en so meer in te roep om 'n taalverskynsel te help verklaar. Dit is daarom dat ons vandag nog te doen kry met definisies wat die taal voorstel as 'n middel om die psigiese dinge

van/...
13/...

van die mens mee te verklaar — sy strewes en gevoelens — en nie eintlik by die ware studievoorwerp kom nie. „Ons noem", in die woorde van Labuscagne,[13])

> „die middel en dan definieer ons hom verder-aan na buite toe (na die psige, die gevoelens toe, na die konkreetheid van die tafel toe, na die abstraktheid van die liefde toe (ons redodelo), na die anatomie wat hom voortbring, na die denkwette wat hom as medium gebruik."

Die vraag kan nou gevra word wat dit alles met struktu-rele sintaksis te doen het, en die antwoord daarop is dat ons nie met die struktuur van 'n verskynsel kan werk as ons nie weet wat daardie verskynsel is nie. As die woord en die sin dus as abstraksies en taal as 'n sielkundige verskynsel beskou word, sal die gevolg-trekking waartoe gersak word, niks oplewer wat taalkun-dige waarde het nie, behalwe miskien bloot as 'n toeval-ligheid.

Elke taalverskynsel en taalfeit wat 'n plek in 'n taalwetenskaplike beskouing regverdig, moet dit kan doen op grond van sy taalmatigheid en nie op grond van logisistiese of ander oorwegings nie. As die taalnavor-ser hom sou steel op die logisistiese standpunt van bv, Roorda:

> „Ware grondigheid van taalonderwys bestaat in de aanwijzing van de gronden der regels, die de taal volgt en de grammatica leest in de menschelijke rede, waarvan de taal de uitdruk-king is, en dus van de logische gronden der taal. (Ek kursiveer.) De wetenschappelijke besch..awing van deze logische gronden der taal

13) Labuscagne, G.J. .... Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek. bl.VI.

is/...
14/...

is die logische analyse der taal."[14]
(1850 en 1852),

of ook op dié van Stuart Mills:

> "It (grammar) is the most elementary part of logic. It is the beginning of the analysis of the thinking process. The principles and rules of grammar are the means by which the forms of language are made to correspond with the universal forms of thought. The distinctions between various parts of speech, between the cases of nouns, the moods and tenses of verbs, the functions of particles, are distinctions in thought, not merely in words.... The structure of every sentence is a lesson in logic."[15]
> (1867) (Ek kursiveer),

sou hy dit nie veel verder bring as rededele en hoofsinne en bysinne nie, en bes moontlik nie eers daarvan kennis neem dat die „hoof"-gedagte in die „by"-sin uitgedruk kan word nie: Dat alle mense verganklik is. (bysin, maar hoofgedagte) val nie te betwyfel nie (bygedagte, maar tog die hoofsin).

Daar sou wel geargumenteer kon word dat die standpunte van 1850 en 1867 nie meer die gangbare uitgangspunte van die tweede helfte van die twintigste eeu is nie, en 'n mens sou graag wou toegee dat dit nie die geval behoort te wees nie. Baie van ons grammatikas verraai egter nog 'n onmiskenbaar logisistiese inslag.

As die taalwetenskap die hulp van die logika inroep, dan doen hy dit met die uitsluitende doel om vir hom bepaalde taalsake te help verklaar, bv. één van die sintaktiese groeperingsprinsipes, wat later

14) Aangehaal deur F.J. Labuschagne in sy rede: Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys, bl.13.

15) Inaugural Address to the University of St. Andrews, 1867, People's Ed., bl.15.

behandel sal word. As die filosofie die hulp van die taal inroep om bv. die denkwette te bepaal, dan soek hy nie na die denkwette om die taal mee te verstaan nie, bv. sintaktiese groeperingsprinsipes, soos intonasie, sintaktiese valensie en so meer nie, maar wel om die denkwette vir die logika te kry. In eersgenoemde geval word die taalwetenskap bedryf en in laasgenoemde geval die filosofie (logika), en dit is twee afsonderlike outonome studievakke: die een die taalwetenskap en die ander die filosofie.

So beskou, kry Hjelmslev se stelling:

> „We are studying the physical and physiological, psychological and logical, sociological and historical precipitations of language, not language itself",[16]

vir ons meer sin. Met ander woorde, ons haal die outonomieë van die wetenskappe deurmekaar, en uit die oogpunt van die taalwetenskap beskou, beteken dit eintlik dat ons sy outonomie ophef.

Die fout lê juis daarin opgesluit dat daar uitgegaan word van die stelling dat „the forms of language are made to correspond with the universal forms of thought" want „logical categories are inclusive, general, universal, immutable and homogeneous" terwyl die linguïstiese kategorieë „are more particular, changeable, and heterogeneous."[17]

16) Hjelmslev, Louis ..... Prolegomena to a theory of language, bl.2.

17) Graff, W.L. ..... Language and Languages, bl.189.

Daar/...
16/...

Daar is algemene wetmatighede in taal waar die stelling taalwet is denkwet vir alle tale geld, soos bv. dat die sin in alle tale twee denkpole het, nl. 'n onderwerppool en 'n voorwerppool, maar in 'n sin soos: Koos eet nie vleis nie en vleis eet Koos nie het die sintaktiese wisseling in woordorde geen uitwerking op die twee denkpole nie. Die onderwerppool bly in albei sinne die onderwerppool en die voorwerppool die voorwerppool, en die betekenis verander nie. Dit geld van 'n besondere taal, soos bv. Afrikaans, en ook van taal in die algemeen. Wanneer dit egter kom by 'n sin soos Koos slaan Jan teenoor Jan slaan Koos, vind ons dat hierdie besondere sintaktiese wetmatigheid van sinsdeelordening vir 'n besondere taal, soos bv. Afrikaans, nie meer geld nie. Die algemene logiese wetmatigheid lê nou die sintaktiese manipuleerbaarheid ter wille van die sinsverband (denkwet) 'n wetmatigheid op van onderwerp voorop, maar om op grond daarvan te argumenteer dat „the structure of every sentence is a lesson in logic" is taalwetenskaplik onverantwoord.

Dat die opvattings van die tweede helfte van die vorige eeu nie meer algemeen gangbaar is nie (selfs al word daar nog in die grammatikas daarop voortgeborduur) en dat die taalwetenskaplike bestendige vordering maak in sy pogings om hom nie meer met dissecta membra van taal besig te hou nie, maar om taal as 'n struktuur sui generis te bestudeer en dit te verhef tot 'n empiriese wetenskap in plaas daarvan om dit as 'n aanhangsel van ander wetenskappe te beskou, sal onder meer blyk uit die beskouings van 'n paar taalwetenskaplikes by wie se bydraes tot die sintaksis in die volgende hoofstuk stilgestaan word.

----- ooo -----

H O O F S T U K 2.

WAT IS SINTAKSIS?

Toe A.W. de Groot se Structurele Syntaxis in 1949 gepubliseer is as 'n deel van Servire's Encyclopaedie, was daar nie een ander werk met dieselfde titel of 'n werk met 'n ander titel wat in geheel of grotendeels aan hierdie onderwerp gewy was nie, behalwe Was ist Syntax? van J. Ries, wat reeds in 1894 verskyn het. Oor die algemeen is die sintaksis in sowel die beskrywende as die historiese taalkunde erg afgeskeep met die gevolg dat die literatuur daaroor nie naasteby so omvangryk is as dié oor die klankleer en die woordleer nie. Die Latynse sintaksis is wel redelik volledig behandel, maar dit het reeds verouder geraak, en buitendien kan die bevindinge daarvan nie op 'n analitiese taal toegepas word nie, tensy ons die flater wat met die grammatika begaan is, wil herhaal. Doen ons dit wel, sou daar egter vir die sintaksis geen goeds uit gebore kon word nie, en sou dit moontlik ook maar net daarop uitgeloop het dat die sintaksis, soos in die geval van die grammatika, „(was) necessarily foredoomed

...

to/...
18/...

to miscarry".[1]

Onder die werke waarin die sintaksis voor 1949 ter sprake gekom het en soms vry breedvoerig behandel is, kan o.a. die volgende genoem word:

1. Was ist Syntax? van John Ries (1894), waarin vir die eerste keer onderskei is tussen die woordleer, die sinsleer en sintaksis, ofskoon die indeling m'a-kien nie heeltemal bevredig nie.

2. Prinzipien der Sprachgeschichte van Herman Paul (1880), wat sterk histories gekleur en in 'n groot mate beinvloed is deur die logika, maar wat bo alles 'n psigologistiese inslag het. (Ek het die 5de druk, wat in 1920 verskyn het, geraadpleeg.)

3. The Philosophy of Grammar van Otto Jespersen (1924) wat grotendeels op die woordleer toegespits is maar tog enkele hoofstukke oor die woordgroep bevat.

4. The Theory of Speech and Language van Alan H. Gardiner (1932), wat as 'n standaardwerk oor die sin beskou kan word.

5. Language van Leonard Bloomfield (1932), wat van belang is vir die sintaksis.

1) Hjelmslev, Louis .... Prolegomena to a theory of language. (Vertaling van F.J. Whitfield), bl.69.

Bloomfield/.
19/...

Bloomfield is inderdaad die voorloper van 'n groep linguïste van wie verskeie 'n bydrae tot die sintaksis gelewer het.

6. Sprachtheorie van Karl Bühler (1934), wat moontlik die beste as 'n psigologies-linguïstiese werk beskryf kan word.[2)]

7. Het Woord van A. Reichling (1935), wat belangrike beskouings bevat oor die sin, die woordgroep en die woordgroepleer, maar, soos die titel aandui, hoofsaaklik aan die woord gewy is.

8. Analytic Syntax van Otto Jespersen (1937), 'n skematiese behandeling van sintaksis, insiggewend maar enigsins oppervlakkig.

9. Outline of Linguistic Analysis van B. Bloch en George L. Trager (1942), 'n kort samevatting wat ook 'n oorsig van die sintaksis gee.

10. A Synopsis of English Syntax van E.A. Nida (1943) wat reeds in 'n mate verouder is, maar tog heelwat bruikbare stof bevat.

2) Reichling sê van hom: „Hij is psycholoog. Daarin ligt zijn kracht en zijn zwakheid. Meer dan Cassirer en veel meer dan ..... Ogden en Richards heeft hij echter onmiddellijk vruchtbare bijdragen tot de linguistiek geleverd. Geen linguist kan hem ongelezen laten, maar geen linguist ook zal hem volledig volgen ... Aan Bühler is .... een ogenblik ontgaan dat het onaanschouwelike waaruit de Methaphysiek haar begrippen ontwikkelt, geen ander is dan het onaanschouwelike dat in elke waarneming uitgangspunt is voor alle biezondere wetenschappen." Het Woord, bl.8 vlg.

Van/...
20/...

Van die werke wat omstreeks dieselfde tyd en sedert die verskyning van Structurele Syntaxis gepubliseer is en vir die onderwerp van belang is, kan die volgende genoem word:

1. Prolegomena to a Theory of Language van Louis Hjelmslev (1953).

2. Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek van G.J. Lahuscagne (1956).

3. Woordvolgorde in het Nederlands : Een synchrone structurele beschouwing (1958), van H.F.A. van der Lubbe.

Soos in die eerste paragraaf van hierdie hoofstuk aangedui is, het die klank- en woordleer baie meer aandag gekry as die sinsleer (sintaksis), en selfs werke waarin die leser, te oordeel na die opskrif, veel eerder na 'n uiteensetting van die sinsleer/sintaksis sou soek as na dié van die klank- en woordleer, is uitsluitend aan laasgenoemde twee gewy. Ek dink hier bv. aan Methods in Structural Linguistics van Zellig S. Harris, wat twintig hoofstukke bevat, maar grotendeels oor die morfeem, foneem en woordstruktuur gaan. Ook die titel van Bloch en Trager se werk Outline of Linguistic Analysis is in die opsig misleidend, ofskoon nie in dieselfde mate as Methods in Structural Linguistics nie.

Die doel van hierdie hoofstuk is om ter oriëntering 'n kort samevatting te gee, min of meer in chronologiese orde, van die hoofwerk(e) van

enkele/...
21/...

enkele taalkundiges wat 'n bydrae tot hierdie aspek van die linguïstiek gelewer het ten einde elkeen se bydrae te bepaal, die verskille en ooreenkomste in hulle uitgangspunte en standpunte — as daar verskille/ooreenkomste is — te probeer peil en terselfdertyd rekenskap te probeer gee van die huidige stand van sake asmede van wat met sintaksis bedoel word.

Ries spreek sy verbasing uit in Was ist Syntax? oor die uiteenlopende beskrywings van en opvattings oor sintaksis, want, sê hy, „Syntax ist ein gutes und klares Wort, das der zu bezeichnenden Sache durchaus entspricht."[3] Hy laat hom sterk uit oor Miklosich se definisie van sintaksis: „Jener Teil der Grammatik welcher die Bedeutung der Wortklassen und Wortformen darzulegen hat, heisst Syntax. (Ek kursiveer.) Die Syntax zerfällt demnach in zwei Teile, von denen der erstere die Bedeutung der Wortklasse, der andere die Bedeutung der Wortformen zum Gegenstand hat".[4] Sy kennis van die etimologie en betekenis van die woord sintaksis het egter voorkom dat hy hom die ooglopend foutiewe daarin (die deurmekaar haal van dinge wat nie bymekaar hoort nie) te veel aantrek.

Die deurmekaar haal van uiteenlopende onderwerpe, soos bv. uit Miklosich se definisie blyk, asmede die teenstrydige opvattings oor sintaksis van daardie

3) Ries, John ..... Was ist Syntax, bl.142.

4) Miklosich ..... Vergleichende Grammatik der Slavischen Sprache, IV. Aangehaal deur J. Ries in Was ist Syntax?

tyd/...
22/...

tyd, het die benutting van gangbare werke oor die onderwerp belemmer en verder navorsing in verkeerde bane gelei. Die grense wat tussen die verskeie studievoorwerpe, nl. die klankleer, die woordleer en die sinsleer, getrek is, was nie wetenskaplik verantwoord nie en daar is ook nie rekening gehou met die plek wat sinsleer in die patroon van die grammatika moes inneem nie.

Waar die woord onder beskouing gekom het, is dit gewoonlik geïsoleerd behandel, en wel van die vorm na die betekenis, d.w.s. van buite na binne, terwyl die woord, uit die oogpunt van die sintaksis beskou, binne die raamwerk van die sin as sodanig behoort behandel te word. By die behandeling van die sin is gewoonlik van 'n definisie af gewerk, en wat die saak vererger het, is dat die definisie merendeels uit die logika gehaal is en dus nie taalmatig was nie. Waar betekenis as uitgangspunt geneem is, het dit berus op 'n vooropgestelde indeling van soorte sinne, met die verskille tussen die soorte as grondslag, terwyl daar nie met ooreenkomste rekening gehou is nie.

Miklosich se opvatting, wat deur Ries as „Mischsyntax" bestempel word, is tot prinsipe verhef, en meer taalstudente is daardeur op 'n dwaalspoor gelei as deur die eensydige opvattings van sommige van sy tydgenote. Die netto resultaat daarvan was dat die waarde van woordvorm en woordsoort as sintaktiese middele oorskat is terwyl die ware sintaktiese middele verwaarloos geraak het.

Terwyl/...
23/...

Terwyl sommige taalkundiges hulle toegespits het op 'n eenheid van stof, aangesien die sintaktiese prinsipes daaruit verklaar moes word, en hulle hulle in hulle uiteensettings beperk het tot die rol van die betekenis van die dele van die eenheid, was daar diegene wat sintaksis sonder meer as sinsleer beskou en dit ook so gedefinieer het. Die juiste beskouing van sintaksis staan regstreeks teenoor sinsleer. Dit vind wel aansluiting by sinsleer omdat dit binne die sinstruktuur is wat die sintaksis hom voltrek, maar sinsleer is nie sintaksis nie, dit hoort maar net daarin tuis.

Daar moet noukeurig onderskei word tussen die woord, wat uit selfstandige klanke bestaan en 'n eenheid vorm, aan die een kant, en 'n betekenislose klankbousel aan die ander kant, net soos wat daar onderskei moet word tussen die sin en ander woordgroepe wat in die taal gebruik word. Betekenislose klankbousels is nie 'n studievoorwerp van die taalwetenskap nie, maar daar is woordgroeperings wat, ofskoon hulle nie sinne is nie, tog betekenis het en in die samehang 'n rol speel, en gevolglik nie buite rekening gelaat kan word nie. Net 'n besondere soort groepering van woorde is 'n sin: „Der Satz ist zwar eine sinnvolle Verbindung von Worten, wie das Wort eine sinnvolle Verbindung von Lauten ist; während wir aber jede Lautverbindung, die Überhaupt zum selbständigen Träger eines Sinnes geworden ist, als Wort bezeichnen, nennen wir doch nicht auch jede sinnvolle, zu einer Einheit verbundene Wortgruppe einer Satz."[5]

5) Ries, John ..... Was ist Syntax? bl.47.

Die/...
24/...

Die verskil tussen klank en woord is dus anders as die verskil tussen woord en sin. 'n Sinvolle klankgroep is 'n woord, maar alle sinvolle woordgroepe is nie sinne nie; die klank afsonderlik het ook geen waarde nie, terwyl die woorde afsonderlik dit wel het.

Die gebruiklike teenoormekaarstelling van klank - woord - sin is foutief en bied 'n onjuiste begripsreeks net soos bv. woonkamer - huis - stad. Die derde lid het 'n kenmerk meer as die tweede lid terwyl laasgenoemde nie 'n kenmerk meer as die eerste lid het nie. Om die verhouding reg te kry, moet die trits lui: klank - woord - woordbousel (= Wortgefüge), en die definisie van 'n sintaktiese struktuur moet dan wees: „.... eine sinnvolle Verbindung von Worten zu einer neuen Einheit."[6] As die sin teenoor die woord gestel word, kan die uitgangspunt altyd net die uitgedrukte inhoud wees, en nie die vorm nie, afgesien daarvan of die sin uit een of meer woorde bestaan. As 'n enkele klank 'n woord vorm, moet dit onder die woordleer behandel word, en as 'n enkele woord 'n sin is, hoort dit in die sinsleer tuis en bygevolg ook in die sintaksis.

Die definisies van die woord en die sin behels nie die woordgroep nie, en die woordgroep word nêrens as sin aanvaar nie. As die woordgroep nie in die sinsleer tuishoort nie, is daar net een ander plek voor en dit is in die sintaksis. Laasgenoemde hou hom immers besig ook met die vorm, bou en betekenis van woord-

6) Ries, John ..... Was ist Syntax? bl.47.

groepe/...
25/ ..

groepe; nie maar net gebruiklikerwys nie, maar omdat die woordgroep 'n onontbeerlike sinskonstituerende element is. Daar kan dus nie twyfel daaroor wees dat die woordgroep aan die sintaksis toegewys moet word nie. As sintaksis egter niks anders as sinsleer was nie, sou die plasing van die woordgroep probleme geskep het.

Die betekenisleer hou hom besig met die mededeelbare kennis van die taalbousels, terwyl die vormleer daarteenoor staan as die deel van die taalleer wat gemoeid is met die uiterlike (vormlike) elemente daarvan, waaraan die betekenis (die innerlike) as 't ware kleef.

Die sintaksis wat egter te doen het met die groepering van woorde, met hulle verbinding tot nuwe eenhede, die woordgroepe, die sinne en ook die pouses, gaan hand aan hand met die enkele woord, net soos wat die woordleer naas die klankleer staan.

Klankleer, woordleer en sintaksis is dele van die grammatika as geheel, wat daardeur ontstaan dat die menslike spraak in sy onderdele uitmekaar gehaal, as verskillende voorwerpe van taalstudie afgebaken en na hulle wese geordeen word.

Vormleer en betekenisleer, daarenteen, is niks anders nie as die uitkomste van verskillende beskouingswyses van dieselfde studievoorwerp, wat uit verskillende gesigspunte, nou na die uiterlike, netnou na die innerlike, die een keer na die vorm en die ander keer na die betekenis, ondersoek word.

Wat/...
26/...

Wat die sintaksis en die betekenisleer betref, kry die navorser te doen met 'n kruisende indeling, wat deur verskille van die studievoorwerp self, die verskillende beskouingswyses vandieselfde voorwerp ten grondslag gelê word.

Skematies kan die onderlinge verhouding van die voornoemde studievoorwerpe soos volg uiteengesit word, waaruit blyk dat groep IV as terrein van die betekenisleer en die sintaksis saamval:

Voorwerp.		Een woord.	Woordbousel.
Beskouing ten opsigte van		Woordleer.	Sintaksis.
Vorm	Vormleer	I Leer van die vorm van woorde. (Woordsoorte volgens formele kenmerke en fleksieleer.)	III Leer van die vorme van sintaktiese strukture.
Betekenis.	Betekenisleer	II Leer van die betekenis van woorde, hulle soorte en vorme.	IV Leer van die betekenis van sintaktiese strukture.

Ries wys in sy Zur Wortgruppenlehre (voetnoot 25 op bl.139 en 140) „die blosse Nebeneinanderstellung der Wörter an sich" as sintaktiese middel uitdruklik af. Daar moet volgens hom iets meer wees, en wel „dass die Worte inhaltlich und formal zusammengehören."[7] Hy voeg egter 'n nuwe sintaktiese middel by, nl. „die semantischen Mittel (die Eigenbedeutung der Glieder)",

7) Ries, John ..... Zur Wortgruppenlehre, bl.7.

en/...
27/...

en orden die reeks (met behoud van nos.3 - 5 van H. Paul) soos volg:

„1. die semantischen (Eigenbedeutung der Glieder),

2. die topischen (Stellung der Glieder),

3. die plastischen und zwar

(a) die lexikalischen (Wortart der Glieder),

(b) die flexivischen (Wortform der Glieder),

4. die Modulation der Tonhöhe (vgl. Karl kommt! als Behauptungssatz und Karl kommt? als Fragesatz),

5. das Tempo, welches mit der Energie und der Tonhöhe in engern Zusammenhange zu stehen pflegt,

6. die flexivische Abwandlung der Wörter, und zwar (a) indem durch die Flexionsformen an sich die Art der Verbindung genauer bestimmt wird, (b) indem durch die formelle Uebereinstimmung (Kongruenz) die Zusammenhörigkeit angedeutet wird."

Hierbenewens is daar 'n aantal hulpmiddele wat ter ondersteuning van die bogenoemde optree en wat Ries saamvat onder die naam „stilistischen Mitteln".

Hieronder/..
28/...

Hieronder noem hy:

1. Parallelle- of „chiastischer" bou.
2. Algehele of gedeeltelike gelykheid (simmetrie) van die lede.
3. Besparing en opeenhoping van gelyke bestanddele.
4. Begin- en eindrym.

In wese dien dit tot verfraaiing en verlewendiging van die styl, maar dit kan tegelykertyd die sintaktiese samehang bevorder en die leser of hoorder help om die struktuur van die meerwoordgeheel makliker te begryp. Dit is inderdaad dikwels heel moeilik om die estetiese en die praktiese funksie van 'n bepaalde taalgedragslyn te skei, en skoonheid en helderheid van uitdrukking gaan merendeels hand aan hand.

Otto Jespersen kom aan die end van The Philosophy of Grammar (bl.344 vlg.) tot die slotsom dat taalstudie, sonder om die feite en prinsipes buite rekening te laat wat die grammatikas van al die tale ten grondslag lê, terselfdertyd gebaseer moet wees op 'n gesonde sielkunde, 'n matige logika asook op die feite van die historiese taalkunde: die sielkunde moet help om te verklaar wat daar in die binneste van die taalgebruiker aangaan, en veral hoe dit lei tot afwykings van erkende taalgebruike; die logika moet nie eng wees soos voorheen nie, en moet bv. erken dat die indirekte voorwerp van die aktief die onderwerp van die passief kan wees en dat elke sin nie noodwendig 'n „subjek", „kopula" en „predikaat" hoef te hê nie; terwyl die historiese taalkunde hom nie blind moet staar

op/...
29/...

op veranderinge van die ver verlede nie, maar hom ook moet interesseer in die jonger verskynsels wat nog op verklaring wag.

Die werkwyse moet wees om te begin by vorm en om deur die funksie te werk na die begrip (notion or inner meaning). Goeie resultate kan verkry word en daar kan inderdaad 'n nuwe soort vergelykende sintaksis ontwikkel word deur die stelsel hierbo te volg, maar deur te begin by begrip en deur funksie te werk na vorm.

Die eerste hoofonderdeel van grammatika is die morfologie, waar daar van buite (vorm) na binne (betekenis) gewerk word. Hier word bymekaar behandel wat na die uiterlike bymekaar hoort, soos bv. woorde wat op -s uitgaan en woorde wat op -ed eindig. Dit is egter belangrik dat betekenis steeds in gedagte gehou word:

> "It should be the grammarian's task always to keep the two things in mind, for sound and signification, form and function, are inseparable in the life of language, and it has been the detriment of linguistic science that it has ignored one side while speaking of the other, or lost sight of the constant interplay of sound and sense."8)

Die tweede hoofonderdeel van grammatika handel met dieselfde verskynsel as die eerste, maar uit 'n ander oogpunt nl. van binne (die betekenis) na buite (die vorm). Dit heet sintaksis. Die onderafdelings hiervan (die eintlike sintaktiese kategorieë) is die grammatiese kategorieë soos getal,

8) Jespersen, Otto .... The Philosophy of Grammar, bl.40.

naamval/...
30/...

naamval, tyd en so meer. Daar moet egter nie logisisties te werk gegaan word nie, en 'n stelling soos dié van Stuart Mills in die tweede helfte van die 19de eeu dat „The structure of every sentence is a lesson in Logic"[9] wek groot verbasing.

Die ooreenstemming tussen die uiterlike (vorm) en grammatiese kategorieë is nooit volkome nie. Uit 'n vergelyking van die twee sinne: Man is mortal en Men were deceivers ever blyk bv. dat die een enkelvoud en die ander meervoud is, asook dat die een in die teenwoordige en die ander in die verlede tyd geskryf is. Tog deel beide sinne iets mee van 'n klas, met dié verskil dat dit in die eerste sin gaan oor die mensdom as geheel, sonder inagneming van geslag, en in die tweede net oor die manlike geslag. Hierdie geslagsonderskeiding word uitgedruk deur wat grammaties 'n verskil in getal is. Die tye verskil, maar tog word geen verskil in tyd geïmpliseer nie. In albei gevalle geld die stelling inderdaad vir alle tye.

Hieruit blyk dat daar bo en behalwe die sintaktiese kategorieë waarvan elke taal se struktuur afhang, ekstralinguale kategorieë is wat onafhanklik is van die min of meer toevallige feite van die taal. Dit is die begripskategorieë (notional categories). So is daar in Duits bv. 'n sintaktiese (grammatiese) geslagskategorie en 'n ooreenstemmende begripskategorie seks (= die natuurlike geslag). Laasgenoemde bestaan in die wêreld daarbuite, maar kom nie altyd tot uit-

9) Mills, Stuart ..... Rectorial Address at St. Andrews, 1867.

drukking/...
31/...

drukking in die taal nie. In Duits is Person (persoon), Waise (wees) en Memme (lafaard) vroulik, terwyl dit volgens die natuurlike geslag òf vroulik òf manlik òf albei kan wees.

Die verhouding van een funksionele (sintaktiese) kategorie tot vorm aan die een kant en begrip aan die ander kant is soos volg uiteengesit op bl.56:

„Form.	Function.	Notions.
-ed (handed)	Preterit	past time.
-t (fixed)		unreality in present time (if we knew; I wish we knew)
-d (showed)		
-t with inner change (left)		future time (it is time you went to bed)
kernel unchanged (put)		shifted present time (how did you know I was a Dane?)
inner change (drank)		
different kernel (was)		all times (men were deceivers ever) „

Die beginsel wat voorgestaan word, is dat daar in die sintaksis van enige taal net dié kategorieë erken moet word wat formeel in daardie taal tot uitdrukking kom, maar daar moet onthou word dat vorm in 'n wye betekenis gebruik word en al die „vormwoorde" asook die „woordplek" insluit. As vorm dan die deurslaggewende maatstaf is, moet daar gewaak word teen die foutiewe opvatting wat skynbaar natuurlik uit dieselfde prinsipe voortvloei. In Engels word gebruik: one sheep en many sheep. Daar is niks in die vorm van sheep wat aandui dat dit in die een geval enkelvoud en in die

ander/...
32/...

ander geval meervoud is nie, maar die insig wat dit bring, is dat dit verkeerd is om elke afsonderlike linguïstiese eenheid op sy eie meriete te behandel en dat daar liefs op die taal as 'n geheel gelet moet word. Sheep en many sheep is meervoud omdat Engels in many lambs en talle soortgelyke formasies 'n meervoudsvorm by substantiewe herken.

Hier is sprake van woordplek asook van woordgroepe (nie elke woord afsonderlik nie) terwyl daar op bladsy 48 beswaar gemaak word teen J.N. Madvig se standpunt dat grammatiese kategorieë niks te doen het met die werklike verhoudinge tussen die dele nie, en elders uitdruklik na woordorde verwys word:

> «A purely formal element is in so far included, as the symbols follow the order in which the various items occur in the analyzed sentences, and wordorder of course is a formal character (ek kursiveer). ..... Without them (subject and predicate) our analysis would have been incomplete and really futile, and their inclusion serves to bring home to us the incontestable truth that in grammar as elsewhere form and matter, outer and inner, cannot be rigidly separated: however much we may try to speak of pure syntax as apart from morphology ..... considerations of form will necessarily force themselves on us here and there.»10)

Op bladsy 52 van The philosophy of Grammar is daar ook sprake van klem en intonasie. Nóg plek, nóg woordorde, nóg intonasie word egter behandel as struktuurmomente. Daar is wel sprake van botsings wanneer dit by woordorde kom, maar dit hoort volgens die skrywer eerder tuis onder styl as onder grammatika.

10) Jespersen, Otto ..... Analytic Syntax, bl.104 vlg.

Sintaktiese kategorieë wys in twee rigtings soos uit die uiteensetting hieronder blyk: na vorm en na begrip. Hulle staan in die middel en vorm die skakel tussen die wêreld van klanke en die wêreld van idees. In praat en skryf begin ons aan die linkerkant (by begrip) en werk deur die sintaksis (funksie) na die vorm, en in hoor en lees is die beweging in die teenoorgestelde rigting.

Spreker : begrip - funksie - vorm

Hoorder : vorm - funksie - begrip.

Soos uit die onmiddellik voorafgaande blyk, is funksie vir Jespersen sinoniem met sintaksis, wat, soos vroeër gemeld is, die grammatiese kategorieë is, soos getal, naamval, tyd en so meer.

Jespersen gaan verder ongelukkig uit van die standpunt dat woorde abstraksies is: „Isolated words, as we find them in dictionaries and philological treatises, are abstractions, which in that form have little to do with real living speech",[11] wat aansluit by Trubetzkoy se omskrywing van 'n foneem: „Man darf sagen, dass das Phoneem die Gesamtheit der phonologisch relevanten Eigenschaften eines Lautgebildes ist"[12] en daarop neerkom dat 'n foneem iets immaterieels, 'n kenmerk van 'n klank i.p.v. 'n klank is. In sy omskrywing van die sin bring Jespersen dit dan ook nie verder nie, as: „A sentence is a (relatively)

11) Jespersen, Otto ..... Philosophy of Grammar, bl.95.

12) Trubetzkoy, ... Grundzüge der Phonologie, T.G.L.P.7, bl.35.

complete/...
34/...

complete and independent human utterance — the completeness and independence being shown by its standing alone or its capability of standing alone, i.e. of being uttered by itself."[13] Van 'n taalbeskouing wat op abstraksies berus, kan daar inderdaad nie veel meer as begrippe verwag word nie, want 'n definisie van 'n sin wat nie rekening hou met die taalmateriaal waaruit dit opgebou word nie (woorde) en die doel waarvoor dit gebruik word nie (kommunikasie), kan beswaarlik as aanneemlik beskou word.

Bernard Bloch en George L. Trager se Outline of Linguistic Analysis is, soos in die voorwoord gemeld word „aimed at presenting in brief summary the techniques of analysis which are necessary for learning a foreign language by the method of working with native speakers and arriving inductively at the grammatical system of their language." Gedagtig aan die doel van die boek, verwag die leser dan ook nie om 'n breedvoerige uiteensetting van sintaksis te kry nie. Dit is nietemin redelik volledig.

Hulle stelling dat die grammatiese sisteem induktief gevind moet word, is veral opvallend omdat daar nog heelwat gebruik van die deduktiewe metode gemaak word, en derhalwe ook van klaargemaakte feite wat vir alle gebeurlikhede beskikbaar is.

Bloch en Trager stel hulle egter op die standpunt van die histories-vergelykende taalkunde: „To explain the facts which he has described, the linguist

13) Jespersen, Otto ..... Philosophy of Grammar, bl.307.

traces/...
35/...

traces the forms of a language back through the past, and compares them with corresponding forms in related languages. In terms of linguistic science, the only answer to the question why? is a historical statement. Why do we call an animal of the species Equus caballus a horse? — because that is what our parents called it, and their English-speaking ancestors before them for over a thousand years."[14]

Die basiese uitgangspunt van die skrywers is egter gesond. Hulle verklaar: "A linguist ..... is a scientist whose subject-matter is language, and his task is to analyze and classify the facts of speech as he hears them uttered by native speakers (dus in die taalsituasie) or as he finds them recorded in writing."[15] Hulle was dus bewus van die tekortkoming waarop Louis Hjelmslev dit in 1953 nodig geag het om te wys (vgl. bl. 4 vlg.).

Volgens die skrywers is taal "a system of arbitrary vocal symbols."[16] Labuscagne (voetnoot 12, bl.7, van Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek) veroordeel hierdie stelling op grond daarvan dat 'n beskrywing van die sistematiese in die taal nie die sisteem is nie, maar wel die faktore wat die vorm en gebruik van die taalmateriaal en die redes vir hulle bestaan beheers. Die sisteem vertoon na-

14) Bloch, B. & Trager, G.L. ... Outline of linguistic analysis, bl.8.

15) Bloch, B. & Trager, G.L. .... Outline of linguistic analysis, bl.8.

16) Bloch, B. & Trager, G.L. .... Outline of linguistic analysis, bl.5.

tuurlik/...
36/...

tuurlik 'n deurlopende eenheid, maar dit gaan dan om die struktuur wat die taalmateriaal het en nie is nie.

Sintaksis is, volgens die skrywers, die ontleding van konstruksies wat net uit vrye vorme, d.w.s. woorde, bestaan, en hierdie konstruksies behels sinne, bysinne (clauses) en frases (phrases). Onder sinne (met een of meer woorde) verstaan hulle volledige uitings wat eindig op een van die vier eindintonasies wat kenmerkend is van (a) bewerings, (b) ja- of nee-vrae, (c) spesifieke vrae (met uitsluiting van die ja- of nee-vrae) en (d) die roep; en onder bysinne sintaktiese konstruksies met nie-eindintonasie asook woordgroepe met oop of geslote junktuur: the man [ðə mən] en no indeed (nǒw-indíjd), waar the man oop en no indeed geslote is, terwyl 'n frase enige sintaktiese konstruksie is wat uit twee of meer woorde bestaan, vermoedelik met uitsluiting van dié wat onder sin en bysin val.

Met hierdie afbakening van die sintaktiese konstruksies as eerste stap, kan daar dan voortgegaan word om vas te stel hoe hulle uit woordklasse (rededele) opgebou is ten einde die sintaktiese funksie van die konstituerende woorde en uiteindelik van elke woordklas te bepaal.

Uit 'n ontleding van die sogenaamde onderwerp-gesegde-konstruksie blyk dit dat hulle uit woorde kan bestaan: Jan struikel of uit woordgroepe: Ons perde het weggehardloop of uit woorde en woordgroepe: Die kind eet, en die doel van die ontleding is om die ordeningskenmerke van die samestellende woorde en/of woordgroepe asook die ordeningsprinsipe te bepaal.

In/...
37/...

In die eerste plek is daar die keuse van woorde vir 'n bepaalde konstruksie, want nooit struikel en Jan Jause is nie 'n onderwerp-gesegdekonstruksie nie. Die samestellende dele is nie omruilbaar nie: Jan ons perde en struikel het weggehardloop is nie taalmatig nie. As dit tog, deur die aanwending van ander middele (soos bv. intonasie) moontlik is om wetmatige woordgroepe van die voorafgaande te maak, soos bv. Jan, ons perde! kry ons iets geheel anders want Jan, ons perde! vertoon radikale afwykings van die onderwerp-gesegdekonstruksie. Dit kom dus daarop neer dat die Engelse onderwerp-gesegdekonstruksie, soos die meeste ander konstruksies in Engels, twee plekke het wat deur verskeie woordklasse gevul kan word. Al die taalmateriaal wat 'n bepaalde plek in 'n bepaalde konstruksie kan vul, val dus in dieselfde vormklas. Met 'n kennis van die betekenis van die verskeie vormklasse, kan daar name gegee word aan die klasse wat elke plek kan vul; in die onderhawige konstruksie het ons die klasse nominatiewe substantiewe: Jan en ons perde, en die persoonsvorm van die werkwoord: struikel en het weggehardloop (verwysende na Engels, natuurlik).

Om 'n bepaalde plek te vul, is 'n funksie van 'n vorm. 'n Nominatiewe substantief is enige Engelse woordmateriaal wat saam met die persoonsvorm van die werkwoord 'n onderwerp-gesegdekonstruksie kan vorm. Omgekeerd is 'n persoonsvorm van die werkwoord enige woordmateriaal wat saam met 'n nominatiewe substantief kan optree en dieselfde resultaat lewer. Die persoonsvorm van die werkwoord het geen ander funksie nie; die

nominatiewe/...
38/...

nominatiewe substantiewe het wel. Hulle kan bv. gebruik word as predikatiewe attribuut: Dit is Jan s'n, en bloot om te noem: Jan Janse, Apteker. Al hierdie funksies saam vorm die funksie van die nominatiewe substantief.

'n Tweede kenmerk van die onderwerp-gesegde-konstruksie is woordorde. In die voorbeelde kom die agens voor, die rectum agter, en in die Engelse omgangstaal is die orde in konstruksies van hierdie soort nooit anders nie. Dit is dus die normale orde vir hierdie konstruksie. Daar is natuurlik ander konstruksies met 'n ander woordorde, maar die orde is ook vas. In ja- of nee-vrae word die persoonsvorm van die werkwoord bv. voorop gestel: het ons perde weggehardloop? Slegs 'n beperkte aantal persoonsvorme van die werkwoord kom hier in die gedrang, nl.: „is, has, does, can, dare, may, must, need, ought, shall, will." In hierdie vormklas is daar, soos uit die voorbeelde blyk, 'n subklas, die hulpwerkwoorde, wat, in die geval van die ja- of nee-vrae die agens voorafgaan. So is daar ook 'n bepaalde woordorde vir verskeie ander soorte sinne.

Nog 'n kenmerk van Engelse konstruksies is modifikasie, waarmee bedoel word dat die fonematiese vorm van 'n woord in 'n konstruksie verskil van die vorm van die woord in isolasie: John's run away waar has/haz vervang is deur 's/'z/.

Die modifikasie gaan blykbaar altyd gepaard met modulasie, wat as 'n vierde kenmerk van Engelse konstruksie beskou kan word. Met modulasie word bedoel

dat/...
39/...

dat die onafhanklike sterk klem van *has* : *John hás run away* vervang word deur swak klem op s/z/ : *John's run away*. As *has* nie 'n hulpwerkwoord is nie : *John has a basket*, kan dit natuurlik nie gebeur nie.

Net soos wat morfologiese klasse en kategorieë nie volledig beskryf kan word nie, tensy dit op die grondslag van hulle vorm gedoen word, kan konstruksies, plek en vormklasse in die sintaksis nie omskryf word deur hulle betekenis as uitgangspunt te neem nie, of deur dit met 'n ander taal (soos bv. Latyn) te vergelyk nie, maar net deur met herkenbare kenmerke te werk, d.w.s. hulle vorm en funksie.

'n Kennis van betekenis is nietemin nodig, want dit is net met behulp daarvan dat daar by frases met identiese junktuur- en intonasiekenmerke onderskei kan word tussen verskillende sintaktiese tipes en konstruksies. So is dit bv. nodig om te kan onderskei tussen *Jan hardloop* en *Jan Janse* of ook tussen *vars melk* en *drink melk*. Dit is egter nie nodig om betekenis noukeurig te omskryf nie. Die betekenis van die verskeie konstruksies, plekke in die konstruksie en vormklasse is nie iets afsonderliks wat onder 'n vergrootglas geplaas en beskryf kan word nie. Dit is bloot die kenmerke wat eie is aan die taalmateriaal wat voorkom in die konstruksie, plek of vormklas. Hierdie kenmerke is noodwendig vaag en het subtiele verskille van taal tot taal.

Dit is dus volgens die voorafgaande nodig om 'n kennis van betekenis te hê bloot om te kan onderskei,

en/...
40/...

en betekenis het nie die potensiaal om as struktuurmoment te funksioneer nie.

Bloch en Trager erken dat daar vir 'n volledige beskrywing van taal nie sonder intonasie klaargekom kan word nie: „a complete analysis of the language could not afford to neglect it (intonation)", maar „since English intonation has never been adequately described, we shall make but little reference to this important feature in our discussion" (ek kursiveer).[17]

Elders (op bl. 52) verklaar hulle dat die aksentskenmerke van die sin in Amerikaanse Engels nog byna heeltemal onbekend is, maar dat die hoofintonasietipes die volgende insluit: (i) Bewering /·/; (ii) ja- of nee-vrae /?/; (iii) spesifieke vrae (vrae met 'n spesiale vraagwoord) /¿/; en (iv) die uitroep /!/ soos in: (i) Jan gaan weg /·/; (ii) Jan gaan weg /?/ of Gaan Jan weg /?/; (iii) Waar is Jan /¿/; en (iv) Jan gaan weg /!/.

Dit blyk tog uit die voorbeeld op bl. 72 (John our horses x John, our horses!) dat die skrywers bewus is van die waarde van intonasie as 'n struktuurmoment en dat dit inderdaad 'n dwingender struktuurmoment is as bv. woordorde, aangesien John our horses niksseggend is nie (nie volgens die Engelse patroon gestruktureer is nie), terwyl John, our horses! taalmatig is.

17) Bloch, B. en Trager, G.L. ... Outline of linguistic analysis, bl.71.

Reichling/..
41/...

Reichling[18] bevind dat taalgebruik 'n „plaatsvervangende, coöperatieve, instrumentele, symbolische handeling" is. Dit is „plaasvervangend" as dit 'n ander handeling vervang (woorde word gestel in die plek van die handeling wat anders nodig sou gewees het); „koöperatief" as iemand andere met behulp van spraakgeluide in die handeling betrek kan word; „instrumenteel" as die spreker sy doel bereik deur gebruik te maak van spraakgeluide wat dan dien as middel of instrument om die doel mee te bereik; en „simbolies" as die spraakgeluide gebruik word as tekens om heen te wys na (to refer to)[19] iets buite die taal. Deur hierdie bepaalde handeling word kommunikasie tot stand gebring.

Elkeen wat taal gebruik, staan voor die feit dat spraak voltrek word in duidelik onderskeibare eenhede: die sinne. Die spreker begin 'n bepaalde uiting, sit dit 'n oomblik voort en sluit dit dan af. Sonder om iets van taal te weet, onderskei die hoorder hierdie drie stadiums van die sin, die taalgebruikseenheid. Die vraag ontstaan natuurlik waardeur so 'n „sins"-eenheid hom van die ander taalmateriaal onderskei, en die antwoord daarop is dat die onderskeidende kenmerke 'n bepaalde sinsmelodie of sinsklank is wat op sy beurt noodsaaklikerwys woordmateriaal onderskei.

18) Reichling, Anton .... De Taal: Haar wetten en haar wezen, E.N.S.I.E. II, bl.37 vlg.

19) Ogden, C.K. en Richards, I.A. .... The meaning of meaning, hoofstuk 1.

Met/...
42/...

Met die sinsklank word bedoel 'n afgeronde geheel van hoogte-, sterkte- en duurverskille in die spraakgeluid wat onderbreek word deur pouses wat in die geheel pas. Sinsklank sonder woorde of woordkomplekse sou hoegenaamd nie aan die eise van die sin voldoen nie en sou vergelyk kon word met wat soms in gestigte vir sielsiekes gehoor word. Die sinsklank oorkoepel altyd, afgesien van die taal wat ter sprake is, die woord (soos gebruik in die eenwoordsin, en nie in isolasie nie) of die woordkompleks. Dit (woordkomplekse of sinne) vertoon verskillende vorme, wat deur A.W. de Groot [20] onderskei is in drie grondvorme: die roep, die bewering en die vraag.

Daar is vir 'n lang tyd aanvaar dat die woord en die sin bloot „kwantitatief" verskil. Dit is egter onjuis want die twee is korrelatiewe verskynsels. Die sin is niks anders nie as die gebruikte woord of woordkompleks, wat deur die sinsklank gekenmerk word, ofskoon dit waar is dat daar nie van „taal" sprake kan wees nie, tensy die gebruikseenheid uit meer as één woord bestaan.

'n Sin beteken altyd iets. So ook die woord. Maar die sin is nie bloot die som van die betekenis van die woorde wat daarin gebruik word nie. Die betekenis van die woord is konstant, terwyl reekse woordbetekenisse op allerlei verskillende wyse tot nuwe „betekenis"-eenhede in die sin gesintetiseer kan word. Dit beteken dan dat daar iets met die betekenis(se) van die woord(e) gebeur wanneer dit in die struktuur van 'n sin gegiet word. „De ‚zinsinhoud' moet telkens uit de verschillende woorden worden ‚gesynthetiseerd', opgebouwd, de

20) De Groot, A.W. ..... Structurele Syntaxis, 51,38 vlg.

woord-betekenis/...
43/...

woord-betekenis word in de verschillende zinnen (laren-tegen telkens weer ‚geanalyseerd', gedifferentieerd, gebruikt volgens éne van haar vele mogelijkheden".[21] Dit is die sogenaamde polisemie van die woord, die (wan-)opvatting dat die woord baie verskillende ‚betekenisse' kan hê.

Elkeen van die fundamentele kategorieë van ‚taal', nl. die spraakklank, die woord, die woordgroep en die sin, het 'n struktuur, en dit is die struktuur wat die funksie van die verskynsels moontlik maak. Die woord pak bv., is geordeen op grond van sy aard as geheel en op grond van die aard van sy dele, wat op hulle beurt ook weer geordeen is.

Hoër op is gemeld dat die sinsinhoud telkens uit die verskillende woorde ‚geïntetiseer' word. Dit word moontlik gemaak deur die prinsipe van byeen-plasing van woorde en volgorde van woorde, wat weer berus op die prinsipe dat woorde saam met mekaar kan „beteken", d.w.s. kombinatories kan simboliseer of, anders gestel, dat elke woord saam met 'n ander woord of woorde in 'n woordgroep of sin gebruik kan word. Daardeur kry die sin 'n gelding wat op die fonematiese vorm van die woorde berus en wat dit moontlik maak om die woorde in groepe saam te vat sodat die een die ander se betekenis bepaal. Kombinatoriese simbolisasie is wel die grondslag waarop die wedersydse betekenisbepaling van woorde berus, maar dit lewer nog nie die onderlinge

21) Reichling, Anton ..... De Taal: Haar wetten en haar wezen, E.N.S.I.E. II, bl.41.

bepaalbaarheid/...
44/...

bepaalbaarheid van woorde op nie. Die taalgebruik(er) en -navorser moet weet hóé die woorde in elke geval saamgevat moet word. Dit word gedoen volgens die prinsipe van ‚groepering'. Veronderstel ons het die woorde „tak", „die", „op", „voël", „swart" en „die". Hoort „swart" nou by „tak" of by „voël"? Dit lyk of die antwoord voor die hand lê. Plaas „swart" by „voël", en die saak is opgelos: „(die) swart voël op (die) tak". So eenvoudig is dit egter nie, want daar is iets oor die hoof gesien. Waarby hoort volgens hierdie prinsipe „swart" as ons sê: „op tak swart voël" of „voël swart tak op"? „Byeenplaatsing" lewer dus maar net toevallig 'n oplossing, en die prinsipe wat die interpretasie ten grondslag lê, is nie in die eerste plek ‚byeenplaatsing' nie, maar die prinsipe van 'n bepaalde volgorde. Die prinsipe kan op verskillende maniere toegepas word. Dit kan byvoorbeeld lui: „Het voorafgaande woord moet telkens gecombineerd worden met het eerstvolgende woord waaraan in de gegeven taal zijn betekenis ondergeschikt kan zijn. (Dan sou ook ‚swart voël tak op' volkome duidelik gewees het.) Hieruit volgt dat ‚syntactische systematisering tot het wezen der taal behoort en dat het groeperingsprincipe in zijn meest elementaire vorm luidt: De woorden moeten worden samengevat op grond van een nader te bepalen principe van volgorde, waaruit bepaalde byeenplaatsing volgen."[22]

22) Reichling, Anton ..... De Tasl: Haar wetten en haar wezen, E.N.S.I.B. II, bl.43.

Hieruit/...

Hieruit volg dat die ordening van 'n taalverskynsel, vir sover dit voortvloei uit die aard van die geheel en van die dele en hulle onderlinge verhouding die struktuur van daardie verskynsel is.[23)]

Daar is nog 'n tweede, heel algemene middel om groepering tot stand te bring, nl. 'n besondere sinsklankgeleding. Daarmee kan elke groep volkome duidelik opgebou en onderskei word. Ons dink aan die twee sinnetjies: „Piet, sê Jan, is slim" x „Piet sê, Jan is slim". Hier is 'n bepaalde geleding in die sinsklank wat die sintaktiese groepering kenbaar maak. Hierdie middel word in alle tale toegepas.

'n Derde middel wat in bepaalde tale aangewend word om aan te dui dat bepaalde woorde bymekaar hoort, is die gebruik van bepaalde groeperende vormkenmerke van woorde. In Swahili word die voorvoegsel "ki-" byvoorbeeld herhaal by elkeen van die woorde wat tot 'n bepaalde groep behoort, soos in „Kile (die) Kisu (mes) Kikukum (ou) Kimevikhala (het gesny).

Daar is nie een enkele middel waardeur met groepkenmerke aangedui kan word dat 'n uiting (sin) voltooi is nie. Sjinees het byvoorbeeld klein woordjies wat veronderstel is om hierdie funksie te verrig, maar dit help nie altyd nie, want as die spreker wil, kan hy sinsklank so moduleer dat hierdie bepaalde „sinseindwoordjies" hulle krag verloor. Dit volg dus dat selfs in Sjinees die enigste afdoende middel om die sinseenheid te kenmerk, die sinsklankeenheid is.

23) Bewoording van Reichling.

Die/...
46/...

Die laaste prinsipe van die taalsistematiek is die musikale kenmerk van die sinseenheid. As musikale spraakgeluidsvorm staan die sinsklank in teenstelling met al die „phatische" middele, en in afgeronde vorm, kontrasteer elke voorafgaande „uiting" met een wat daarop volg.

Betekenis[24] word nie uitdruklik of by implikasie as struktuurmoment genoem nie, maar die taal se primêre funksie is om kommunikasie tot stand te bring, en net so min as wat betekenis sonder struktuur denkbaar is, is struktuur sonder betekenis denkbaar. As taal dan op kommunikasie gemik en deur en deur gestruktureer is, volg dit dat die struktuur in diens staan van kommunikasie, met betekenis as vooronderstelde vereiste. Betekenis is dus die middel tot 'n doel, nl. om kennis mee te deel, ofskoon dit nie beteken dat dit in bepaalde omstandighede nie 'n struktuurmoment kan wees nie.

24) Wat Gustav Stern schrijft, is volmaakt juist: „The mutual limitations exercised by the word meanings in a phrase may be sufficient to make the total meaning perfectly definite, and to reduce the number of possible phrase referents to one", maar het berust niettemin op de vooronderstelling, dat de taalgebruiker is ingesteld op 'n bepaalde situasie, waarin deze zin past, waarin zij is „zugeschnitten". Geen enkele zin ... is zonder deze voor-onderstelde situasie b-e-p-a-a-l-d. Gardiner toonde dat in zijn paragraaf 36 afdoende aan: „Selective attention," zegt hij, moet de hoorder instellen op de bepaalde „situatie", waarin de uiting bepaaldheid heeft. Gardiner heeft ongetwijfeld gelyk; maar er volgt uit dit feit volstrekt niet, dat de ... zijn begrijpelikheid en het woord zijn betekenis (ek kursiveer) — hetgeen dezelfde is als te zeggen: beide hun struktuur — tenslotte aan iets dat niet taal is zouden o-n-t-l-e-n-e-n, m.a.w. dat zij tegenover die situaties geen autonomie zouden vertoon. Reichling, Anton ..... Het Woord, bl.393 vlg.

De Groot/...
47/...

De Groot verklaar in sy Structurele Syntaxis dat ‚syntaxis' die leer van die sin is en strukturele sintaksis die sintaksis wat hom óók met die struktuur van die sin besig hou, in teenstelling met die woordleer, maar omdat 'n sin nie sonder woorde gebou kan word nie, moet daar ook stilgestaan word by die woordmateriaal of woordinhoud.[25]

Die leer van die woord val streng gesproke buite die leer van die sin, maar die twee kan nie geheel en al geskei word nie omdat die sinsleer in die eerste plek afgebaken moet word van die woordleer en omdat daar dikwels feite uit die woordleer nodig is om die sinsleer (of sintaksis) volledig te kan beskryf. Omdat die sinchroniese taalkunde in hoofsaak werk met die woord (die woordgroep) en die sin, is dit haas onnodig om volledig te motiveer waarom die sintaksis, sonder verwysing na die woord, onvolledig sou wees. 'n Beskrywing van die woord as sodanig is natuurlik nie nodig nie — die sintaksis moet dit op gesag van die morfologie aanvaar —, maar wel die gebruik van die woord. Behalwe dat die sintaksis dan sy eie terrein van dié van die morfologie moet afbaken, moet dit ook rekening hou met die struktuur van die woord en met sy betekenis as struktuurmoment. As 'n bepaalde „morfologiese vorm" één woord is, hoort dit tuis in die woordleer; as dit twee woorde is, hoort dit tuis in die woordgroepleer. Eweneens kan daar gesê word dat 'n „woord" wat maar net 'n „woord" is, in die

25) De Groot, A.W. .... Structurele Syntaxis, bl.7.

woordleer/...
48/...

woordleer tuis hoort, terwyl een wat 'n „sin" is, in die sinsleer val. Daar is bv. reeds beweer dat daar tale is wat nie woorde het nie, of waarin die grens tussen woord en woordgroep nie duidelik is nie of waar daar nie 'n grens aangedui kan word nie. As dit so is, sou daar ook nie 'n grens tussen woordleer en sinsleer wees nie.

Vir De Groot is 'n woord „een taalteken met zelfstandige betekenis, en met de (in de gegeven taal bestaande) vorm voor zelfstandigheid van betekenis"[26], 'n simboliserende eenheid dus van betekenis en vorm. 'n Woordgroep beskryf hy as: „een combinatie van woorden die tot <u>functie</u> heeft een zakencomplex te noemen; waarvan het <u>phonologisch kenmerk</u> is: byeenplaatsing van deze woorden in een klankeenheid; waarvan de <u>structuur</u> nevenschikkend of onderschikkend is; en die <u>gebruikt</u> kan worden als gehele woordinhoud van een zin of als lid van een nevenschikkende of onderschikkende combinatie van woorden."[27]

Een van die opvallendste kenmerke van die woord is dat dit altyd uit één of meer bepaalde foneme bestaan wat in vaste volgorde in onmiddellike opeenvolging uitgespreek word, wat in breë trekke ooreenstem met Reichling se woordkenmerkende foneme (bepaalde foneme) en byeenplaatsing, en volgorde (vaste volgorde in onmiddellike opeenvolging).

26) De Groot, A.W. .... <u>Structurele Syntaxis</u>, bl.26.

27) De Groot, A.W. .... <u>Structurele Syntaxis</u>, bl.74.

Een/...
49/...

Elke woordgroep het 'n uiterlike vormstruktuur, die struktuur van die woordvolgorde of, as mens verkies, 'n chronologiese prinsipe, soos in: 1. De, 2. kleine, 3. kleuters, 4. konden, 5. naar, 6. huis, 7. gaan. Die prinsipe van hierdie uiterlike struktuur lui: die woorde .... word na mekaar uitgespreek.

Behalwe hierdie vormstruktuur, is daar die struktuur van die betekenis van die groep as sodanig, dié van die sintaksis. Die woord kleine in die sin hierbo „bepaal" kleuters, en is dus „afhanklik van" kleuters. Dit is struktureel tot kleuters toegevoeg, en op dieselfde wyse is de bv. toegevoeg tot kleine kleuters. As die sin uitgebrei sou word deur die agtergaanvoeging van: 8. en, 9. lachen, 10. speelden en 11. stoeiden, sou lachen, speelden en stoeiden samegevoeg wees, en nie toegevoeg nie, omdat woorde 9 tot 10 nie afhanklik is van enigeen van die voorafgaande woorde, nl. 1 tot 7, nie.

Wat die struktuur van die betekenis betref, gaan dit dus om wat nie waargeneem kan word nie, maar wel ervaar of beleef kan word.

Daar is 'n nou verband tussen woordvolgorde enersyds en sintaktiese struktuur andersyds. Dit kan so gedefinieer word: „In alle tale is die woordvolgorde een van die middele om die sintaktiese struktuur aan te gee."

'n Sin het altyd twee onontbeerlike elemente of „lae"; nie die onderwerp en die gesegde nie, maar

die/...

die woordinhoud en intonasie. Eersgenoemde het altyd objektiewe, maar soms ook subjektiewe, betekenis. Laasgenoemde is altyd subjektief. Deur middel van 'n woord of woordgroep verwys die spreker na iets in die veronderstelde werklikheid, terwyl hy deur middel van die intonasie stelling inneem ten opsigte daarvan. Waar hierdie twee lae bots of meeding, domineer intonasie oor woordinhoud. 'n Indeling van sinne, soos dit uit die taal self gehaal word, is 'n indeling volgens sinsintonasietipes. Die gebruiklike indeling, daarenteen, is in werklikheid 'n indeling van sintaktiese eenhede wat die woordinhoud van 'n sin is.

Die sinsintonasie is éénledig of tweeledig. In die eerste geval is die sin tonies positief, en in die tweede deels tonies positief en deels tonies negatief. Die negatiewe deel van die sin is anafories en het 'n neutrale toon. In die skrifbeeld kan die positiewe deel van die sin daaraan herken word dat dit 'n aksentteken dra: (Ek het) Ján (gister gesien). Die res (hier tussen hakies aangedui) is dan tonies negatief.

As die intonasie van die tonies positiewe deel van 'n sin 'n bewering of 'n vraag uitdruk, is dit tweeledig; so nie, is dit eenledig, soos in die roep. Die tweeledige tipe het ook weer twee moontlikhede, nl. (i) die bewering sonder 'n vraag, en (ii) die vraag (d.w.s. die bewering met 'n vraag).

Dordens is daar die struktuurprinsipes van die woordinhoud van die sin. Ook dit is éénledig of tweeledig:/...

51/...

ledig: die sin het één woord of 'n groep woorde. Wat laasgenoemde betref, is daar ook weer twee moontlikhede, nl. neweskikkende en onderskikkende woordgroepe. Die aantal lede van 'n neweskikkende groep is in prinsipe onbeperk, terwyl dié van die onderskikkende groep tot twee beperk is, nl. kern en bepaling.

In die taalbeskouing kan die verskillende tipes sinsintonasie gebruik word as terme van 'n sisteem van tweetermige privatiewe teenstellings, nl. „een met iets" en „een sonder daardie iets". Dit is bv. duidelik in die teenstelling bewering/vraag, as aangeneem word dat 'n vraag altyd 'n bewering impliseer. As dit so is, is die teenstelling in wese: bewering sonder vraag/ bewering met vraag.

Ook die verskillende tipes sintaktiese eenhede kan gebruik word as lede van 'n sisteem van tweetermige teenstellings: één woord//neweskikkende groep/onderskikkende groep. Laasgenoemde het as lede 'n kern en 'n bepaling wat ook in tweetermige teenstelling tot mekaar staan. Die onderskikkende groepe kan verskil in dié opsig dat die een 'n substantief, die ander 'n adjektief as kern het, en so meer.

Onder sintaktiese middele verstaan De Groot „de middelen van een bepaalde taal om woorden te combineren tot groepen van bepaalde structuur,"28) en verderaan (bl.247) sê hy: „Een syntactische middel is in prinoipe dis:notief. Het dient om te combineren, of

28) De Groot, A.W. ... Structurele Syntaxis, bl.239.

om/...
52/...

om die struktuur van een combinatie aan te gee. Het moet dus kunnen aangeven welke combinatie van woorde wordt bedoeld, en welke niet; en het moet kunnen aangeven welke struktuur van een gegeven combinatie word bedoeld. In het eerste geval moet het van een gegeven reeks woorde kunnen aangeven welke woorde daarvan direct gecombineerd moeten word, en welke niet."

'n Taal sonder sintaktiese middele is nie 'n „taal" nie, want as daar nie middele is om woorde tot groepe en sinne te kombineer nie, sou die taalgebruiker hom tot sinne moes beperk wat almal uit één woord bestaan. Daar moet dus voorwaardes en middele vir die kombinasie van woorde wees, en die twee moet nie ... ar word nie. Kombineerbaarheid is identiek met sintaktiese valensie[29] of gebruiksklasse[30]. Om

29) „By syntactic valence (the term is A. Reichling's) of words we mean their greater or smaller suitableness for combinations with certain other words in a certain way. This is the principle according to which Bloch and Trager classify words in order to come to parts of speech. There are only two ways of syntactic combination: co-ordination and subordination." (A.W. de Groot: Structural Linguistics and word classes ..... Lingua, bl.437). En ook: „De valentie betreft de mogelijkheid of onmogelijkheid door een ander woord bepaald te worden, of om een ander woord te bepalen. In het laatste geval is er nog weer verschil in mogelijkheid om als eerste, tweede, derde, enz. bepaling van dat andere woord gebruikt te worden. De syntactische valentie betreft dus de mogelijkheid bepaald te worden, te bepalen, en in bepaalde orde of graad te bepalen." (Structurele Syntaxis, bl.114 vlg.).

30) Onder „gebruiksklassen" van woorden en woordgroepen verstaan we kategorieën met dezelfde syntactische valentie ... Bij de gebruiksklasse gaat het om de gebruiksmogelijkheden van het woord (of de woordgroep). (Structurele Syntaxis, bl.190 vlg.)

gekombineer/...
53/...

gekombineer te wees, beteken om byeengeplaas te wees: de sleohte man en de goede vrouw, maar ook om in 'n bepaalde volgorde geplaas te wees, want de goede man en de sleohte vrouw, waar daar ook byeenplaatsing is, is nie dieselfde as de slechte man en de goede vrouw nie. Die valensie van die woorde is die onmisbare voorwaarde vir hulle kombinering. Byeenplaatsing en volgorde, daarenteen, is middele wat in 'n bepaalde sin op 'n bepaalde oomblik gebruik word om 'n bepaalde mededeling te doen.

Soos hoër op gemeld is, domineer intonasie waar intonasie in botsing kom (meeding) met byeenplaatsing en volgorde, soos uit die volgende voorbeelde blyk: Hij verlangde eerst, het kind te zien x Hij verlangde, eerst het kind te zien. In gevalle soos hierdie is intonasie dus die eintlike sintaktiese middel.

Nog 'n sintaktiese middel is aksent. In die neweskikkende groep het elke lid aksent: Piét, Ján en Koós. In die onderskikkende groep, daarenteen, het net die laaste woord van die groep aksent: De Rotterdamsche háven. Dit het niks met die kern en die bepaling van die groep te doen nie.

De Groot kom uiteindelik tot die slotsom:

> „Uit een en ander zouden we de conclusie willen trekken, dat als syntactische middelen uitsluitend gebruikt worden elementen van die klankvorm van woordgroepen, die in de klankvorm van de zin gerealiseerd worden.
>
> Met name kunnen woorden, delen van woorden of elementen van woorden geen syntactische middelen zijn.

Indien/...
54/...

> Indien wij gelijk hebben met de boven gemaakte veronderstelling dat de byeenplaatsing geen syntachtisohe middel in engere zin is, blijven dus niets anders dan zuivere elemanten van de klankvorm van woordgroepen en woordvolgorde over." (bl.259)

Die funksie van die sintaktiese middele (struktuurmomente) is om woorde te kombineer tot groepe met 'n bepaalde struktuur.

Labuscagne gee in sy Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek 'n kort maar tog heel volledige beskrywing van die woord (struktuur en betekenis) asook van die sinstruktuur, wat 'n verklaring bied vir verskeie probleme waarvoor die taalgebruiker gedurig te staan kom.

In die verhouding woord - sin is daar 'n paar aspekte wat belangrik is: (i) dat die woord buite die sin voorrang bo die sin het, (ii) dat die sin 'n voorrang bo die onderskeie woorde daarin kan hê, (iii) dat die woord en die sin korrelatiewe momente kan wees en (iv) dat die sinsbetekenis meer is as net die som van die saaklike betekenisse van die onderskeie woorde daarin, d.w.s. dat die geheel groter is as die som van sy dele.

Die woord is daar om gebruik te word (want dit is 'n instrument), maar voordat dit gebruik kan word, moet dit gemaak word. In die maakproses kry dit sy wese, wat dan later (in sy gebruik in die sin) sy funksie bepaal. Die woordfunksie is afhanklik van sy gebruikskarakter, en die gebruik wat van die woord gemaak

kan/...
55/...

kan word, hang af van die beperkings wat sy wese hom oplê. So kan 'n kameel nie gebruik word om vrag oor die see te vervoer nie ('n funksie) omdat sy wese dit nie toelaat nie.

Die tradisionele opvatting dat die sin vóór die wese van die woorde kan kom, gee 'n wanvoorstelling wat lei tot 'n skewe en beperkte benadering van bv. sintaksis omdat elke sintaktiese funksie nie vanuit die sintaktiese funksie self verklaar kan word nie, maar verklaar moet word uit die inherente moontlikhede van die woorde nog voordat hulle in 'n bepaalde sintaktiese funksie optree. Dit bepaal ook die woord se „betekenis" „in" die sin, in teenstelling met sy „betekenis" „buite" die sin. 'n Voorbeeld van hierdie wanopvatting is die definiëring van 'n selfstandige naamwoord as 'n naamwoord wat 'n lidwoord voor hom neem, want dit veronderstel 'n voorkennis van die lidwoord en die selfstandige naamwoord wat langs 'n ander weg verkry moes gewees het.

Die inwendige ordening van die dele (woorde) van 'n geheel (sin) volgens 'n prinsipe is die struktuur van daardie geheel (sin). Dit vloei voort uit die aard van die dele (soos bv. die beweeglike en kombinatoriese simbolisasie van die woorde) en die aard van die geheel in hulle onderlinge verhouding, want dit is waarop 'n struktuur berus. Die beweeglike simbolisasie van die woord het betrekking op die woord se bruikbaarheid in meer as een situasie. Daarom kan ons

bv./...
56/...

bv. sê Jan is 'n esel (menende Jan is lui) sonder om aan Jan te dink as 'n vaal, viervoetige lasdier met lang ore wat merendeels 'n gebrek aan energie en aktiwiteit openbaar. Kombinatoriese simbolisasie is die kenmerk van 'n woord om met 'n ander woord te verbind. Sonder kombinatoriese simbolisasie, of wedersydse betekenisbepaling, sou geen woord met 'n ander woord verband gehad het nie, selfs nie eers die met man in die woordgroep die man nie. Uit 'n byeenplaatsing van die woorde my is oom man die daar, weet ons dat bepaalde woorde die kenmerk het om met bepaalde ander woorde te verbind, wat dui op die bestaan van 'n sintaktiese prinsipe van groepering, met behulp waarvan die ordelose groep woorde hierbo georden kan word in: die man daar is my oom.

Afrikaans het die volgende vyf groeperingsprinsipes sover dit groepering binne die sin betref :

1. Plek, wat geïnterpreteer moet word as (i) plek ten opsigte van mekaar en ten opsigte van die geheel en (ii) volgorde ten opsigte van mekaar: die by kat, d.w.s. kat die of die kat. Die Afrikaanse taalsisteem verg dat die nie net by kat moet staan nie (maar net byeengeplaas moet wees nie), maar wel dat die vóór kat moet staan. Volgorde is dus dwingender as byeenplaatsing, en plek word bepaal deur volgorde. Die taal sê nie hoé die volgorde moet wees nie,

maar/...
57/...

maar net dêt daar volgorde moet wees. In ander tale kan kat die volkome sistematies wees.

2. Sinsklankgeleding. Die sinnetjie Jan sê Piet jok is interpreteerbaar met behulp van die algemene prinsipe van volgorde en byeenplaatsing (plek), maar in : Jan, sê Piet, jok word volgorde bygestaan deur sinsklankgeleding. (Daar moet dus aan die vereiste van volgorde en byeenplaatsing voldoen word, of anders gestel, as daar 'n leemte in die volgorde en byeenplaatsing is, kan dit nie deur die sinsklankgeleding reggestel word nie.)

3. Die derde prinsipe berus op die woordsoortindeling. As die taalgemeenskap die woordsoort(e) ken waartoe 'n woord wat behoort, kan hy saam groepeer wat saam hoort. Die woordsoort kan dus 'n dwingende invloed hê op die plek, volgorde en verbinding van woorde : die voor man in Afrikaans. Elke woordsoort kan dus ook volgens sy sintaktiese valensie gedefinieer word. As 'n sin met die begin, weet die Afrikaanssprekende dat dit gevolg kan word deur (i) 'n selfstandige naamwoord: die man, of (ii) 'n byvoeglike naamwoord: die mooi man, ens., maar hy weet dit net omdat hy reeds weet dat die 'n lidwoord, man 'n selfstandige naamwoord

en/...
58/...

en *mooi* 'n byvoeglike naamwoord is. Dit is dus nie 'n uitgemaakte saak dat 'n indeling volgens sintaktiese valensie die vernuwing in woordsoortindeling sal bring waarna so naarstiglik gesoek word nie. Sintaktiese valensie is die verbindings- en plaatsingsmoontlikhede van woorde op grond van hulle soort, en dit kan dus sintaktiese werk.

4. *Die semantiese (leksikale) aard* van woorde is ook 'n sintaktiese prinsipe. Betekenis is nie net daar ter wille van saaklike mededeling nie, dat *kom* kom beteken en nie *gaan* nie, maar ook om met die saamgroepering te help. In die sin : *Oom Jan van Doornfontein wat* ... sal dit net die betekenis wees van die woorde wat daarop volg, wat kan help met die groepering van *wat* met òf *Oom Jan (van Doornfontein)* òf met *Doornfontein*: (i) *Oom Jan van Doornfontein wat siek is*; (ii) *Oom Jan van Doornfontein wat verkoop is*. *Siek is* groepeer op grond van die betekenis van *siek* saam met *Oom Jan* en *verkoop* om dieselfde rede saam met *Doornfontein*.

5. *Die denkwette*. Al is *vleis* in die sin: *vleis eet ek nie* die voorwerp, kan dit voorop geplaas word, bloot omdat *vleis* *vleis* is. Maar as die hond die kat byt,

kan/...
59/...

kan die kat (die voorwerp) nie voorop geplaas word nie, want die hond byt die kat en die kat byt die hond is nie bruikbaar vir dieselfde situasie nie. Hier kry die taal sy ordeningsprinsipe van die denke wat buite die taal self lê.[31]

Hierdie vyf prinsipes lei die taalgebruiker gedurig in lokvalle en daardeur ontstaan botsende wetmatighede of die kruising van sintaktiese geledinge. Die sout lê by die taalgebruiker, en die taak van die sinchronies-beskrywende grammatika is om op die lokvalle te wys deur die kategorieë te vind waarvan die prinsipes deurmekaar gebruik (kan) word.

In die praktyk bestaan hierdie vyf sintaktiese prinsipes nie as vyf afgeslote eenhede nie, maar hulle kan —

(i) mekaar op 'n gegewe oomblik steun;

(ii) mekaar op 'n gegewe oomblik uitsluit;

(iii) op 'n gegewe oomblik met mekaar bots;

en dit is veral op grond van (ii) en (iii) wat so dikwels deur die taalgebruiker gesondig word. Gewapen met die kennis van die vyf groeperingsprinsipes en die wete dat hulle mekaar op 'n gegewe oomblik kan steun of uitsluit of dat hulle met mekaar kan bots,

31) Vir 'n breedvoeriger bespreking hieroor, vergelyk A. Reichling: Over Essentiële en Toevallige Grammaticaregels.

sal/...
60/...

sal die taalgebruiker bv. weet dat die sin: ernstig aan die hoof gewond, het die mense die beseerde hospitaal toe geneem nie wetmatig is nie, omdat die aard van ernstig aan die hoof gewond ('n beknopte bysin) die vlak van gebruik funksioneel verander vir die aktiewe vorm, en 'n lydende vorm eis sodat die onderwerpe van die twee sinne dieselfde kan wees, want dit is nie die mense wat ernstig aan die hoof gewond is nie: ernstig aan die hoof gewond, is die beseerde deur die mense hospitaal toe geneem.

Volgens Sweet is dit nie net moontlik nie, maar wenslik „to treat form and meaning separately — at least, to some extent. That part of grammar which concerns itself specially with forms and ignores their meaning as much as possible, is called accidence. That part of grammar which ignores distinction of form as much as possible, and concentrates on their meaning, is called syntax."[32]

Jespersen neem aanstoot aan die woorde „ignore ..... as much as possible" omdat die grammatikas na sy mening altyd die twee dinge in gedagte moet hou „for sound and signification, form and function, are inseparable in the life of language, and it has been to the detriment of linguistic science that it has ignored one side while speaking of the other and so lost sight of the constant interplay of sound and sense."[33] Dit is juis dat betekenis en funksie nie twee afsonderlike verskynsels is nie. Die taalgebruiker het eers iets

32) Sweet, H. ..... A New English Grammar, bl.204.

33) Jespersen, O. ..... The Philosophy of Grammar, bl. 40.

wat/...
61/...

wat hy wil sê en dan laat hy woorde funksioneer, gebruik hy hulle om wat hy bedoel (betekenis) oor te dra. Die woord funksioneer dus ter wille van betekenis, en betekenis is die moment wat die struktuur van elke taalvorm aanmekaar hou, wat die sintaksis bepaal.

Volgens De Groot[34] is sintaksis die leer van die sin en strukturele sintaksis die sintaksis wat hom ook met die struktuur van die sin besig hou. Dit strook nie met Ries se standpunt nie, want hy is van mening dat sintaksis en sinsleer nie dieselfde is nie. De Groot se definisie van strukturele sintaksis val egter min of meer saam met wat Ries onder sintaksis verstaan. Die verskil by Ries en De Groot as strukturaliste is terug te voer tot hulle uiteenlopende opvattings van woordgroep en sin. Ries gee nl. 'n negatiewe beskrywing van die woordgroep: „Wortgruppe ist also jedes Gebilde, das weder Einzelwort (Kompositum) nooh Satz ist",[35] terwyl hy 'n sin definieer as „Ein Satz ist eine grammatisch geformte Redeeinheit, die ihren Inhalt im Hinblick auf sein Verhältnis zur Wirklichkeit zum Ausdruck bringt."[36] De Groot verklaar 'n woordgroep as „een combinatie van woorden die tot functie heeft een zakencomplex te noemen; waarvan het phonologisch kenmerk is: byeenplaatsing van deze woorden in een klankeenheid; waarvan de structuur nevensohikkend of onderschikkend is; en die gebruikt kan worden als gehele woordinhoud van een zin, of als lid van een neven-

34) De Groot, A.W. ... Structurele Syntaxis, bl.7.
35) Ries, John ..... Zur Wortgruppenlehre, bl.5.
36) Ries, John ..... Was ist ein Satz?

schikkend/...
62/...

schikkend of onderschikkend woordgroep;"37)

De Groot het gelyk as hy sê:

> „Hy (Ries) heeft het verschil niet gezien tussen een zin, en een woordgroep die de gehele woordinhoud van een zin is, en daardoor niet de structurele overeenkomst tussen een woordgroep die de gehele woordinhoud, en een woordgroep die slechts deel van de woordinhoud van een zin is."38)

Dit wat van 'n woord of woordgroep 'n zin maak, word primêr bepaal deur die bedoeling van die spreker, deur die standpunt wat hy ten opsigte van die genoemde saak of sake inneem, aangesien dit eers uit die sinsintonasie blyk waarom en met watter bedoeling die saak of sake genoem word. Elders (op bladsy 50 van Structurele Syntaxis) verklaar hy egter: „Het is dus niet de woordgroep, maar de intonatie, en uitsluitend de intonatie, die het karakter, de functie, de betekenis, de linguistische categorie van de zin bepaalt: c'est le ton qui fait la phrase". Dit gee aan sy tipering 'n te oorwegend morfologiese karakter. Ook by die sinsbeskrywing moet daar aan die vorm en betekenis, die bedoeling van die spreker en aan intonasie reg geskied.

Reichling gee nie 'n definisie van sintaksis nie, maar hy staan op bl. 145 van Het Woord kortliks stil by struktuur en op bl.38 van E.N.S.I.E. II by sintaktiese verband. Woordgebruik, so verklaar hy,

37) De Groot, A.W. ..... Structurele Syntaxis bl.74.

38) De Groot, A.W. ..... Structurele Syntaxis bl.74.

is/...
63/...

is altyd 'n ervaringsmoment, en wel 'n strukturerende ervaringsmoment, d.w.s. die ervaringsmoment wat in die ervaringsgeheel die onderlinge verhouding van al die ander ervaringsmomente ten opsigte van die ervaringsgeheel bepaal. Die verband tussen die woorde en die woordgroepe in die sin is die „sintaktiese" verband, wat altyd kenbaar word aan bepaalde vormverskynsels soos bv. die sinsklankgelediging. Vgl. bv. Jan, zei de meester, is een mispunt en Jan zei: de meester is een mispunt.

Daar is vir Reichling 'n drieledige verband: (i) semanties, (ii) sintagmaties en (iii) sintaktiese. Met semantiese verband bedoel hy betekenissamehorigheid; met sintagmatiese verband 'n onmiddellike opeenvolging in die tyd. (Hier kom die onregstreekse verband dus nie in die gedrang nie, ofskoon hy in bepaalde gevalle van 'n vrye sintagmatiese verband praat, wat die moontlikheid van 'n onregstreekse verband in die tyd veronderstel.) Sintaktiese verband omskryf hy as die semantiese verband tussen woorde wat aan besondere kenmerke waarneembaar is. Streng gesproke is die laaste omskrywing nie juis nie omdat betekenis nie waargeneem kan word nie, maar wel ervaar word. Die bedoeling is egter duidelik, want die betekeniseenheid van 'n woordkombinasie word sowel deur, as met behulp van, bepaalde sintaktiese verskynsels ervaar. Op die gebied van die sintaksis is die morfologie (in die ruimste sin) en betekenis nooit heeltemal te skei nie. As dit tog probeer word, kom jy te staan voor 'n kloof tussen twee gebiede, met nêrens 'n brug daaroor nie.

64/...
Labuscagne/...

Labuscagne gaan uit van die standpunt dat die taal as geheel 'n struktuur het en opgebou is uit 'n veelheid van betekenis (die taalmateriaal : klanke, woorde, woordgroepe en sinne), en dat 'n strukturele ondersoek 'n ondersoek is na die struktuur van die studievoorwerp, m.a.w. na die inwendige samehang of ordening van die verskynsel. As iets 'n struktuur wil hê, moet dit eerstens 'n veelheid van gegewens besit en tweedens 'n prinsipe wat die veelheid verenig. Die prinsipe sal dan verklaar waarom daar orde is. As die prinsipes vir die inwendige ordening, die struktuur dus, bepaal is, is die sistematiese van die dele van die geheel gevind, en as daar helderheid is oor die prinsipes vir die bou en gebruik van die taalmateriaal, is daar ook helderheid oor die taalsisteem. Omdat die veelheid van gegewens 'n ordelike geheel vorm, spreek dit vanself dat funksie en betekenis bv. nie van mekaar geskei kan word nie. Funksie is verhouding tot betekenis. Beteken in die sin is die funksie van die woord, die woord in funksie. Betekenis is die taalwetenskaplike se primêre instrument, veral as hy hom toelê op die struktuur van 'n taal, want hoe hy 'n bepaalde struktuur ook al mag beskou, hy moet dit benader in sy verhouding tot betekenis. Elke deel van 'n geheel moet as deel van daardie geheel behandel word en nie in isolasie nie, want die een bestaan/funksioneer dikwels by die grasie van 'n ander.

Sintaksis is vir hom „die onderlinge verbindbaarheid van woorde, woordgroepe, sinsdele, sinsledе

(hoof-/...
65/...

(hoof- en bysinne) en sinne (samegestelde sinne)."[39]

Dit blyk nie altyd uit die standpunt van taalnavorsers wat met sintaksis bedoel word nie, veral nie as hulle die saak van buite na binne benader en daarin net 'n versameling van reëls sien nie, en dus nie 'n goeie insig het van hoe die taalmateriaal: woorde, woordgroepe en sinsdele, in die praktiese taalgebruik aaneenskakel en mekaar onderling bepaal nie.

Die wetenskaplike benader sy onderwerp van binne na buite, neem waar, teken aan, en orden en klassifiseer sy gegewens volgens hulle aard en wese. Die sintaksis verklaar nie hoe woorde saamgevoeg word nie, maar wel hoe hulle volgens die gebruik van die taal self saamgevoeg en gegroepeer behoort te word. Sintaksis is nie klankleer nie; dit is die onderwerp van die fonologie. Sintaksis is ook nie die leer van woordsoorte en woordvorme nie, want sy onderwerp is nie woord- of vormleer nie. Die vormleer steun nie die sintaksis nie, in elk geval nie in analitiese tale nie. Die betekenisleer doen dit wel. Sintaksis behels die studieterrein van die derde lid van die trits: klankleer, woordleer, sintaksis. Dit behandel die groepering van woorde in nuwe eenhede of die woordgroeperings of woordstrukture (meerwoordgehele). Dit is dus gemoeid met alle strukture wat bestaan uit woorde, en nie net met die struktuur van die sin nie. Die betekenisleer en fleksie behoort prinsipieel net sowel by

39) Labuscagne, C.J. ..... Inleiding tot die strukturele metode van taalondersoek, Voetnoot 4, bl. 71.

die/...
66/...

die vormleer as by die woordleer. Die aard, vorm en betekenis van woordstrukture is egter nie deurgaans onafhanklik van die soorte en vorme van die woorde wat onderling verbindbaar is nie, en die probleem van die sintaksis laat hom dus nie heeltemal losmaak van woordsoorte en woordvorme nie. Dit moet derhalwe ook in beskouing geneem word, maar net in sover dit die wese van 'n sintaktiese struktuur raak. Daar is 'n alledaagse standpunt dat die betekenis en gebruik van woorde, woordsoorte en woordvorme as eenhede afgeskei moet word van die sintaksis. Dit is egter nie die standpunt van die sintaksis nie, maar wel van die atomisme. Met daardie deel van die stof wat nie tot die sintaksis behoort nie, moet uitgeskakel word wanneer dit oor die sintaksis gaan. Daar moet dus rekening gehou word met die verskil tussen die leksikale en die sintaktiese betekenis van woordsoorte en woordvorme. As daar egter nie noukeurig onderskei word tussen wat per abuis sintaktiese genoem word en wat met reg so genoem word nie, kan daar nie 'n doelmatige ordening of 'n reëlmatige uitbouing van al die dele wat met reg in 'n sintaktiese beskouing tuishoort, verwag word nie.

As die indeling van die grammatika in klankleer, woordleer en sintaksis (soms ook sinsleer genoem) verdedigbaar en aanneemlik is, kan die onderskeiding van 'n sintaktiese en nie-sintaktiese onderdeel van die betekenisleer van die woordleer en woordvorme geen besware uitlok nie. Om dieselfde onderwerp uit verskeie gesigspunte en op verskeie plekke in die sisteem te behandel,

hoef/...
67/...

hoef nie noodwendig 'n herhaling te beteken nie. Dit is dus nie oorbodig of verkeerd nie, maar het inderdaad die voordeel dat dit verskillende gesigspunte openbaar wat vir die alsydige beskouing en volledige uiteensetting van die stof nodig is.

'n Bepaalde doel en probleem stel bv. nie voorwaardes aan 'n ander voorwerp nie, maar wel 'n ander benaderingswyse. Stilistiek is bv. nie sintaksis nie, maar die sintaksis se bevindinge is tot beskikking van die stilistiek. Hoe vollediger die sintaksis dus die stof van sy eie terrein behandel (waarvan dele uit 'n suiwer styloogpunt ook in die gedrang kan kom), hoe vollediger kan die sintaksis sy uitkomstes aan die stilistiek bring vir die gebruik van daardie dele waarby dit belang het, en hoe beter beantwoord dit terselfdertyd aan sy eie doel.

Vir die bepaling van die sintaksis stel die gesamentlike grammatika natuurlike indelingsgronde : allereers die verskeidenheid van die stof wat behandel moet word : die woord (die betrokke aspekte daarvan), die woordgroep en die sin; dan die verskillende standpunte waaruit dit benader moet word: vorm, betekenis en funksie. Die leer van die sintaktiese uitdrukkingsmiddele moet dus die uitgangspunte vir die ondersoek gee, en daar moet gedurig rekening gehou word met die verbindbaarheid en groepering van woorde, woordgroepe, sinsdele, sinsledе en sinne, want dit is waarom dit in sintaksis gaan.

In/...
68/...

In die lig van die verskillende werke wat tot dusver ontleed en krities bespreek is en na aanleiding van die bevindinge wat deur die verskillende skrywers gemaak is, lyk dit geregverdig om 'n aantal stellings af te lei, soos volg:

1. Die taal is deur en deur gestruktureer want —

(i) die woord het 'n struktuur: P-A-K vir die woord pak en nie K-P-A of A-P-K nie, en ook nie K-A-P as dit moet gaan om die woord kap en nie bv. om kop nie, want die a van kap kenmerk na k en voor p 'n ander woord as die o van kop d.w.s. ook weer na k en voor p;

(ii) die woordgroep het 'n struktuur: op die tafel en nie die op tafel of tafel die op nie, waar ons te doen het met die prinsipe van byeenplaatsing: die by tafel asook met die beginsel van woordvolgorde: die vóór tafel en nie maar net by tafel nie, want op tafel die is nie gangbaar in Afrikaans nie;

(iii) die sin het 'n struktuur: Piet slaap rustig en nie Piet rustig slaap nie, want die prinsipes van byeenplaatsing en volgorde

van/...
69/...

van woorde is in die sin dwingend net soos in die geval van die woordgroep, ofskoon daar ook 'n mate van vryheid kan wees, vgl. bv.: Hy stap rustig aan en rustig stap hy aan.

2. Die taalgebruikseenheid, die sin, word gestruktureer uit 'n woord of woorde of uit een of meer woorde en/of woordgroepe volgens bepaalde struktuurprinsipes, nl.:

(i) die prinsipe van byeenplaatsing van woorde: die by koppie in die koppie op die tafel;

(ii) die prinsipe van woordvolgorde, want dit is nie voldoende dat die maar net by koppie moet staan nie: Koppie die op die tafel. Daar moet ook voldoen word aan die eis van woordvolgorde: die vóór koppie : die koppie op die tafel;

(iii) die prinsipe van intonasie wat, gegee dat daar voldoen is aan die vereistes van byeenplaatsing en volgorde van woorde, 'n ander interpretasie moontlik maak as die wat bloot op byeenplaatsing en volgorde van woorde berus, soos

blyk/...
70/...

blyk uit die twee sinne: Piet sê, Jan is slim x Piet, sê Jan, is slim. Maar nog meer, want 'n skynbaar niksseggende groep woorde soos Jan ons perde kan met behulp van intonasie in 'n interpreteerbare eenheid omskep word: Jan, ons perde! Hieruit blyk dat intonasie deels onafhanklik kan optree, maar as die woordvolgorde verander sou word na Jan perde ons, sou interpretasie nie deur intonasie alleen moontlik gemaak kon word nie;

(iv) die prinsipe van woordbetekenis soos blyk uit die twee sinne: Oom Jan van Doornfontein wat siek is x Oom Jan van Doornfontein wat verkoop is, waar dit net die betekenis van siek en verkoop is wat bepaal of die woorde na wat groepeer met Oom Jan of met Doornfontein;

(v) die prinsipe van die denkwette, waar die taal sy ordeningsprinsipe kry van die denke, wat buite die taal lê. In die sin Jan eet vleis kan vleis voorop geplaas word: vleis eet Jan, bloot omdat vleis vleis is, maar in die sin die

hond/... 71/...

hond byt die kat kan die kat nie voorop geplaas word nie omdat die denke 'n beperking oplê: Die kat byt die hond is immers nie bruikbaar as dit die bedoeling is om die mededeling die hond byt die kat te doen nie;

(vi) die prinsipe van woordsoortindeling, waar ons kennis van die woordsoorte, wat dan veronderstel word, ons help om te weet dat die onbepaalde lidwoord 'n gevolg kan word deur 'n selfstandige naamwoord (altyd in die enkelvoud): 'n man, of 'n byvoeglike naamwoord plus 'n selfstandige naamwoord: 'n mooi man, terwyl die bepaalde lidwoord die gevolg kan word deur 'n selfstandige naamwoord (enkelvoud of meervoud): die huis(e), of 'n byvoeglike naamwoord en 'n selfstandige naamwoord (enkelvoud of meervoud) die groot huis(e);

(vii) die prinsipe van vorm, d.w.s. bedrywend of lydend. Volgens die tradisionele opvatting en die meeste skoolgrammatikas is daar vir elke bedrywende vorm

ook/...
72/...

ook 'n lydende vorm en is die een bloot 'n variant van die ander. So kry ons bv.:

(a) Piet slaan die kat;
Die kat word deur Piet geslaan;

(b) Piet het die kat geslaan;
Die kat is deur Piet geslaan;

(c) Piet sal die kat slaan;
Die kat sal deur Piet geslaan word.

Die grammatikaboeke sê ons egter nie wat bv. die bedrywende vorm van die volgende is nie:

Daar word oor en weer geskiet.
Hy is weens 'n misdaad veroordeel.

By 'n beskouing van die konstruksie: Die mense wat ons pla val dit al dadelik op dat daar geen helderheid is oor wie wie pla nie. Word ons deur die mense gepla of word die mense deur ons gepla? Daar is dus klaarblyklik veel groter helderheid as die lydende vorm gebruik word:

Die mense wat deur ons gepla word;
Die mense deur wie ons gepla word.

Hierdie/...
73/...

Hierdie verskynsel is in Afrikaans beperk tot die meervoud waar daar geen verskil tussen die nominatief en die akkusatief van die persoonlike voornaamwoorde *hulle* en *ons* is nie. By die enkelvoud word eenduidigheid bevorder deur die vorm van die persoonlike voornaamwoord. Die mense wat *ek* pla x Die mense wat *my* pla.

Die volgende sin is ook dubbelsinnig:

> Dit spyt ons as die vertraging van die koerant wat hierdie onderbreking veroorsaak het ons lesers enige ongerief veroorsaak het,

want daar is twee moontlike vertolkings nl. (i) dat die vertraging ..... die onderbreking veroorsaak het of (ii) dat die onderbreking die vertraging .... veroorsaak het.

Daar is geen enkele groeperings- of ander struktuurprinsipe deur middel waarvan hierdie meerduidigheid uitgeskakel kan word nie, behalwe vorm. Vgl. bv.:

> Dit spyt ons as die vertraging van die koerant wat deur hierdie onderbreking veroorsaak is, ons lesers enige ongerief veroorsaak het.

Hier/...
74/...

Hier volg nog 'n voorbeeld:

> In so 'n geval word 'n lys van die genomineerdes en ook besonderhede van dienare wat oor die hoof gesien is, aan die Dienskommissie, deur die Hoofbestuurder, gestuur.

Die vraag is of die Hoofbestuurder die aanstuurder is en of hy nie maar net die kanaal is waardeur iemand anders die besonderhede aan die Dienskommissie stuur nie. Die situasie help nie genoeg nie; daarvan getuig die kommas waartoe die skrywer sy toevlug geneem het om korrekte interpretasie te probeer verseker.

Die skrywer se tweede poging was nie veel geslaagder nie:

> In so 'n geval word 'n lys van die genomineerdes en ook besonderhede van dienare wat oor die hoof gesien is, déur die Hoofbestuurder, aan die Dienskommissie gestuur.

Die derde poging het die probleem opgelos, maar dit is in die bedrywende vorm gestel:

> In so 'n geval stuur departementshoofde 'n lys van die genomineerdes en ook besonderhede van dienare wat oor die hoof gesien is deur die Hoofbestuurder aan die Dienskommissie.

Die else van eenduidigheid kan die gebruik van òf die lydende òf die bedrywende vorm dus dwingend maak, omdat net die een of

not/...
75/...

net die ander in bepaalde omstandighede die groepering vir eenduidigheid gee.

(viii) Die prinsipe van vormkenmerke by woorde vir groeperingsdoeleindes, soos in Swahili: K i l e (die) K i s u (mes) K i k u k u u (ou) K i m e v i k h e t a (het gesny). Dit geld egter nie vir Afrikaans nie;

(ix) die prinsipe van die woordvorm. In die sinne: „the students of the teacher who are here" en „the students of the teacher who is here" is dit net die vorm van „are/is" wat daarop dui dat „are" groepeer met „students" en „is" met „teacher". Dit geld egter ook nie vir Afrikaans nie. As die kerns van albei die woordgroepe van die onderwerp in die meervoud is, help die woordvorm egter nie meer nie: „the students of the teachers who are here." Engels het egter struktuurvariante wat aangewend kan word om die interpretasie eenduidig te maak: „The students' teacher who is here" en „The teacher's students who are here." Dit geld trouens ook van Afrikaans, soos onder meer blyk uit 'n vergelyking van die volgende sinne:

(Die studente van die onderwyser wat hier is,
(Die studente wie se onderwyser hier is,

en

(Die onderwyser van die studente wat hier is,
(Die onderwyser wie se studente hier is.

3. Die/...
76/...

3. Die struktuurprinsipes bestaan nie as afgeslote eenhede nie, en in bepaalde omstandighede kan hulle —

(i) mekaar steun, soos bv. in die sin Jan, sê Piet, is slim, waar die prinsipes van byeenplaatsing en volgorde van woorde gesteun word deur die prinsipe van intonasie;

(ii) mekaar uitsluit: die prinsipe van implisiete kontinuïteit sluit die prinsipe van toegepaste betekenisonderskeidings uit: die skool is verlede jaar geverf en die skool presteer vanjaar mooi op sportgebied;

(iii) met mekaar bots, soos blyk uit die sin: hy sê dat aangesien hy siek is hy nie kan kom nie waar dat die normale woordorde in die tweede sinslid dwingend maak: hy nie kan kom nie, terwyl aangesien om die omgekeerde woordorde vra: kan hy nie kom nie, soos in: Hy sê aangesien hy siek is, kan hy nie kom nie. Daar is natuurlik ook ander moontlikhede om die sin taalmatig te bou: Hy sê dat hy nie kan kom nie, aangesien hy siek is.

4. Die een taalverskynsel is vir sy bestaan afhanklik of kan vir sy bestaan afhanklik wees van dié van een of meer ander taalverskynsels. Daarom

kan/...
??/...

kan een taalverskynsel nie uit die geheel vir beskouing geïsoleer word nie. Die uitgangspunt wat dit voorstaan, is gebore uit die tradisionele atomistiese werkwyse wat taalverskynsels nie in hulle onderlinge samehang bestudeer nie. As die woord bv. uit die sin geïsoleer sou word vir beskouing, sou sy funksie en betekenis geskei word, terwyl die twee tog bymekaar hoort, want funksie het maar net waarde waar woorde saam gebruik word en mekaar onderling bepaal. Dit deug nie om 'n vis na die droë grond te neem as dit die oogmerk is om vas te stel hoe hy swem nie. Die woord in isolasie beteken ook nie op dieselfde wyse as die woord in die sin nie; vergelyk maar vark in die woordeboek met vark in die sin: Jan is 'n vark.

5. Taal moet in die taalgebruiksituasie gevind word en dit moet nie aanvaar word as gegee nie. Om dit te vind, beteken onder meer om te onderskei tussen taal in gebruik en taalgebruik en om wat nie tot taal behoort nie, vir beskouing buite rekening te laat.

6. Die taalwetenskap is geen begrippewetenskap nie, maar 'n empiriese wetenskap wat werk met die ervaringsfeite wat uit die studievoorwerp self gehaal moet word, en sy teorieë kan dus nie van die taalfilosofie of ander ekstralinguale vakwetenskappe verkry word nie.

7. Die/...
78/...

7. Die taalwetenskap moet rekening hou met die bydraes van ander vakwetenskappe wat bydraes tot die taalwetenskap kan lewer, soos die sielkunde, die filosofie en die sosiologie, en kan bv. nie die uitkomstes van die logika verwerp op grond van die argument dat „taal nie logies is nie", net so min as wat 'n opgeleide apteker nie sal weier om strignien op voorskrif van 'n dokter by 'n pasiënt se medisyne te voeg op grond daarvan dat dit 'n dodelike gif is nie. Daar is egter 'n vereiste, nl. dat die verhouding van bv. logika tot taal reg moet wees net soos die verhouding van die hoeveelheid strignien tot die res van die mengsel wat die apteker aanmaak. As die apteker te veel strignien gebruik, maak hy hom skuldig aan 'n wetsoortreding; as die taalwetenskaplike hom te veel op die logika beroep, bedryf hy logisisme.

----- oOo -----

HOOFSTUK/..
79/...

H O O F S T U K 3.

DIE WERKWOORD AS STRUKTUURMOMENT.

Daar is reeds op gewys dat die taal die studievoorwerp van die taalwetenskap is, en dit volg dus dat die feite waarmee die taalwetenskaplike werk, uit sy studievoorwerp gehaal moet word en dat hy dit nie bv. by die taalfilosofie moet kry nie, want daar is nie so iets as filosofiese teorieë (= beginsels) oor die wese en gebruik van taal nie. Uit die taalfeite weet ons bv. dat daar so iets soos klanke is, en daaruit kan die taalwetenskaplike teorie of beginsel geformuleer word dat klanke in alle tale 'n wesensfeit is. Nog 'n teorie of beginsel is dat klanke georganiseerd in besondere tale gebruik moet word. So ook weet ons dat besondere tale gebruik maak van die meervoud, die enkelvoud, verkleinvorme en so meer, m.a.w. dat daar 'n veelheid van gegewens is. En waar daar 'n veelheid van gegewens is, moet daar orde en samehang wees, want anders is dit 'n chaos. Al die gegewens kan nie gelyktydig behandel word nie, en dit sou bv. sinneloos wees om met die klanke te begin, oor te slaan na die verkleinvorme, terug te keer na die klanke en dan weer stil te staan by, sê, die betekenis of plek van die werkwoord as struktuurmoment.

Die/...
80/...

Die feite moet dus gegroepeer word in soorte, met ander woorde, kategorieë of reekse gelyksoortige feite[1], en die aandag moet daarna by een kategorie op 'n keer bepaal word. Dat daar verbande tussen die kategorieë gelê gaan word, beteken nie dat daar van die een na die ander gespring word nie. Die verbande is juis nodig omdat een kategorie dikwels nie van die ander losgemaak kan word nie, en dat die een in baie gevalle bestaan of funksioneer by die grasie van die ander.

Die groot kategorie die taal neem sy plek langs ander groot kategorieë in die heelal in soos bv. die kategorieë minerale, plante, mense en so meer. Dit het eers in die afgelope halfeeu duidelik geword watter plek die taalwetenskap in die kategorie van wetenskappe inneem, en ons dank dit aan Ferdinand de Saussure wat die linguïstiek onder Sematologie of Semeologie geklassifiseer het, al was hy dan ook nie in staat om sy beskouings in dié opsig volkome vrugbaar te maak nie. Die taal bestaan op sy beurt weer uit kleiner kategorieë wat elkeen weer uit nog kleiner kategorieë of eenhede (kan) bestaan. Om induktief met die bestudering van die taal te werk te gaan, beteken dat eenhede van kategorieë bestudeer moet word en dat daar binne so 'n eenheid by die kleinste kategorieë begin moet word. Vir die taalwetenskaplike stel die volgende 'n kategorie-indeling voor:

1) Reichling, Anton .... Wat is algemene taalwetenskap? Rede uitgesproken by de aanvaarding van het ambt van buitengewoon hoogleraar in de Algemene Taalwetenschap aan de Universiteit van Amsterdam, 12 Mei 1947, bl. 11.

Die/...
81/...

Die taal - sin - woordgroep - woord - klank.

In die kategorie-eenheid woord kan kleiner kategorie-eenhede onderskei word soos die woordvorm, die woordbetekenis, die enkelvouds-, meervouds- en verkleinvorme. Dat die woordbetekenis strukturerend kan werk, blyk reeds uit die voorafgaande beskouinge, en ons kan dit onder meer illustreer aan die hand van 'n matematiese probleem.

Die onderlinge verhouding van die woorde in 'n sin tot mekaar, hulle verbindbaarheid met of groepering saam met mekaar, sou matematies voorgestel kon word deur die antwoord te probeer vind op die vraag hoeveel 5 + 4 x 6 - 3 is. Dit blyk by 'n nader beskouing dat daar onder meer die volgende moontlikhede is.

(a) $(5 + 4) \times (6-3) = 27.$

(b) $5 + (4 \times 6) - 3 = 26.$

(c) $[(5 + 4) \times 6] - 3 = 51.$

Hieruit volg dat die dele nie afsonderlik optree nie, maar wel saam met mekaar, en dat dit nou op die een en netnou op 'n ander manier gebeur. Om die geheel te vertolk, moet daar dus nie met 'n beskouing van die afsonderlike dele volstaan word nie, maar moet daar gelet word op die groepering van die dele in 'n groter geheel (die woordgroep) asook op groeperings binne 'n nog groter geheel (die sin). Laasgenoemde kan bestaan uit woordgroepe: die man daar/ is 'n drinker, of uit woorde: Piet/slaap, of uit woorde en/of woordgroepe: Die man daar/drink.

Die/...
82/...

Die opeenvolging in die tyd van die dele van die gehele in die sommetjies hierbo wissel nie, en dit kan dus in hierdie geval nie gaan oor die plek van die bepaalde konstituerende elemente in die geheel nie (soos bv. die plek van die werkwoord in die sin nie), maar wel oor die wese (in die geval van die werkwoord, die betekenis) van een of meer van die dele van die geheel, wat kan meebring dat dit in een geval by een (4 by 5) en in die ander geval weer by 'n ander (4 by 6) groepeer.

Dat ons nie hier met die plek van die eenhede in die geheel, of wel hulle ordening, te doen het nie, blyk onder meer uit die resultaat wat verkry word as twee van die eenhede, sê 4 en 3 van voorbeeld (a) omgeruil word: $(5 + 3) \times (6 - 4) = 16$ vergeleke met 27 voordat die verandering gemaak is.

Die betekenis van 'n woord (in ons geval die werkwoord) besit juis die potensiaal om dit met meer as een woord in 'n sin te laat groepeer, want 'n woord kan kombinatories (= saam met ander woorde) simboliseer (= beteken) en dit kan ook beweeglik (= nou met h'erdie en netnou met daardie betekenisonderskeiding) simboliseer. As die woord nie kombinatories kon simboliseer nie, sou geen woord 'n verband met 'n ander woord gehad het nie, sou die taal nie van sinvolle woordgroeperings gebruik kon maak nie en sou die taalgebruiker aangewys gewees het op eenwoord-„sinne". Dit bring ons op die terrein van die kombinatoriese simbolisasie van die woord asook op die terrein van die sinsklankgelding, waarby later in hierdie hoofstuk stilgestaan

word/...
83/...

word, maar om die saak nie in die lug te laat hang nie, word net twee voorbeelde gegee om aan te toon hoe die woord Almagtige bv. òf selfstandig kan simboliseer, òf met 'n ander woord kan kombineer om 'n verskil in betekenis kenbaar te maak:

(a) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde .....

(b) Ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde .....

In sin (a) staan God die Vader, die Almagtige en Skepper van hemel en aarde in neweskikkende verband en word daar nie een deur 'n ander bepaal nie. In sin (b), daarenteen, word Skepper van hemel en aarde bepaal deur die Almagtige. Die woordgroep die Almagtige het dus die potensiaal om onafhanklik, d.w.s. nie kombinatories nie, te simboliseer, en wel as substantief, terwyl dit ook die potensiaal het om Skepper van hemel en aarde te bepaal, d.w.s. as byvoeglike naamwoord daarvan te funksioneer en daarmee saam (of wel kombinatories) te simboliseer.

Hier is nog 'n voorbeeld:

Koop, geen enkele prys te hoog.
Koop geen enkele, prys te hoog.

Die middele waarvan die taal in die spraak en in die skrifbeeld gebruik maak om hierdie potensiaal van die woord te benut, word verderaan behandel.

Omdat die term „betekenis" soveel probleme in die taalkunde skep en ook om te verseker dat die verder beskouinge oor „betekenis" as struktuurmoment

nie/...
84/...

nie in die lug hang nie, is 'n nader toeligting daarvan noodsaaklik, waarvoor ons hier aansluit by die uiteensetting van Reichling: (De taal: haar wetten en haar wezen, E.N.S.I.S. II, bl. 41.)

'n Woord beteken altyd iets, want „leë" vorme ken die taal nie, en 'n sin beteken ook altyd iets. Daar is egter 'n groot verskil tussen die wyse waarop 'n woord en 'n sin beteken. Die betekenis van 'n woord is konstant en is in 'n bepaalde woordvorm vasgelê, terwyl dié van die sin vry is en nie vasgelê is nie. In 'n sin kan reekse woorde op allerlei verskillende wyses tot nuwe eenhede gesintetiseer word, terwyl die betekeniseenheid van die woord altyd dieselfde bly. Die »sinsinhoud" moet dus telkens uit die verskillende woorde gesintetiseer (opgebou) word terwyl die woordbetekenis in die verskillende sinne weer telkens geanaliseerd of gedifferensieerd gebruik word volgens een van baie moontlikhede. Vergelyk die twee sinne: Die skool word geverf en die skool speel rugby. Die woord skool is in albei sinne identiek en die betekeniseenheid is volkome konstant en maak die woordvorm skool kenbaar. Maar binne die konstante en identieke eenheid dink ons verskillende onderskeidings van die één betekenis skool. Eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat in die woord skool van die tweede sin daar op een of ander manier die onderskeiding kinders voorkom. Dit hang saam met die sogenaamde polisemie (= veelvuldigheid van betekenis) van die woord, wat gewoonlik só geformuleer word: „een woord kan baie verskillende betekenisse hê." Dit is

nie/...
85/...

nie so nie. 'n Woord het altyd een betekenis, maar binne daardie betekenis kom 'n hele verskeidenheid onderskeidings voor. Elke woord is van nature „veelbetekenend", en dit is nie nodig nie en ook nie moontlik nie, om al die onderskeidings daarvan wat ons leer toepas het, gelyktydig in die woord te dink. Die onderskeidings binne die betekenis is disjunktief relevant, wat daarop neerkom dat al die betekenisonderskeidings nie nodig is om 'n woord in 'n bepaalde „betekenis" te gebruik nie. Net een of enkele van die onderskeidings is nodig, en dit kan ook nog verskillend wees.

Op die feit dat betekenisonderskeidings disjunktief relevant is, berus 'n belangrike gebruiksverskil van een en dieselfde woord: 'n Saak kan naamlik so genoem word dat al die betekenisonderskeidings wat in 'n bepaalde betekenis gedink word, op die betrokke saak van toepassing is, of uit daardie betekenisonderskeidings kan maar net één of enkeles toegepas word. Die eerste vorm van gebruik is bekend as konjunkte en die tweede as disjunkte betekenistoepassing. Laasgenoemde is die sogenaamde metaforiese gebruik van die woord.

Die konjunkte toepassing is die gewone en die disjunkte toepassing die ongewone en opvallende. As 'n man vir sy vrou sou vra: Wat se sak het jy vandag aan? dan pas hy die vormloosheid uit die „sak"-betekenis toe op die vorm van sy vrou se rok, terwyl die onderskeiding: voorwerp om bv. graan of steenkool in te vervoer, wat beslis nie toegepas word nie, maar wel

op/...
86/...

op een of ander manier in die betekenis gedink word, daartoe bydra om die vrou te laat begryp dat die rok haar nie pas nie. Dit is disjunkte of metaforiese betekenistoepassing. Dit word nie altyd opsetlik gedoen nie, maar tog bewus. Die bewus wees van die teenstelling tussen die toegepaste en nie-toepaslike onderskeidings binne die betekenis maak 'n bepaalde gebruik metafories.

Die taaltegniese funksie van betekenis is om die woordvorm te stempel tot vorm van 'n bepaalde woord, en dit is dus nie identiek met die semantiese aspek nie. Die implikasies van hierdie stelling kan alleen maar besef word as die woord gesien word as 'n <u>eenheid van vorm en betekenis</u>. In die breë laag van die woordvoorraad verskil sowel die vorm as die betekenis sodat daar nie veel moeite is om te onderskei nie. Vgl. bv. <u>bas</u> en <u>bos</u>. Dit geld egter nie van woorde met dieselfde vorm maar verskillende betekenisse of ook van woorde met verskillende vorme maar dieselfde betekenis nie. Die woord <u>leer</u> kan sowel 'n „ladder" wees, as „gelooide huid" en „teorie". Ons het hier dus te doen met drie verskillende woorde (ofskoon die woordvorm dieselfde is) en dit is histories ook so, m.a.w. hulle het nie dieselfde oorsprong nie. Dit is eers maar nadat betekenis as tegniese funksie van die taal die vorm <u>leer</u> gestempel het tot vorm van die bepaalde woord <u>leer</u> = „<u>ladder</u>" of <u>leer</u> = „<u>gelooide huid</u>" of <u>leer</u> = „<u>teorie</u>" dat elk van hierdie drie woorde semanties kan optree soos <u>bas</u> of <u>bos</u> of enige ander woord wat

op/...
87/...

op grond van sowel vorm as betekenis onderskeibaar is. Met die woord bank is dit anders gesteld as met leer: vgl. bank = verkoopstafel en bank = kredietinstelling. Vandag is hulle verskillende woorde vir die woordgebruikers, maar die tweede een het uit die eerste ontwikkel. Daar is dus 'n historiese verband. Woorde met dieselfde vorm maar verskillende betekenisse word homonieme genoem. Dit is maklik om te onderskei tussen twee woorde as die woordvorm verskil, maar nie as die woordvorm dieselfde is nie. In hierdie gevalle het ons te doen met een woord as die onderskeidings binne sy betekenis vir dieselfde gebruiker by konjunkte gebruik 'n reeks vorm. Geen enkel woord het so iets as 'n kernbetekenis in die sin van 'n konstante groep onderskeidings nie.

Met die insig wat die voorafgaande paragrawe bring, weet ons nou dat die woord 'n eenheid is van vorm en betekenis, 'n linguïstiese konstantheid, en dat skool in die skool word geverf en die skool speel rugby nie twee woorde is soos bv. die homonieme saal (= 'n groot vertrek) en saal (= die tuig waarvan 'n perderuiter gebruik maak) nie. Van hierdie kennis dat die woord meer as een betekenisonderskeiding [2]) het, en

2) Die woord skool, geïsoleerd beskou, soos bv. in die woordeboek, beteken onder meer 1) instelling vir die opleiding van die jeug, 2) gebou waarin die opleiding gegee word, en 3) diegene wat daarin opgelei word. Hierdie betekenis van die woord (= 'n geheel met onderskeidings) verskil dus van die betekenis van die woord in die sin (vgl. weer die skool (= gebou) word geverf en die skool (= leerlinge) speel rugby) waar dit heenwys na iets in die veronderstelde werklikheid (= noem met een van die betekenisonderskeidings). Dit kom dus daarop neer dat die woord buite die sin beteken (met al sy betekenisonderskeidings) en in die sin noem met een of meer van daardie betekenisonderskeidings.

dat/...
88/...

dat elke betekenisonderskeiding nie 'n ander woord veronderstel nie, sal gebruik gemaak word by die beskouing oor die betekenis van die werkwoord as struktuurmoment.

'n Kategorie-eenheid soos die sin het ook kleiner kategorie-eenhede, soos bv. die plek van die werkwoord, sametrekking, inversie en so meer. En by 'n kategorie-eenheid soos „die plek van die werkwoord" kan daar nog kleiner kategorie-eenhede onderskei word soos bv. die plek vóór 'n bywoord, die plek ná 'n bywoord, die plek voor 'n saamgestelde woordgroep, die plek daarna, die plek tussen twee woordgroepe ensovoorts.

Vir elke kategorie is daar kategorieverteenwoordigers en vlakke van gebruik. 3) Die kategorie-eenheid „plek van die werkwoord" het bv. verskeie verteenwoordigers, wat reeds genoem is, soos vóór of ná 'n bywoord. As dit nou die aard van die bywoord is wat bepaal of die werkwoord sal voorafgaan of volg, dan sal die aard van die bywoord die vlak van gebruik wees. Dit kan in die skryftaal soos volg geïllustreer word aan die hand van die meervoudsvorm wat 'n kategorie-eenheid is: Die verteenwoordiger met s (man x mans) of dié met e (saal x sale) se gebruik word bepaal deur ander verskynsels wat bv. soos volg geformuleer kan word: „as die eenlettergrepige selfstandige

3) Vgl. G.J. Labuschagne .... Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 25 vlg.

naamwoord/...
89/...

naamwoord op -ee eindig, kry die laaste -e 'n deelteken in die meervoud, bv. see x seë. Hierdie eindiging van 'n woord op -ee wat die deeltekon-e in die meervoud vereis, is 'n vlak van gebruik van die e-verteenwoordiger van die kategorie meervoud. In die spraak word daar van 'n bykomende dowwe e-klank gebruik gemaak om die verskil tussen die enkelvoud en die meervoud kenbaar te maak, m.a.w. die eenlettergrepige e van die enkelvoud word meerlettergrepig in die meervoud, m.a.w. die patroon enkelvoud + e = meervoud word behou!

Tradisionele opvatting oor die werkwoord as struktuurmoment.

Daar is seker min vrae wat so dikwels deur die taalgebruiker gestel word as die vraag waar die werkwoord in die sin geplaas moet word. Eienaardig genoeg gebeur dit in die reël net wanneer die taalgebruiker skryfwerk doen en daarvan bewus is dat hy besig is om taal te gebruik, en nie wanneer hy in gesprek verkeer nie. Dit is vermoedelik daaraan te wyte dat persone wat skryf, meermaal te doen kry met vreemde stof wat hulle nie so goed beheers nie as sprekers wat hulle gewoonlik op bekende terrein bevind, en ook omdat skryf die taaldaad verander tot 'n bewuste daad. Hoe dit ook al sy, die antwoord op die vraag is merendeels dat die werkwoord òf aan die end van die sin geplaas of „vervroeg" moet word, en die maatstaf waarmee gemeet word, is in die meeste gevalle of die sin vlot lees of nie. Die standpunt dat die werkwoord aan die end van die sin moet kom, berus in

baie/...
90/...

baie gevalle op die vae stelling dat dit in Afrikaans so hoort terwyl die voorstanders van „vervroeging" hulle daardeur laat lei dat die werkwoord aan die end van die sin 'n verwronge sinsbou gee, tot 'n opeenhoping van werkwoorde lei, die sin hortend maak, die ritme bederf of ook dat die groot hoeveelheid taalmateriaal wat soms teen wil en dank tussen die onderwerp en die gesegde ingeskuif moet word, die brein van die leser onnodig belas of hom die draad êrens kan laat verloor. Ritme, stamperigheid en vloeiendheid is stylsake waarmee eers in die tweede plek rekening gehou moet word, en dit kan alleen maar die deurslag gee as die wetmatighede van die taal en interpreteerbaarheid nie daardeur geweld aangedoen word nie.

In die sin: (a) Groot moeilikheid is egter ondervind om genoeg beroepspelers wat die hele dag vir repetisies beskikbaar sou wees, te kry, kan te kry net sowel na beroepspelers staan: (b) Groot moeilikheid is egter ondervind om genoeg beroepspelers te kry wat die hele dag vir repetisies beskikbaar sou wees, omdat daar nòg met die interpretasie van die een nòg met dié van die ander iets skort. Albei sinne is bruikbaar vir dieselfde situasie en volkome taalmatig gestruktureer. Dit is dus nie bloot 'n kwessie van styl, en die een skrywer kan die eerste sin verkies omdat dit meer in sy smaak val terwyl 'n ander om dieselfde rede die tweede sin kan verkies. As diegene wat sonder meer uitsluitsel oor taalsake gee, in hierdie geval sou besluit dat die werkwoord „vervroeg" moet word, sou sy

beslissing/...
91/...

beslissing wel op stilistiese gronde verdedig kon word.

Hoe klink dieselfde sin soos volg? :

(c) Groot moeilikheid is egter ondervind om genoeg beroepspelers, wat die hele dag beskikbaar sou wees vir repetisies wat dringend noodsaaklik geword het vir die spelers om die nodige oefening te kry, te kry.

Stilistiese sou niemand só skryf nie, en praktiese sou daarna gestreef word om die een te kry te vermy, maar die sin is volkome wetmatig en in ongespanne spraak kan dit voorkom. Met behoud van al die woorde, sou 'n nie-verwarrende sin hier slegs moontlik wees deur die laaste te kry te vervroeg tot net na beroepspelers. Stilistiese of struktureel?

Dat swak styl in uiterste gevalle erg steurend kan wees en selfs interpretasie kan bemoeilik, (let wel, bemoeilik, en nie 'n ander interpretasie gee nie) is inderdaad waar, en swak styl word nie verdedig op grond daarvan dat daar andersins, d.w.s. op taalmatigheidsgronde, niks teen 'n sin in te bring is nie. Daarvan sal die volgende sin stellig getuig:

(d) Baie Portugese muntstukke van dieselfde waarde lyk heeltemal verskillend, en as 'n mens in 'n vreemde land waar die taal reeds 'n struikelblok is, is, is dit lastig as jy boonop nog met so 'n verskeidenheid geldstukke te doen kry.

Maar/...
92/...

Maar sal gevalle soos (b), (c) en (d), veral (d), in die spreektaal voorkom? Die woordgroep om te kry wat in sin (c) gebruik word, is nie 'n geslote woordgroep nie, en dit is inderdaad taalmatig om om en te kry te skei, en wel deur die direkte voorwerp — in ons sin beroepspelers. As 'n woordgroep nie ter wille van eenduidigheid geskei moet word nie, is die aangewese weg om dit bymekaar te hou. In sin (c) sou normaalweg verwag kon word dat die taalgebruiker te kry op beroepspelers sou laat volg, m.a.w. hy sou die skeiding tot 'n minimum beperk. Deur dit nie te doen nie, stoot hy te kry uit tot heel aan die end van die sin. Die vraag is nou maar net of die moontlikheid wat die taal bied om om en te kry te skei, hier nie opsetlik uitgebuit word nie, en wel op grond van die wanopvatting dat die werkwoord aan die end van die sin moet kom?

Dat daar op taalmatigheidsgronde geen beswaar teen die skeiding van die woordgroep kan wees nie en dat die skeiding/nie-skeiding daarvan bloot struktuurvariante kan wees, blyk uit die volgende voorbeelde:

(e) Versoek hom om te kry al wat hy kan;

x

(f) Versoek hom om al wat hy kan, te kry.

In sin (c) is die skeiding van die woordgroep dwingend. Uit sinne (e) en (f) blyk dat die taalgebruiker 'n keuse het. Dit hang af

van/...
93/...

van die aard van die omringende woorde, woordgroepe, sinsdele en sinslede; en die vraag of die mededeling eenduidig of meerduidig is, moet dan bepaal of die woordgroep geskei moet word of nie. Die maatstaf is betekenis.

Die verskynsel wat hom in sin (c) voltrek, is nog verder gevoer in sin (d), want is word daarin nie minder nie as drie keer gebruik, met geen skeiding daartussen nie behalwe kommas. Dit is wel waar dat die eerste en die derde is 'n koppelwerkwoord en die middelste is 'n selfstandige werkwoord is, maar die gelykluidendheid (formele ooreenkoms) en die opeenhoping hinder, en buitendien is die sinsmelodie versteur, veral die melodie van die sinsdeel: ..... as mens in 'n vreemde land is .... Die betekenis van die sin word egter nie geraak nie, behalwe in soverre dat die interpretasie enigermate bemoeilik word. Die sinsmelodie vervul hier dus ook nie 'n struktuurfunksie nie, m.a.w. dit is hier nie 'n struktuurmoment nie.

Alternatiewe vir sin (d) is die volgende:

(i) Baie Portugese muntstukke van dieselfde waarde lyk heeltemal verskillend, en as 'n mens in 'n vreemde land is waar die taal reeds 'n struikelblok is, is dit lastig .....

(ii) Baie Portugese muntstukke van dieselfde waarde lyk heeltemal verskillend, en as 'n mens jou in 'n vreemde land bevind waar die taal reeds 'n struikelblok is, is dit lastig .....

Daar/...
94/...

Daar is dus strukture waar 'n bepaalde woordorde nie dwingend is nie en die taalgebruiker 'n keuse kan maak: Hy slaap vannag buite x Vannag slaap hy buite, bloot omdat die hy van die eerste sin en die hy van die tweede sin dieselfde hy is, en dit ook van slaap, vannag en buite geld. Die plek van die werkwoord (in die een sin ná en in die ander een vóór hy) maak nie 'n ander betekenis kenbaar nie. Dit is dus, 'n stylsaak, 'n vryheid wat die taal die taalgebruiker toelaat, en die keuse is opsioneel, want daar kan nóg teen die styl van die eerste sin nóg teen dié van die tweede enige beswaar wees. Wat vir die sintaktikus hier van belang is, is dat die verskuiwing van een woord, sê vannag, van die derde plek in die eerste sin na die eerste plek in die tweede sin, meegebring het, nie toevallig nie maar dwingend, dat sowel slaap as hy van plek moes verwissel, m.a.w. dat die plek wat één woord in 'n sin inneem, 'n verband het met die plek wat 'n ander woord of woorde (moet) inneem. Daar is dus vryheid in soverre dat die sin met òf hy òf vannag begin kan word, 'n stylaangeleentheid dus, en gebondenheid deurdat vannag nie verskuif kan word nie tensy hy en slaap ook verskuif, 'n struktuursaak, want vannag hy slaap buite sal nóg die stilis nóg die strukturalis bevredig.

As styl en interpretasie egter bots, moet laasgenoemde die deurslag gee of die sin nou al hortend is, ritmies nie bevredig nie of te hoë eise aan die leser stel. Die werkwoord kon in voorbeeld (a) op bl. 90 „vervroeg" word, maar sou dit ook in die volgende geval

moontlik/...
95/...

moontlik wees?:

<u>As 'n sterk man wat goed gewapen is, sy huis bewaak, is sy besittings veilig</u> (Luk. 11:12)? Nee, want die sin: <u>As 'n sterk man sy huis bewaak wat goed gewapen is, is sy besittings veilig</u>, is nie bruikbaar vir die situasie waarvoor die sin in sy oorspronklike vorm ontwerp is nie. Deur in hierdie geval te vervroeg, sou daar 'n ander groepering van woordgroepe kom, dus 'n ander struktuur en 'n ander betekenis. Vergelyk weer die rekensomme van vroeër. Die twee voorbeelde is dus nie analoog nie.

Die stylleer hou hom besig met die naspeur van die stilistiese werking van die verskillende uitdrukkingsmiddele, waaronder die verskillende moontlikhede van woordplaatsing. Tot die sintaksis behoort uitsluitend die strukturele aspekte, sowel van die reekse gevalle van vaste woordvolgorde as van dié waarby die volgorde kan varieer. Dit kom daarop neer dat daar geen algemene reël vir die plek van die werkwoord ten opsigte van die hele sinstruktuur voorgeskryf kan word nie; dit is varieerbaar, afhanklik van die geheel of dele van die geheel of, breed gestel, van die omringende taalmateriaal, en die oogmerk is om die moontlike situasies te ondersoek en die wetmatigheid daaruit te haal.

Hoër op is gemeld dat <u>hy slaap vannag buite</u> en <u>vannag slaap hy buite</u>, breed beskou, struktuurvariante is omdat die twee strukture dieselfde betekenis kenbaar maak. Daar is egter 'n verskil tussen die

twee/...
96/...

twee strukture (afgesien van die woordorde) wat ons standpuntinname en werklikheidstelling kan noem, en waar dit by eersgenoemde gaan oor die subjektiewe element en by laasgenoemde oor die objektiewe element van taal. As iemand praat, doen hy twee dinge: dit gaan by hom oor iets, hy verwys na iets in die veronderstelde werklikheid, en hy sê daaroor iets. Eersgenoemde is objektief, laasgenoemde subjektief. Uit die subjektiewe oogpunt beskou, is daar 'n subtiele verskil tussen hy slaap vannag buite en vannag slaap hy buite deurdat die vooropstelling van die bywoordelike bepaling van tyd in die tweede sin die aandag sterk vestig op die bywoordelike bepaling en dit voorrang laat kry bo wat daarop volg.

Met wat die spreker oor iets in die veronderstelde werklikheid sê, word bedoel dat hy op die een of ander manier standpunt inneem ten opsigte van daardie werklikheid, daarop reageer. Die reaksie is dus iets subjektiefs van die spreker as sodanig. Dit kan 'n gevoelsreaksie, 'n wilsreaksie of 'n oordeelsreaksie wees. Op die gevoelsvlak kan dit 'n reaksie wees van vreugde, pyn, waardering en so meer, in 'n verskeidenheid skakeringe. Op die wilsvlak kan dit bv. betrekking hê op die hoorder. Dit kan die wens of die wil wees dat die hoorder op 'n bepaalde wyse op iets in die veronderstelde werklikheid moet reageer, miskien selfs iets bepaalds werklik sal doen. Op die oordeelsvlak

word/...
97/...

word dit, as dit tot uiting gebring word, 'n bewering. Bowendien kan die wilsreaksie van die spreker spesiaal daarop gerig wees om die hoorder tot die uiting van 'n oordeel te bring.

As die twee sinne Jan kom móre en móre kom Jan op volkome neutrale toon uitgespreek word, is daar fakties geen verskil nie, maar subjektief word daar wel 'n verskil gemaak soos hoër op gemeld. Hierdie standpunt word gestaaf deur die feit dat die sinne, by die toepassing van klem, hulle eenders gedra:

Móre kom Jan x Jan kom móre (vreugde oor die vooruitsig dat Jan more al kom, en nie eers veel later nie.)

More kóm Jan x Jan kóm more (vreugde oor die vooruitsig dat Jan kom en nie langer wegbly nie).

More kom Ján x Ján kom more (vreugde oor die vooruitsig dat Jan ('n gewilde persoon) kom, en nie bv. Piet ('n ongewilde persoon) nie.

Deur die aanwending van sowel klem as toon kan die spreker aandui dat daar nie 'n gevoel van vreugde oor die vooruitsig van Jan se koms is nie, maar wel van afkeur. Die voorafgaande is egter voldoende om die

breë/...
98/...

breë stelling te staaf dat ons hier in die eerste plek met struktuurvariante te doen het.

Namate die sinstruktuur afwyk van die voorafgaande patroon, d.w.s. die patroon met 'n bywoordelike bepaling, kom dit ongewoner voor, soos bv. hy is lui x lui is hy, en word die subjektiewe element sterker op die voorgrond gedring. Daar is nie gevalle waar die agterplaatsing van die subjek dwingend is en die taalgebruiker nie 'n keuse laat nie.

Daar is egter ook nog sinne soos: Ek het haar geknyp aan die arm en hy het die byl gebêre in die pakkamer waarmee selfs die grootste voorstander van die „vervroeging" van die werkwoord nie genoeë sal neem nie, om nie eers van hy het gebêre die byl in die pakkamer te praat nie. In gevalle soos hierdie loop stylwet en struktuurwet en dus ook die wetmatighede oor die plek van die werkwoord, hand aan hand.

Uit die voorafgaande volg dit dat daar nie maar willekeurig te werk gegaan kan word by die bepaling van die plek van die werkwoord nie, maar dat daar steeds met die rol van die betekenis van die woord as struktuurmoment asook met die omringende taalmateriaal rekening gehou moet word, en ook daarmee dat daar plekke vir die werkwoord in die sin is wat verantwoord kan word en ander wat nie verantwoord kan word nie. Die betekenis en plek van die werkwoord het, net soos dié van ander meewerkende formele struktuurmomente, 'n positiewe of 'n negatiewe invloed op die ordening van die dele van

die/...
99/...

die geheel, en dit moet gemeet en getoets word aan prinsipes soos die interpreteerbaarheid van die sin, en dus ook aan die interpreteerbaarheid van die omliggende woorde en/of woordgroepe.

By die interpretasie van die sin, moet ons noukeurig let op die —

(i) beweeglike simbolisasie van die woord, wat verwys na sy bruikbaarheid in meer as een situasie en terugvoerbaar is op sy semantiese aard: 'n verskeidenheid van betekenisonderskeidings (skakels) van dieselfde woord (ketting);

(ii) kombinatoriese simbolisasie van die woord, d.w.s. die vermoë van woorde om mekaar se betekenis wedersyds te bepaal; en

(iii) die sintaktiese groeperingsprinsipes, waarby reeds in die vorige hoofstuk stilgestaan is na aanleiding van die beskouings van verskeie outeurs.

Samevattend kan ons sê (en dit sluit die verdedigbare beskouings van die behandelde outeurs in) dat die sin geïnterpreteer word deur middel van —

(a) die onderlinge sintaktiese verbindbaarheid van woorde (kombinatoriese simbolisasie);

(b) die saaklike betekenisse van woorde (beweeglike simbolisasie);

(c) die/...
100/...

(c) die sintaktiese groeperingsprinsipes waarop die verbindbaarheid van woorde berus, genoem op bl. 56 - 59; wat -

(i) mekaar steun as dit nodig is;

(ii) isoleer wat gekontinueer moet word en neutraliseer wat nie gekontinueer moet word nie; en

(iii) die woorde, woordgroepe en sinslede orden; of

(iv) mekaar moet uitsluit as dit nodig is.

KOMBINATORIESE SIMBOLISASIE VAN DIE WERKWOORD AS STRUKTUURMOMENT.

Die eerste aanduiding dat woordbetekenis as struktuurmoment kan funksioneer, kry ons in 1928 by John Ries toe hy in Zur Wortgruppenlehre (bl.139) die "semantischen (Eigenbedeutung der Glieder)" as sintaktiese middel toegevoeg het tot die reeks struktuurmomente van H. Paul. Nieteenstaande die belangrikheid van woordbetekenis as struktuurmoment, het Ries se standpunt tot dusver weinig belangstelling gewek, en slegs enkele taalkundiges het dit intussen regstreeks as sodanig erken en probeer uitbou. Onder diegene wat hulle daarin interesseer het en dit uitdruklik as sintaktiese middel noem, is Labuscagne[4] en Van den Berg[5].

Die betekenis van die woord is dus nie net daar ter wille van saaklike mededeling nie, soos bv. dat eet eet beteken en nie drink nie, want die semantiese

4) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek (bl. 72).

5) De Zinsbouw in het Nederlands: De nieuwe Taalgids L (1949), bl. 122.

(leksikale)/...
101/...

(leksikale) aard van die woord help ook om groepering tot stand te bring, soos uit die volgende sinne blyk:

(a)(i) Die man van die bosveld wat gister hier was.

(ii) Die man van die bosveld wat gister verbrand het.

(b)(i) Die man van die bosveld wat gister as droogtegebied verklaar is.

(ii) Die man van die bosveld wat gister verbrand is.

In hierdie sinne is dit net die betekenis van die woorde wat op wat volg, en meer bepaald die betekenis van die werkwoord, wat bepaal of dit groepeer met die man soos in sinne (a)(i) en (ii) of die bosveld soos in sinne (b)(i) en (ii).

As die woord nie die potensiaal gehad het om kombinatories te simboliseer en met ander woorde te groepeer nie, sou daar benewens die moontlikheid dat die taalgebruiker hom op eenwoordsinne sou moes verlaat, ook gedurig die moontlikheid van meerduidigheid en selfs sinloosheid gewees het, soos wat bv. die geval sou gewees het as was in sin (a)(i) saam met die bosveld en verklaar is in sin (b)(i) saam met die man geinterpreteer kon word. Daar kom wel gevalle voor van werkwoorde wat in die voorbeelde hierbo, op sowel die man as die bosveld betrekking kan hê, en hierby word later stilgestaan.

B. van den Berg onderskei in sy artikel De Zinsbouw in het Nederlands[6] twee soorte bepalings: (a) bepalings wat kenmerke van voltrekking noem, en (b) bepalings wat die kenmerke van die betekenis van die werkwoord aangee. Dié van die eerste soort sou (chrono-)logies gerangskik wees, d.w.s. van links na regs, en dié van die tweede soort volgens die graad van samehang, en wel van regs na links, sodat die deel van die bepaling van die werkwoord wat die nouste daarmee saamhang, die verste daarvan verwyder is:

Onderwerp.	Persoonsvorm.	Kenmerke van voltrekking.		Kenmerke van betekenis.		
		tydstip (a)(1)	voorwaarde (a)(2)	omstandigheid (b)(3)	hoedanigheid (b)(2)	Rigting (b)(1)
De kinderen	gaan	morgen	bij goed weer	met hun allen	op de fiets	naar Y.
		(Logiese volgorde van links na regs.		(Volgens graad van samehang van regs na links.		

In sy artikel: „Sanering van de Zinsontleding" van 1957[7] kom die tweeledige indeling egter nie ter sprake nie. In die eersgenoemde artikel beskou hy die werkwoord (of liewer die gesegde) as die kern van die verskeie soorte bepalings, maar in sy beskouing oor die sinsontleding wys hy die verbinding uitdruklik as soonderwerp + gesegde (+ uiteindelike aanvulling) as sodanig aan. Dit is nie maklik om die saak op te los

6) De Nieuwe Taalgids XLII (1949), bl.122.

7) De Nieuwe Taalgids L (1957), bl.19 vlg.

nie/...
103/...

nie, en die feit dat verskillende soorte bywoord- en voorsetselgroepe ook by 'n infinitief of deelwoord kan optree, lewer nie afdoende bewys dat dit uitsluitend bepalings van die werkwoord is nie omdat daar maklik 'n sintaktiese verskuiwing kan wees. Al die sinsdele wat die tradisionele grammatikas bywoordelike bepalings noem, kan ook nie sonder meer as gelykwaardig of gelyksoortig beskou word nie. Sommige daarvan sluit onmiddellik by die werkwoord aan, wat Van den Berg dan ook tereg as aanvullings by die werkwoord beskou: (Vader) blijft in Arosa en (mijn buurman) gaat naar zijn kantoor. Die semantiese aard van die werkwoord is hier deurslaggewend.

Voeg ons by sin (a)(i) die man van die bosveld wat gister hier was en sin (b)(i) die man van die bosveld wat gister as droogtegebied verklaar is, nog 'n sin, nl. (c) die man van die bosveld wat gister deur die Minister besoek is, vind ons dat die werkwoord nie met òf die bosveld òf die man afsonderlik groepeer nie, d.w.s. neutraal is. Die vraag is dan of dit hier om 'n uitsondering gaan, dan wel of daar 'n ander prinsipe in die gedrang is.

In plaas daarvan om die aanwesigheid van 'n sekere sistematiek te ontken, moet ons daarop bedag wees dat verskillende sisteme mekaar kan kruis, dat daar 'n verklaring vir die verskynsel moet wees, en dat die opvatting van die sogenaamde „afwykings" of „uitsonderings op die reël" oorblyfsel is van 'n uitgediende stelsel en verouderde opvatting wat nie meer

'n plek/...
104/...

'n plek in 'n wetenskaplike beskouing van die taal en sy verskynsels en probleme het nie.

Die skynbaar neutrale stand wat die werkwoord in sin (c) inneem, is daaraan toe te skryf dat die leksikale aard van sowel die man as die bosveld dit moontlik maak vir besoek is om op grond van sy leksikale aard daarmee te groepeer. Uit die beskouing van sinne (a)(i) en (b)(i) blyk dit dat sowel dis man (wat groepeer met hier was) as die bosveld (wat groepeer met verklaar is) as afsonderlike woordgroepe optree. Dit word bv. bevestig deur 'n ontleding van die sin: die man sing van die bosveld vergeleke met die man van die bosveld sing. By laasgenoemde sin kan daar natuurlik geen sprake van twee afsonderlike woordgroepe: die man en van die bosveld wees nie, en sing kan hier alleen maar groepeer met 'n bepaalde man, en dit is die een wat nader bepaal word deur die uitbreiding van die woordgroep tot die man van die bosveld. Die verklaring vir die skynbare onvermoë van besoek is om afsonderlik te groepeer met òf die man òf van die bosveld, moet dan tweedens daarin gesoek word dat ons hier nie met twee woordgroepe te doen het nie, maar wel met een wat saamgestel is uit die man en van die bosveld, soos in die geval van die man van die bosveld/sing. Die geheim van die saak lê natuurlik daarin dat ons in hierdie ontledings gewoonlik met ons oë opereer en dus nie die sinsklank van die woordgroep hoor nie.

Uit/...
105/...

Uit voorbeelde (a) en (b) blyk dat ons in elke geval met 'n afsonderlike (werk-)woord met 'n kenmerkende vorm te doen het en dus met die betekenis van verskillende woorde, d.w.s. nie met verskillende betekenisonderskeidings van dieselfde woord nie. (Vgl. weer die betekenisonderskeidings van skool in die skool sluit en die skool speel rugby, waar skool in die skool sluit beteken (noem) met al sy betekenisonderskeidings terwyl daar in die skool speel rugby net een betekenisonderskeiding van die woord skool geaktueer word.) Dit bring ons by die tweede aspek van betekenis as struktuurmoment, nl.:

DIE BEWEEGLIKE SIMBOLISASIE VAN DIE (WERK-)WOORD AS STRUKTUURMOMENT.

Die voorafgaande, asmede ander taalfeite, bewys dat daar 'n taalbeginsel is dat die semantiek die sintaksis bepaal; ook dat sommige taalfeite op een of ander tydstip van taalgebruik belangriker is as ander. Die antwoord op die vraag wat dit is wat hulle belangrik maak, is dat dit onder andere die semantiek is. Daar is ook nog die beginsel dat die leksikale aard van elke woord kan vasle wat in die tyd op daardie woord as taalvorm kan volg en wat nie. Ruim opgeneem, is die voorafgaande almal vertakkings van die beginsel dat die semantiek die sintaksis bepaal en beheers. By die beskouing hier moet daar egter uitgegaan word van die standpunt dat 'n woord maar net een betekenis het en dat wat tradisioneel as verskillende betekenisse van dieselfde woord beskou word, inderdaad maar net

onderskeidings/...
106/...

onderskeidings van daardie één betekenisgeheel is. Die Uniegebou is een gebou ofskoon dit uit verskeie vleuels bestaan, 'n noordelike, 'n suidelike, 'n westelike en so meer, en net so min as wat ons aan een van die vleuels as 'n afsonderlike gebou dink of dit as 'n afsonderlike gebou beskou, kan aan die verskeie betekenisonderskeidings van dieselfde woord as afsonderlike of verskillende betekenisse gedink word. Elke keer wat die woord dan gebruik word, kom daar een of enkele betekenisonderskeidings in die gedrang of word een of enkele betekenisonderskeidings geaktueer (= denkend na vore gebring).

Ons vergelyk kortliks twee sinne om die beweeglike simbolisasie van die woord (sy meerbetekenendheid) as struktuurmoment te illustreer:

Ek weet (dit) dat hy werk,

en

Ek noem dit sonde dat hy moet verseg.

Hier het ons twee dat-sinsledе, met in die eerste sin die voornaamwoord dit wat toevallig gebruik word en in die tweede sin die voornaamwoord dit wat struktureel noodsaaklik is. Waarom die dit in die tweede sin essensieel is, blyk uit die feite, nl. dat dit die geaktueerde betekenisonderskeidings van hiere woorde is wat die gebruik van die anafoor (dit) hier noodsaaklik maak. Ons ondersoek dus die betekenisonderskeidings van daardie woorde en begin met die werkwoord, noem (ek noem dit sonde dat .....), wat twee betekenisonderskeidings het wat hier van belang is:

(a) Noem

107/...

(a) Noem^{X}, 'n naam sê: Hy noem my naam ook. Noem my die naam van 'n slegte ding? Ek noem sonde.

(b) Noem^{XX}, beskryf of karakteriseer as: Ek noem drankmisbruik sonde. Ek noem 'n daad van die duiwel sonde.
(Opm. Daar is nog 'n derde betekenis van noem, nl. 'n naam gee: Ek noem hom Koos, maar dit kom nie hier ter sprake nie.)

By 'n nader beskouing van die sinsmodelle waarin noem^{X} en noem^{XX} hierbo geaktueer is, blyk dit dat:

(a) noem^{X} voorkom in die sinsmodel: s. vf. obj.: Ek noem sonde.

(b) Noem^{XX} gebruik word in die sinsmodel : s. vf. obj. pred.-attr.: Ek (s) noem (vf.) 'n daad van die duiwel (obj.) sonde (pred.-attr.).

Ontleed ons vervolgens die geaktueerde betekenisonderskeidings van die woord sonde aan die hand van die modelle met noem^{X} en noem^{XX}, dan vind ons dat die geaktueerde betekenisonderskeidings soos volg van die geaktueerde onderskeidings van noem as gesegdewoord afhanklik kan wees:

(i) sonde^{X}, 'n oortreding van die wet van God.

(ii) sonde^{XX}, laakbaar, te betreur, sondig, en albei kom met noem^{X} en noem^{XX} soos volg voor:

(a) Met noem^{X} ('n naam sê) net sonde^{X} ('n oortreding van die wet van God) in die model: s. vf. obj./...

obj., en dan net as $\underline{sonde}^{X}$ die obj. is, vgl. weer: Ek noem sonde.

(2) met $\underline{noem}^{XX}$ (karakteriseer as) ook $\underline{sonde}^{X}$ ('n oortreding van die wet van God) in die model: s. vf. obj. pred.-attr., en wel as $\underline{sonde}^{X}$ die obj. is: Ek noem sonde 'n daad van die duiwel.

(3) met $\underline{noem}^{XX}$ (karakteriseer as) ook $\underline{sonde}^{XX}$ (laakbaar, sondig) in die model s. vf. obj. pred.-attr. en dan as $\underline{sonde}^{XX}$ die predikatief-attribuut is: Ek noem jou handelswyse sonde.

Die verskil tussen die geaktueerde betekenisonderskeiding van $\underline{noem}^{X}$ en $\underline{noem}^{XX}$ hang dus daarvan af of die voorwerp wat elkeen volgens sy geaktueerde onderskeiding kan besit, met of sonder 'n predikatief-attribuut voorkom : die voorwerp (ons bepaal ons nou eers tot 'n woord of woordgroep) van $\underline{noem}^{XX}$ projekteer dus noodsaaklik vooruit op 'n predikatief attribuut, anders het ons te doen met $\underline{noem}^{X}$. En die verskil van die geaktueerde onderskeidings van $\underline{sonde}^{X}$ en $\underline{sonde}^{XX}$ hang weer daarvan af of dit die voorwerp is van $\underline{noem}^{X}$ of $\underline{noem}^{XX}$ (dan $\underline{sonde}^{X}$) of predikatief-attribuut van $\underline{noem}^{XX}$ (dan $\underline{sonde}^{XX}$).

Uit ons voorbeelde: Ek noem $\underline{sonde}^{X}$ (obj.) 'n daad van die duiwel (pred.-attr.) wat dieselfde formuleringsmodel het, leer ons ook die belangrike reël dat die voorwerp in hierdie model (s. vf. obj. pred.-attr.) die predikatief-attribuut wat daarop betrekking het, voorafgaan. Hierdie verskuiwing van

die/...
109/...

die sintaktiese gelding van sonde (van obj. tot pred.-attr.), wat ook 'n verskuiwing is van geaktueerde betekenisonderskeiding (van sonde^{x} tot sonde^{xx}) is vir ons van belang.

Dit volg dus uit die sinsmodelle dat die vormende geheel (die sin soos dit gevorm word) met noem^{xx} soos volg daar kan uitsien as die voorwerp 'n woord of woordgroep is: s. vf. obj. pred.-attr.

As daardie voorwerp nou 'n dat-sinslid is, kan hierdie formuleringsmodel gevolg word en kan ons sê: Ek noem^{x} dat so 'n man moet versleg (obj.) sonde^{xx} (pred.-attr.), d.w.s. die reël dat die voorwerp in die tyd kan voorafgaan aan die pred.-attr. wat daarop betrekking het, word gehandhaaf. Maar met 'n dat-sinslid as voorwerp, het ons weer 'n alternatiewe opeenvolging in die tyd wat nie moontlik is as die voorwerp 'n woord of woordgroep is nie, en dit is nl. dat die (eintlike) voorwerp (die dat-sinslid) in die tyd wél ná die predikatief-attribuut kan volg: Ek noem^{x} dit sonde^{xx} (pred.-attr.) dat so 'n man moet versleg (obj.). Nou kan hieruit twee moontlikhede ontstaan, waarvan Afrikaans één sal kies:

(i) òf die model kan word s. vf. pred.-attr. obj. (dat-sinslid), d.w.s. ons reël word opgehef deur 'n plekverwisseling tussen die pred.-attr. en die voorwerp: Ek noem^{xx} sonde^{xx} dat so 'n man moet versleg (obj.);

...

(ii) òf/...

(ii) òf die model kan word s. vf. obj. (anafoor) pred.-attr. obj. (dat-sinslid), d.w.s. die reël wat in (i) opgehef word, word herstel, nie deur die plek van die (eintlike) voorwerp (die dat-sinslid) te verander nie, maar deur laasgenoemde anafories (dit) in die tyd aan die pred.-attr. te laat voorafgaan: Ek noem^{xx} dit sonde^{xx} dat so 'n man moet verslag.

Ons taalervaring leer ons dat die laasgenoemde model, d.w.s. dié een met die volgorde-reël: obj. pred.-attr. die juiste is. Die anafoor is hier dus 'n plaasvervanger van die dat-voorwerpsinslid. Die vormende geheel (soos die sin opgebou word) met 'n dat-sinslid is dus: s. vf. obj. (anafoor) pred.-attr. obj. (dat-sinslid), en as hiervan afgewyk word, dan het ons te doen met 'n afwykende sintaktiese model wat normaal vir ander geaktueerde betekenisonderskeidings van noem is. Daar is dus 'n groeperingskruising, want sonde word geïnterpreteer as 'n afwyking van die wet van God i.p.v. as [illegible]aar, sondig, en noem^{x} en noem^{xx} se betekenisonderskeidings kruis mekaar op dieselfde manier. Eers nadat die hoorder die hele sin gehoor het, herstel hy hierdie kruising en interpreteer dan die sin (en daarmee noem en sonde) normaal volgens die bedoeling van die spreker. Die noodsaaklikheid om later te herstel om te kan interpreteer is egter juis wat die taal nie wil hê nie. Daarom het die taal formuleringsmodelle wat deurgaans 'n interpretasieharmonie gee. En dit is

waarom/...
111/...

waarom die gebruik van dit in die sin: Ek noem dit goede dat so 'n man moet versleg, essensieel word. By: Ek weet (dit) dat hy sal kom, bied weet nie die moontlikheid van 'n kruising van betekenisonderskeidings nie, en daarom is die gebruik van dit hier nie sintaktiès essensieel nie.[8)]

So vind ons die sisteem wat die taal beheers en so kom ons agter al die dryfvere wat maak dat ons die taal gebruik soos ons hom gebruik en ken soos ons hom ken. Dit bring ook die insig dat die taalwetenskap met die bestudering van taalbeginsels nie 'n studie van die grammatika bedoel nie, maar wel die soek na die grondbeginsels waaruit en waarmee die grammatika opgestel moet word.

Die vraag word dikwels gestel hoe Afrikaans gestruktureer is, maar die antwoord daarop kan nie gevind word nie omdat die taal verborge lê tussen baie verskynsels wat nie taalverskynsels is nie, soos die denkwette, fisiese variasie van klanke, assosiasie en so meer.

Terwyl dit hier gaan oor die „betekenis" van die werkwoord as struktuurmoment, en aangesien assosiasie dikwels met betekenis verwar word, kom dit raadsaam voor om kortliks daarby stil te staan.

8) Die voorafgaande uiteensetting is gegee met gebruikmaking van 'n artikel van G.J. Labuschagne in Die Basembos (Jaarblad van die Univ. van Potchefstroom vir C.H.O.) 1957, en Honneursskripsie van G.F. Ferreira: Enkele Beskouings oor die Taalwetenskap in die Twintigste Eeu: Universiteit van die Witwatersrand, 1957.

Op/...
112/...

Op die vraag wat onder assosiasie verstaan word, antwoord Reichling[9]: Ten eerste, die proses dat een ervaringsmoment wat op 'n later tydstip gegee word, 'n tweede ervaringsmoment oproep, en ten tweede, die band wat die twee betrokke ervaringsmomente verbind. Assosiasie in die eerste sin is die ervaringsverskynsel en assosiasie in die tweede sin, 'n noodsaaklike voorwaarde vir assosiasie in die eerste sin. Sonder assosiasie^2 is assosiasie^1 onbegryplik.

Die groot beswaar teen alle vorme van assosiasionisme is dat dit geen verklaring bied van die feit at die taalgebruiker die woord as 'n eenheid (van betekenis en vorm) ervaar, en nie as 'n reeks opeenvolgende momente nie. Hierdie laaste verskynsel alleen sou assosiasie in een of ander vorm kon verklaar. Die woord veronderstel 'n eenheidgewende handeling waarin die woordeenheid geponeer word, en stel dit dus lynreg teenoor assosiasie.

As A en B oor Johannesburg gesels, en gestel dat albei Johannesburg goed ken, sal albei by die noem van Kommissarisstraat weet dat dit 'n lang teerstraat is wat aan weerskante dig bebou is, dat dit van oos na wes deur die stad loop, die hoofdeurgang is en so meer. Dit is die kennis wat deur middel van die woord Kommissarisstraat meegedeel en ervaar kan word. As A by 'n vorige geleentheid 'n besondere ervaring in Kommissarisstraat gehad het, soos bv. dat hy in daardie straat in 'n motorongeluk betrokke was en sy motor erg beskadig is en hy ernstige beserings opgedoen het, wat daarop

9) Het Woord, bl. 52 vlg.

uitgeloop/...
113/...

uitgeloop het dat hy maande lank in 'n hospitaal moes deurbring, sal die noem van die naam Kommissarisstraat dié bepaalde gebeurtenis by hom in herinnering roep. As B die ervaring egter nie meegemaak het nie, sal hy volkome onbewus wees van al hierdie dinge. Dit is nie 'n deel van sy ervaring van Kommissarisstraat nie en bygevolg ook nie van die woord waarmee hierdie bepaalde saak (Kommissarisstraat) genoem word nie. Dit is dus nie 'n betekenisonderskeiding van die woord Kommissarisstraat nie, maar 'n asseiasie wat aan die woord kleef slegs vir diegene wat die bepaalde ervaring gehad het, iets wat in die gebruik van 'n bepaalde woord „by" die betekenis van daardie woord „gevoel" of gedink word.

Behalwe die drie grondvorme van simbolisasie wat reeds genoem is, nl.: (i) die metaforiek, (ii) die polisemie en (iii) die homonimie, is daar ook nog 'n vierde, nl.: (iv) die vooronderstelling, wat egter 'n suiwer logiese verskynsel is. Dit is die interpretering van 'n bepaalde struktuur op grond van 'n kennis van die situasie. As iemand wat nie met 'n bepaalde situasie vertroud is nie, gevra sou word om die volgende telegram van A aan B te interpreteer: „ship sails to-day" sou daar twee moontlikhede wees, nl.: (a) die interpretasie dat B meegedeel word dat die skip vandag vertrek; en (b) die interpretasie dat B versoek word om die seile vandag te verskeep. B, wat die telegram ontvang en vroeër 'n bestelling vir seile van A gekry het, interpreteer „ship" met behulp van sy kennis van die situasie as 'n werkwoord en

„sails"/...
114/...

„sails" as 'n naamwoord, en vertolk die telegram dus as 'n versoek om die seile vandag te verskeep.

Om diegene wat nie met die situasie bekend is nie, in staat te stel om juis te vertolk, gee die taal ons bepaalde middele. In die voorbeeld hierbo, kan bv. net van die bepaalde lidwoord gebruik gemaak word om juiste interpretasie te verseker:

„The ship sails to-day" x „Ship the sails to-day."

Vergelyk ook: Trek geld net vandag met die trek geld net vandag en trek die geld net vandag.

DIE PLEK VAN DIE WERKWOORD AS STRUKTUURMOMENT.

Daar is reeds op gewys dat die plek van die werkwoord in die eerste plek 'n struktuursaak is en eers in die tweede plek 'n stylsaak en dat daar nie 'n enkelvoudige voorskrif neergelê kan word dat die werkwoord op een bepaalde plek in die sin moet kom nie. Om bloot van die plek van die werkwoord te praat, is, uit die oogpunt van die sintaksis beskou, 'n eensydige benadering van die probleem, omdat die verskuiwing van die werkwoord ipso facto ook 'n verskuiwing van ander woorde, sinsdele en/of sinsledе meebring: as 'n werkwoord wat agter staan, „vervroeg" word, volg dit tog dat 'n ander woord (of woorde/woordgroep, ens.), ná die verskuiwing van die werkwoord, die agterste plek moet inneem, en omdat die verskuiwing ook gepaard (kan) gaan met 'n verandering in die verhouding van die werkwoord tot ander dele van die sinsmateriaal, soos onder meer blyk uit die bespreking oor die kombinatoriese simbolisasie van die werkwoord, kan daar ook 'n verandering in betekenis wees.

Labuscagne/....
115/...

Labuscagne[10] wys daarop dat die plek van die werkwoord altyd aan verskeie struktuurverskynsels getoets moet word, en hy noem o.a. —

(i) die aard van die omliggende woorde en woordgroepe (hulle aard soos gebaseer op hulle betekenis);

(ii) die aard van hulle groepering (die tegniek van hulle groepering, bv. met of sonder voorsetsels, ens.);

(iii) die sistematiek van die omringende sinsdele;

(iv) die kombinasiepotensialiteite van die omringende woorde;

(v) die semantiese aard van die werkwoord self;

(vi) die aard van sy groepering, bv. of dit 'n verbale uitdrukking is soos voorsiening maak ens., en of dit met 'n hulp- of koppelwerkwoord 'n woordgroep vorm.

Uit die beskouing oor die kombinatoriese simbolisasie van die werkwoord, blyk dat dit op grond van die werkwoord sing as kombinasiepotensiaal is dat dit groepeer met die man in die sin: die man van die bosveld sing. Dit is egter maar een aspek van die groeperingsprinsipe, want dit is eweneens op grond van die kombineerbaarheid van die woordgroep die man dat die werkwoord sing daarmee kan groepeer. As die man vervang

10) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalonderso k, bl.115.

sou/...
116/...

sou word deur die boom : die boom van die bosveld sing, kan nóg sing kombineer met dié boom nóg die boom met sing. Dit bewys maar net weer hoe gevaarlik dit vir die sintaktikus of ook vir die strukturalis is om 'n deel uit die geheel te isoleer vir beskouing, en hoe daar steeds rekening gehou moet word met die veelheid van gegewens en die moontlikheid van wedersydse bepaling.

'n Soortgelyke prinsipe kom in die gedrang wanneer daar oor die plek van die werkwoord besluit moet word. Dit het reeds geblyk uit 'n vergelyking van die sin: die man van die bosveld sing, waar die werkwoord volg op 'n saamgestelde woordgroep: die man/van die bosveld, met die sin: die man/sing/van die bosveld, waar die werkwoord tussen twee enkelvoudige woordgroepe geplaas is, en wel tussen die enkelvoudige woordgroepe wat in die eerste sin die saamgestelde woordgroep vorm. Die twee sinne maak nie dieselfde betekenis konbaar nie en hulle kan dus nie vir dieselfde situasie gebruik word nie.

Die invloed wat die plek van die werkwoord op die betekenis van 'n sin kan hê, word kortliks geïllustreer aan die hand van die volgende voorbeelde:

A. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses behaal is tydens die skietoefening deur afsonderlike lede van die kapteinskap nie.

B. Of/...
117/...

B. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses tydens die skietoefening deur afsonderlike lede van die kapteinskap behaal is nie.

C. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses tydens die skietoefening behaal is deur afsonderlike lede van die kapteinskap nie.

D. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar tydens die skietoefening werklik nie so 'n groot sukses deur afsonderlike lede van die kapteinskap behaal is nie.

E. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses behaal is deur afsonderlike lede tydens die skietoefening van die kapteinskap nie.

F. Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat die afsonderlike lede van die kapteinskap werklik nie so 'n groot sukses tydens die skietoefening behaal het nie.

In sowel voorbeeld B as D is die werkwoord aan die end geplaas. Die interpretasie van voorbeeld D lewer egter geen moeilikheid op nie, want dit is duidelik dat dit die bedoeling was om te sê wat in voorbeeld F in die aktiewe vorm gestel is. Die werkwoord aan die end van die sin kan dus volkome in orde wees mits dit nie 'n ander interpretasie gee as wat die skrywer/

spreker/...
118/...

spreker in gedagte het nie. Daar is egter 'n duidelik waarneembare verskil in die ordening van die sinsdele van voorbeelde B en D, en wel in sover dat die woordgroep tydens die skietoefening tussen sukses en deur in sin B uitgehaal en tussen daar en werklik in sin D ingeskuif is. Die werkwoord het gebly waar dit was, nl. aan die end van die sin. Dit bewys weer hoe gewaagd dit kan wees om van die plek van die werkwoord te praat sonder om ook rekening te hou met die plek van omringende woorde, sinsdele en sinsledе. Dat dit hier wel oor die „plek van die werkwoord" kan gaan, sal uit die verder bespreking blyk.

Na die werkwoord behaal is in sin A is daar twee woordgroepe, nl. tydens die skietoefening en deur afsonderlike lede ... Volgens die plek wat die skietoefening en deur afsonderlike lede in die sin inneem, kan dit as 'n saamgestelde woordgroep geïnterpreteer word: die skietoefening deur afsonderlike lede ... Daar is dus die moontlikheid van 'n kruising van die sintaktiese geledinge, nl. van tydens die skietoefening as bywoordelike bepaling van tyd en deur die afsonderlike lede ... as voorwerp, met 'n gevolglike terugslag op die tydsbepaling. Dit bring mee dat deur die afsonderlike lede ... geïnterpreteer word as deel van die tydsbepaling, en die grondliggende oorsaak is die volgorde van die woordgroepe, wat dan eintlik daarop neerkom dat die sinsdeelsameskikking ondergeskik word aan die wetmatigheid van woordgroepering. Dit blyk verder dat „plek van die werkwoord in die sin" onverbreeklik/...

breeklik saamhang, nie soseer met die onderwerp van die sin nie, maar met die onderdele waarmee dit groepeer, d.w.s. ons moet 'n ander rigtingsprinsipe soek.

Die vraag is nou hoe daar voorkom kan word dat hierdie kruising die interpretasie belemmer of, anders gestel, hoe die kruising uitgeskakel of geneutraliseer kan word, en ook of die plek van die werkwoord enige verband met die saak het. Dit werk tog mee by die strukturering van die geheel. Geïsoleerd beskou, is die plek van die werkwoord van primêre belang, soos onder meer blyk uit die vergelyking van sin B met sin D. Van primêre belang is egter die sintaktiese kruising wat reeds genoem is, m.a.w. die plek van die omliggende woorde, woordgroepe en sinsdele.

Die moontlikheid van 'n sintaktiese kruising kan, soos hoër op aangedui is, uitgeskakel word deur die woordgroepe <u>tydens die skietoefening</u> en <u>deur afsonderlike lede</u> ... van mekaar weg te skuif soos gedoen is in sin D. In sin A volg <u>deur afsonderlike lede</u> ... <u>tydens die skietoefening</u>, en weens die aard van die twee woordgroepe kontinueer <u>deur afsonderlike lede</u> ... op <u>tydens die skietoefening</u>. As hulle potensialiteit om te kontinueer, geneutraliseer kan word, sal die sin wetmatig gestruktureer en die interpretasieprobleem uitgeskakel wees. Dit kan bereik word deur die bindwoord <u>deur</u> op 'n plek te plaas weg van <u>afsonderlike lede</u> af waar dit nie 'n kruising van sintaktiese geledinge kan veroorsaak nie. Dit sou meebring dat die twee woordgroepe anders op mekaar moet volg as in sin A, en wel soos aangedui in sin E.

In/...
120/...

In die voorafgaande is daar reeds drie moontlikhede aangedui om die kruising van sintaktiese geledinge uit te skakel, nl.:

(i) deur die woordgroepe tydens die skietoefening en deur afsonderlike lede ... in die omgekeerde orde op mekaar te laat volg en hulle, soos aangedui in D, te skei deur die invoeging van werklik nie so 'n groot sukses;

(ii) deur die twee betrokke woordgroepe in omgekeerde volgorde te plaas en so te voorkom dat deur kontinueer op skietoefening, soos in E;

(iii) deur die sin in die aktiewe vorm te skryf.

Die beginsel in (i) en (ii) is dieselfde, behalwe dat (ii) nie skeimateriaal het nie, terwyl die moontlikheid in (iii) nie die kern van die saak raak nie, en eerder 'n omseiling van die probleem is as 'n oplossing daarvan.

Die plek van die werkwoord is egter ook 'n formele neutraliseringsmiddel net soos bv. die bindwoord deur en die woordbousel werklik nie so 'n groot sukses. Die plek van die werkwoord kan dus op heel natuurlike wyse in verband gebring word met die sintaktiese kruising en aangewend word om dit te neutraliseer deur die werkwoord bv. te verskuif tot tussen die twee kernwoorde van die samegestelde groep soos aangedui in sin C. Daar moet egter nie aan die verskuiwing van die werkwoord as 'n geïsoleerde handeling gedink word nie, want die verskuiwing van die werkwoord beteken ook die uitmekaarskuiwing/...

wing van die twee woordgroepe waartussen dit geplaas word. Die doel van die verskuiwing van die werkwoord is inderdaad om van mekaar te skei wat die potensiaal het om te kontinueer, terwyl dit vir die interpretasie noodsaaklik is dat hulle dit nie doen nie.

As so 'n verskuiwing ter wille van eenduidigheid of die voorkoming van sinloosheid, m.a.w. ter wille van interpreteerbaarheid, sou lei tot 'n stokkerige styl of 'n versteuring van die balans of simmetrie, moet die eise van die sintaksis die deurslag gee. Dit sou die stilis natuurlik vrystaan om van die passief oor te slaan na die aktief of ook andersom, as dit uit 'n stylooogpunt beskou, groter bevrediging gee. Of dit altyd 'n oplossing sal bied, is twyfelagtig, want na 'n beknopte bysin word die vlak van gebruik funksioneel verander vir die aktiewe vorm en is die lydende vorm essensieel sodat die onderwerpe van die twee sinslede dieselfde kan wees. Daarom moet ons sê: <u>ernstig aan die hoof gewond, is die beseerde deur die eerstehelpers na die hospitaal geneem</u> sodat dit vir die hoorder/leser duidelik kan wees dat dit nie die eerstehelpers is wat ernstig gewond is nie, maar wel die beseerde. As die aktief gebruik word, sou die interpretasie net die teenoorgestelde wees: <u>Ernstig aan die hoof gewond, het die eerstehelpers die beseerde hospitaal toe geneem</u>.

Die vraag word ook dikwels gestel of werkwoordelike uitdrukkings soos <u>reëlings tref</u> geskei moet word of nie:

Hy/...
122/...

wing van die twee woordgroepe waartussen dit geplaas word. Die doel van die verskuiwing van die werkwoord is inderdaad om van mekaar te skei wat die potensiaal het om te kontinueer, terwyl dit vir die interpretasie noodsaaklik is dat hulle dit nie doen nie.

As so 'n verskuiwing ter wille van eenduidigheid of die voorkoming van sinloosheid, m.a.w. ter wille van interpreteerbaarheid, sou lei tot 'n stokkerige styl of 'n versteuring van die balans of simmetrie, moet die eise van die sintaksis die deurslag gee. Dit sou die stilis natuurlik vrystaan om van die passief oor te slaan na die aktief of ook andersom, as dit uit 'n stylooogpunt beskou, groter bevrediging gee. Of dit altyd 'n oplossing sal bied, is twyfelagtig, want na 'n beknopte bysin word die vlak van gebruik funksioneel verander vir die aktiewe vorm en is die lydende vorm essensieel sodat die onderwerpe van die twee sinsledе dieselfde kan wees. Daarom moet ons sê: <u>ernstig aan die hoof gewond, is die beseerde deur die eerstehelpers na die hospitaal geneem</u> sodat dit vir die hoorder/leser duidelik kan wees dat dit nie die eerstehelpers is wat ernstig gewond is nie, maar wel die beseerde. As die aktief gebruik word, sou die interpretasie net die teenoorgestelde wees: <u>Ernstig aan die hoof gewond, het die eerstehelpers die beseerde hospitaal toe geneem</u>.

Die vraag word ook dikwels gestel of werkwoordelike uitdrukkings soos <u>reëlings tref</u> geskei moet word of nie:

Hy/...
122/...

Hy sal <u>reëlings tref</u> vir die vergadering.
Hy sal <u>reëlings</u> vir die vergadering <u>tref</u>.

Die antwoord op hierdie vraag is eintlik 'n antwoord op die vraag of daar 'n kruising van sintaktiese geledinge is of nie. As daar nie so 'n kruising is nie, <u>hoef</u> die werkwoordelike uitdrukking nie geskei te word nie, maar daar kan beslis nie gesê word dat dit nie geskei <u>moet</u> word nie. Indien daar 'n kruising van sintaktiese geledinge is en dit nie geneutraliseer kan word nie tensy die werkwoordelike uitdrukking geskei word, dan <u>moet</u> dit geskei word. Dit hang dus af van die woord- en woordgroepomgewing. Die twee sinnetjies hierbo is bloot struktuurvariante en daar is geen rede waarom die werkwoordelike uitdrukking geskei moet word of nie geskei moet word nie.

In die sin: Dit word omgeskep in hofbevele waarvolgens bepaalde <u>reëlings</u> (B) <u>getref word</u> (C) aangaande eiendom wat ingevolge die skema aangekoop is, <u>wat strydig is met die verkoopsvoorwaardes</u> (A), staan A op B en die twee moet dus naby mekaar wees. Die vraag is of A onmiddellik op B moet volg (wat 'n skeiding sal meebring) of soos gewoonlik na C wat nie 'n skeiding sal meebring nie.

Dele B en C is 'n uitdrukkingsgeheel wat normaalweg nie geskei word nie. As A egter net na C geplaas word ter wille van die uitdrukkingsgeheel, kontinueer <u>aangaande eiendom</u> weer op <u>verkoopsvoorwaardes</u>. <u>Dit word omgeskep in hofbevele waarvolgens bepaalde</u>

reëlings getref word wat strydig is met die verkoopsvoorwaardes aangaande eiendom wat ingevolge die skema aangekoop is. Daar is dan twee kernwoorde: verkoopsvoorwaardes en eiendom wat deur aangaande tot 'n geslote saamgestelde woordgroep verbind word.

Die kontinuering van die een woordgroep op die ander, moet nou geneutraliseer word, en getref word van die werkwoordelike uitdrukking word daarvoor gebruik: Dit word omgeskep in hofbevele waarvolgens bepaalde reëlings wat strydig is met die verkoopsvoorwaardes getref word aangaande eiendom wat ingevolge die skema aangekoop is. Dit bepaal die plek van die werkwoord getref word en bring noodsaaklikerwys mee dat die werkwoordelike uitdrukking reëlings getref geskei moet word. Die omliggende woorde en woordgroepe gee die deurslag en die taalgebruiker moet hom laat lei deur die funksie wat al die dele van die sin moet verrig ter wille van die interpreteerbaarheid en die vraag of daar 'n kruising van sintaktiese geledinge is of nie[11].

Die normale woordorde van die mededelende sin in Afrikaans in die teenwoordige tyd is onderwerp, gesegde, gevolg deur die res van die sinsdele en/of sinsledes:

Oom Koos rook,

Oom Koos rook sy pyp,

11) Vgl. ook: G.J. Labuschagne .... Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 118.

Oom/...
124/...

Oom Koos rook sy pyp elke middag,
Oom Koos rook sy pyp elke middag na ete,
Oom Koos rook sy pyp elke middag na ete
rustig in die koelte van sy stoep,

met natuurlik die alternatiewe, maar minder gebruiklike vorm:

Sy pyp rook oom Koos elke middag na ete
rustig in die koelte van sy stoep,

en die tipe mededelende sin met 'n aanloop en die omgekeerde woordorde:

Elke middag na ete rook oom Koos sy pyp
rustig in die koelte van sy stoep.

In die verlede tyd volg die hulpwerkwoord op die onderwerp en daarna die werkwoord, maar sodra die sin uitgebrei word met die werkwoord as kern van die uitbreiding, skuif die uitbreidings (= bepalings van die werkwoord) tussen die hulpwerkwoord en die werkwoord in sodat die hulpwerkwoord en die werkwoord al verder van mekaar verwyder raak:

Oom Koos <u>het</u> sy pyp elke middag na ete
rustig in die koelte van sy stoep <u>gerook</u>.

'n Verklaring hiervoor, in teenstelling met bv. Engels, waar die gesegde op die onderwerp volg: „Uncle Jack smoked his pipe....." is moeilik te vind in enige ander struktuurprinsipe as die prinsipe van woordvolgorde: <u>die</u> vóór <u>man</u> in <u>die man slaap</u>, en nie bv. <u>man die slaap</u> nie. Hierin moet dan ook die verklaring gesoek word vir die voorbeelde wat vroeër genoem is:

Sv/...
125/...

Ek het haar aan die arm geknyp x (Ek het haar geknyp aan die arm.
(Ek het geknyp haar aan die arm.

Ek het die mes in die laai gebêre x (Ek het die mes gebêre in die laai.
(Ek het gebêre die mes in die laai.

Behalwe in die primêre sin, d.w.s. 'n sin waarvan geen enkele sinsdeel 'n uitbreiding het nie, is daar geen gevalle waar die werkwoord onmiddellik op die hulpwerkwoord volg nie.

In teenstelling met hierdie vaste woordvolgorde van die mededelende sin en bygevolg ook van die plek wat die werkwoord daarin vul, is daar 'n groter vryheid by die vraagsin:

Het jy van die ongeluk gelees? x Het jy gelees van die ongeluk?

Het jy van die voorval gehoor? x Het jy gehoor van die voorval?

ofskoon daar op taalmatigheidsgronde beswaar sou kon gemaak word teen sinne soos:

Het jy gesien die ongeluk?

Het jy gehoor die geritsel?

Die paar voorbeelde met gehoor hierbo is opsetlik gekies omdat daar gevalle is waar die verskuiwing van die werkwoord gehoor 'n betekenisonderskeiding kenbaar maak:

Het jy van Jan gehoor? = Het jy 'n brief van Jan gehad of andersins inligting van hom oor homself gekry?

Hot/...
126/...

Het jy gehoor van Jan? = Het jy gehoor dat daar iets buitengewoons met Jan gebeur het? (nie noodwendig van homself gehoor nie).

Aanvanklik kom dit voor asof die verskil in die betekenis van die twee onmiddellik voorafgaande groeperings op „gevoel" berus. By ondersoek blyk dit egter dat dit nie 'n individuele aanvoeling van betekenisonderskeid is nie, maar dat dit algemeen deur die taalgemeenskap ervaar en erken word. Tog is daar geen verskil in die betekenis van: Het jy van die voorval gehoor? en Het jy gehoor van die voorval? nie, terwyl Het jy gehoor die geritsel? ontaalmatig is.

In die sinne: Het jy van die voorval gehoor?/ Het jy gehoor van die voorval? en Het jy van Jan gehoor?/Het jy gehoor van Jan? is daar geslote woordgroepe wat met die voorsetsel van gevorm word terwyl dit nie die geval met die sinne: Het jy die geritsel gehoor?/Het jy gehoor die geritsel? is nie, en die omruilbaarheid van die plek van die werkwoord in die sinne met Jan en voorval is dus aan die aard van die geslote voorsetselwoordgroep toe te skryf asook aan die aard van die woorde Jan en voorval, terwyl die verskil in betekenis tussen die twee sinne met Jan terugvoerbaar is op die aard van die kern van die voorsetselwoordgroep nl. die persoonsnaam (of liewer die woord) Jan. Dieselfde betekenisonderskeiding sou bv. ook kenbaar wees in 'n sin met 'n voorsetselwoordgroep wat 'n persoonlike voornaamwoord as kern het: Het jy van hom gehoor?/Het jy gehoor van hom?, maar nie as die kern van die voor-

...

setselwoordgroep/...
127/...

setselwoordgroep enige ander woord is nie, soos bv. voorval.

Op grond van die aard van die woord Jan, die persoonlike voornaamwoord (bv. hom) en soortname wat heen wys na die mens, soos die man, die vrou en so meer, asook op grond van ons ervaring weet ons dat die sake wat deur hierdie woorde genoem word, 'n aandeel kan hê in 'n handeling: Jan kan bv. van hom laat hoor deur self 'n brief te skryf of 'n telegram te stuur. Terselfdertyd kan iemand, deur die toedoen van iemand anders, iets van Jan te hore kom. In die geval van bv. voorval geld slegs laasgenoemde moontlikheid. Vandaar dan dat die verskuiwing van die werkwoord in die sin: Het jy van die voorval gehoor? nie 'n ander betekenisonderskeiding kenbaar maak nie.

Die getal werkwoorde wat op dié wyse saam met 'n geslote voorsetselgroep funksioneer om 'n betekenisonderskeiding kenbaar te maak, is blykbaar heel beperk.

Die voorbeeld wat hier behandel is (gehoor) is die enigste een wat ek kon vind.

Met die voorafgaande is die volgende vlakke van gebruik van die kategorie-eenhede betekenis en plek van die werkwoord as struktuurmoment geïllustreer:

Betekenis —

(i) Kombinatoriese simbolisasie.

(ii) Beweeglike simbolisasie.

Plek/...
128/...

Plek —

(i) Aard van omliggende woorde en woordgroepe.

(ii) Aard van groepering van woordgroepe (bv. met 'n bywoord).

(iii) Aard van groepering van woordgroepe (bv. met/sonder 'n voorsetsel).

(iv) Sistematiek van omringende woordgroepe.

Die gevolgtrekkings wat ons uit die voorafgaande kan maak, kan kortliks soos volg saamgevat word:

1. Die taalfeite moet in reekse gelyksoortige feite (kategorieë) vir beskouing gegroepeer word, maar die een moet steeds in samehang met en/of teen die agtergrond van die ander gesien word omdat taal deur en deur gestruktureer is. Daar moet dus, waar nodig, verbande tussen die kategorieë gelê word om te voorkom dat die eenheid verbreek word.

2. Waar 'n kategorie uit kleiner kategorieë bestaan, moet die studie by die kleinste kategorie-eenheid begin en voortgesit word na die groter geheel, d.w.s. dat daar van die besondere na die algemene (of wel induktief) te werk gegaan moet word, en nie andersom, d.w.s. deduktief nie.

3. Sinsdele en sinslede tree nie afsonderlik op nie, maar wel saam met mekaar, en elke sinsdeel moet dus beskou word saam met en teen die agtergrond van omringende sinsdele en/of sinslede.

4. Die woord het een konstante betekenis, maar ver-

skeie/...
129/...

skeie betekenisonderskeidings, waarvan almal, enkeles, of net een op 'n keer gebruik kan word. Hiermee word die tradisionele opvatting dat die woord baie verskillende betekenisse het, weerspreek.

5. Die woord is 'n eenheid van betekenis en vorm. Van die twee is betekenis primêr, want die woord is daar ter wille van kommunikasie, en kommunikasie kan nie sonder betekenis tot stand gebring word nie.

6. Die woord buite die sin beteken met al sy betekenisonderskeidings terwyl dit in die sin noem met al daardie betekenisonderskeidings of met net enkeles of met net een daarvan.

7. Daar moet noukeurig onderskei word tussen stylsake en struktuurwetmatighede, en waar die twee nie hand aan hand gaan nie, moet laasgenoemde die deurslag gee.

8. 'n Arbitrêre stelling soos „vervroeg' of „vertraag" die werkwoord moet vermy word, want „die plek" van die werkwoord hang af van baie faktore, soos bv. sy betekenis (beweeglike en kombinatoriese simbolisasie), die betekenis van woorde wat dit bepaal of waardeur dit bepaal word, die aard van die groepering van omringende sinsdele (woorde en woordgroepe), die vraag of die werkwoord 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die ordening van die dele het, die aard van die werkwoord se groepering, d.w.s. of dit 'n verhale uitdrukking is en of dit met 'n hulp- of koppelwerkwoord 'n

woordgroep/...
130/...

woordgroep vorm, die sistematiek van die omringende sinsdele en die kombinasiepotensialiteite van die omringende woorde.

Die werkwoord as kontinueringsmoment vervul ook 'n funksie as struktuurmoment, en dit word in die volgende hoofstuk behandel.

----- oOo -----

H O O F S T U K 4.

DIE WERKWOORD EN DIE PRINSIPES VAN KONTINUÏTEIT EN INVERSIE.

Die eenheid van die sinstruktuur kom tot stand deur verskeie prinsipes wat feitlik almal hulle eie vereistes aan die woordordening stel. So kom die volgorde onderwerp - gesegde: Die hond byt die kat voort uit die prinsipe van interpreteerbaarheid, wat in hierdie geval afgedwing word deur die denkwette, want die sin: Die kat byt die hond maak 'n ander betekenis kenbaar. Dieselfde prinsipe, nl. die prinsipe van interpreteerbaarheid, laat egter heelwat vryheid toe in gevalle soos: Hy gaan vandag te perd dorp toe x Vandag gaan hy te perd dorp toe. Terwyl die taalgebruiker by die strukturering van 'n sin soos hierdie 'n redelike mate van vryheid het, is die woordvolgorde in die woordgroep met 'n voorsetsel bv. vas soos in : Langs die straat groei 'n ry bome. Geen ander ordening van die woorde in die woordgroep: Langs die straat sou die taalgebruiker bevredig of voldoen aan die eise van taalmatigheid nie. Dieselfde onbuigbaarheid word ook aangetref in die (klank-)ordening van die woord, want as die taalgebruiker kol wil sê, kan hy nie gebruik maak van lok, olk of klo nie. Die woord en die woordgroep word telkens gesintetiseer, terwyl daar by die sin benewens 'n sintese ook sprake is van 'n analise — vandaar dat die sin buigbaarder is as die woord of die woordgroep.

In/...
132/...

In hierdie hoofstuk word daar onder meer aandag gegee aan die prinsipe van kontinuïteit as faktor by die bepaling van die interne eenheid van die sin. Binne die sin as 'n sintese van woorde en woordgroepe wat met behulp van die struktuurprinsipes tot stand gebring word, is daar die prinsipe van analise, en een van die verteenwoordigers van hierdie prinsipe is kontinuering, wat terugvoerbaar is op die word as kombinatoriese simbolisasie.

Kontinuering is, soos onder meer uit die betekenis van die woord blyk, voortsetting. In die sin: Die man wat daar staan, is my oom, staan wat in die plek van die man, wat reeds genoem is. Dit kom inderdaad daarop neer dat die man deur die betreklike voornaamwoord wat „herhaal" of „voortgesit" word. Dit is dan maar net 'n geval van op 'n ander manier sê wat reeds gesê is. Iets wat dus nie uitdruklik genoem is of word nie, kan derhalwe nie gekontinueer word nie. Die antwoord op die vraag wat dit is wat gekontinueer (kan) word, is eerstens betekenis en tweedens struktuurvorm.

Labuscagne[1], wat hierdie verskynsel redelik breedvoerig behandel, sonder om op volledigheid aanspraak te maak, wys onder meer op die volgende moontlikhede:

(a) „As 'n moment[2] gekontinueer word, is daar

1) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalonderskoek, bl. 82 vlg.

2) Met moment word bedoel 'n betekenis of 'n betekenisgeheel.

altyd/...
133/...

altyd die moontlikheid dat sy struktuur-vorm ook kan saamkom. Dit hang o.a. af van die aard van sy struktuurvorm. Wil die interpretasie sy struktuurvorm hê, moet 'n besondere taal 'n middel verskaf om dit teë te werk — hetsy semanties, hetsy formeel.

(b) As 'n moment gekontinueer word, kom ander momente soms saam. Dit hang af van hulle onderlinge verband en hoe gunstig die omgewing vir die kombinatoriese simbolisasie is. n Besondere taal moet dan die middele verskaf om dit teë te werk.

(c) As 'n moment op 'n bepaalde wyse gekontinueer word, kan dit 'n dwingende wetmatigheid wees dat sy plek in die omgewing moet saamkom. Kan die plek nie in die daaropvolgende sinslid ontvang word nie, moet 'n besondere taal die middele verskaf om hom op 'n ander wyse te kontinueer.

(d) Sommige wyses van kontinuering van 'n bepaalde struktuurvorm gaan altyd gepaard met die voortsetting van bepaalde momente. As die kontinuering van die struktuurvorm vereis word, maar nie die korrelatiewe momente nie, moet 'n besondere taal die middele verskaf om die korrelasie te verbreek."

Die/...
134/...

Die prinsipes van kontinuering is nie algemeen bekend nie, en voordat oorgegaan word tot 'n beskouing van die wyse waarop die werkwoord hom in die kontinueringsproses gedra, word kortliks stilgestaan by die breër beginsels van hierdie verskynsel, soos onder meer uiteengesit deur Labuschagne[3].

In die sin hoër op: Die man wat daar staan, is my oom is dit die onderwerp die man wat deur die betreklike voornaamwoord wat gekontinueer word. Hier volg enkele verder voorbeelde met 'n kort aanduiding van die momente wat gekontinueer word:

(i) Die bure se kinders raas elke middag na ete wanneer mens graag wil rus, en daarmee kan ek nie genoeë neem nie.

Hier word die betekenistotaal van die geraas van die bure se kinders elke middag na ete wanneer mens graag wil rus deur die kontinueringsmoment of -middel daarmee gekontinueer.

(ii) Hy neem 'n halfkroon uit sybeursie en gee dit aan die bedelaar.

Die direkte voorwerp 'n halfkroon, wat uitdruklik in die eerste sinslid genoem word, word hier deur dit in die en-sinslid gekontinueer.

(iii) Hy gee die sjieling aan die man wat hom gehelp het.

Die betreklike voornaamwoord wat word hier gebruik vir die kontinuering van die indirekte voorwerp die man.

3) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 81 vlg.

Daarmee is die moontlikhede nie uitgeput nie, maar dit gee 'n goeie aanduiding van die omvang van die terrein waarop hierdie verskynsel hom voltrek. Daar is haas nie 'n rededeel wat nie gekontinueer kan word nie.

Daar is reeds gemeld dat die taal deur en deur gestruktureer is. Die strukturering van enige struktuur, of dit nou al 'n staal, 'n hout- of 'n taalstruktuur is, veronderstel 'n tegniek en 'n metode; en waar volgens 'n metode te werk gegaan word, is daar orde. As daar reeds chaos is, kan daar deur die toepassing van 'n bepaalde metode weer ordelikheid geskep word. As daar geen ander moontlikheid was as om taal reëlmatig te gebruik nie, net soos wat water bv. altyd — as daar nie van kunsmatige middele gebruik gemaak word nie — afdraend sou loop, sou taalgebruik geen probleme geskep het nie, en sou taal, net soos water, altyd volgens sy eie wette vaste bane gevolg het. Ongelukkig is taal as instrument van die taalgebruiker vir die reëlmatigheid van sy gebruik afhanklik van die vaardigheid van die taalgebruiker, en omdat alle taalgebruikers nie voldoende vaardigheid het nie, word die taalreëls dikwels onreëlmatig of deurmekaar gebruik.

Sodra onreëlmatighede in die gebruik van taal insluip en daar nie metodies volgens die taalsisteem geformuleer word nie, ontstaan die gevaar van meerduidigheid. En om effektief te wees, om kommunikasie tot stand te bring, moet taal eenduidig wees. Daar kan natuurlik alternatiewe formulerings wees wat vir die-

selfde/...
136/...

selfde situasie bruikbaar is, soos bv.: Ds. X preek Sondag hier x Sondag preek ds. X hier. Grammaties is hier geen verskil nie, en die keuse is 'n stylaangeleentheid. Waar die keuse nie met styl saamhang nie, het ons òf met twee verskillende formulerings te doen wat vir verskillende situasies bedoel is, òf met foutiewe formulerings, wat aan die kruising van sintaktiese geledinge toe te skryf kan wees of, breed gestel, aan 'n opheffing van die reëls van die taalsisteem.

In die sin: Daar moet nie onnodig oortyd gewerk word nie, maar as dit nodig is, moet die hoof daarvan in kennis gestel word, kontinueer sowel dit as daarvan iets wat vroeër in die sin genoem is, en wel die onnodige werk van oortyd. As daar nie in hierdie sin saamgetrek is nie, sou dit soos volg gelui het, wat klaarblyklik nie die bedoeling kon gewees het nie: Daar moet nie onnodig oortyd gewerk word nie, maar as dit nodig is om onnodig oortyd te werk, moet die hoof van die nodigheid daarvan om onnodig oortyd te werk, in kennis gestel word. Daar is egter saamgetrek, terwyl dit, met die oog op doeltreffende kommunikasie, m.a.w. eenduidigheid, nie gedoen moes gewees het nie. Die sin behoort te gelui het: Daar moet nie onnodig oortyd gewerk word nie, maar as dit nodig is om oortyd te werk, moet die hoof daarvan in kennis gestel word.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die voornaamwoord dit alleen nie vir hierdie situasie bruikbaar is nie. Die antwoord op die vraag waarom dit nie bruikbaar is nie, sal ook die antwoord wees op

die/...
137/...

die vraag wat tot die ontsporing van die stelsel aanleiding gee. Moontlik is dit magte buite die beheer van dit. Wat nodig is, is om 'n verband te kry tussen die oorsaak en die gevolg van die ontsporing. So sal 'n verklaring gegee kan word.

Die beginsel wat hier in die gedrang kom, is dat ander momente soms saamkom (in hierdie geval onnodig) as een moment (hier nodig om oortyd te werk) gekontinueer word. Dit hang af van die onderlinge verband en ook daarvan hoe gunstig die omgewing vir die kombinatoriese simbolisasie is. 'n Besondere taal moet dan die middele verskaf om dit teen te werk, en die middel in hierdie geval is om weer uitdruklik te noem wat nodig is en om weg te laat wat nie nodig is nie; in hierdie geval onnodig.

Uit die voorbeelde hierbo blyk onder meer dat woorde, woordgroepe en sinne wat ander woorde, woordgroepe en sinne kontinueer, in twee groepe onderskei kan word, nl.:

(a) Taal-tegniese kontinueringsmomente soos voornaamwoorde:

(i) Hy vra hulp, maar dit (= hulp) kan ek nie gee nie.

(ii) Hy soek na Jan, maar waar hy (= Jan) is, weet niemand nie.

(iii) Hy praat aanhoudend, en dit (= sy aanhoudende gepraat) verveel my.

(iv) Hy beweer dat die Staat se beleid onverdedigbaar is, maar daarmee (= sy bewering dat die Staat se beleid onverdedigbaar is) kan ek nie saamstem nie.

(b) Nie-/...
138/...

(b) Nie-taaltegniese kontinueringsmomente, soos „gewone" woorde en woordgroepe:

Daar moet nie onnodig oortyd gewerk word nie, maar as die werk van oortyd (en nie dit nie) nodig is, moet die hoof daarvan in kennis gestel word.

Albei hierdie groepe kontinueringsmomente kontinueer ook betekenis, want die woorde, woordgroepe en sinne wat gekontinueer word, is nie betekenisloos nie, d.w.s. dis nie „leë" vorme nie — so iets bestaan nie —; albei is dus ook semantiese kontinueringsmomente.

Kontinueringstegnieke:

Daar is bepaalde tegnieke wat by kontinuering aangewend kan word. Twee daarvan is: eksplisiete kontinuering, d.w.s. kontinuering deur uitdruklik weer te noem of te herhaal, en implisiete kontinuering, waar nie uitdruklik genoem of herhaal word nie, maar waar 'n woord, 'n woordgroep of wat ook al, tog voortgesit word deurdat die taalgebruiker dit op 'n bepaalde plek interpreteer asof dit daar is, of dit daar in die sin „indink".

Eksplisiete kontinuering:

In die sin: Koos maak vinnig opgang, maar Koos kom sy verpligtinge na, word Koos uitdruklik in die maar-sinslid genoem, d.w.s. Koos word deur Koos gekontinueer. Daarom sê ons dat die kontinuïteit hier eksplisiet bewerkstellig is. Die woord Koos word deur 'n „gewone" woord (die eienaam Koos) gekontinueer. In die sin: Koos maak goeie vordering, maar hy doen sy werk

word/...
139/...

word Koos gekontinueer deur die taaltegniese woord (die persoonlike voornaamwoord) hy, maar omdat die taaltegniese woord uitdruklik genoem word, is dit nog eksplisiete kontinuering. Dit geld ook van wat in die sin: Koos, wat sy werk doen, maak vinnig opgang.

Implisiete kontinuering:

Vergelyk ons met die voorafgaande die sin: Koos doen sy werk en maak vinnig opgang, vind ons dat Koos nie in die en-sinslid (voor maak) eksplisiet gerealiseer word nie - nie deur 'n taaltegniese of 'n nie-taaltegniese woord nie - maar dat dit tog daar geïmpliseer, geïnterpreteer, gedink of „gevoel" word. Dit is kontinuering met behulp van verswyging, of implisiete kontinuering; ook sametrekking genoem.

In: Die man wat daar loop en so met sy hande beduie, is van Lotjie getik is daar sowel eksplisiete kontinuering (die noem van wat voor daar) as implisiete kontinuering (die verswyging van wat voor so in die en-sinslid).

Dit is maar 'n deel van die probleem van kontinuering. Die kern daarvan lê veel dieper. In ons sin: Daar moet nie onnodig oortyd gewerk word nie, maar as dit nodig is, moet die hoof daarvan in kennis gestel word, is daar onduidelikheid omdat daar twee momente is wat aanspraak op kontinuering maak en albei deur die kontinueringsmoment dit gekontinueer kan word, d.w.s. kontinueerbaar is. Uit die aard van sy betekenis, sy inherente potensialiteit as kontinueringsmo-

ment/...
140/...

ment en sy omgewing, kan dit albei kontinueerbare momente kontinueer, en uit die aard van elke kontinueerbare moment se betekenis en omgewing kan albei deur die een kontinueringsmoment gekontinueer word - vandaar die dubbelsinnigheid.

As die kontinueringsmoment dit een van hierdie kontinueerbare momente kon isoleer vir kontinuering en die ander een kon neutraliseer sodat dit nie saam met die eerste een gekontinueer word nie, sal daar geen onduidelikheid wees nie. Die onduidelikheid van die sin is dus te wyte, nie aan die afwesigheid van 'n kontinueringsmoment of aan die teenwoordigheid van twee mededingende kontinueerbare momente nie, maar aan die afwesigheid van 'n isolerings- en neutraliseringsmoment. Die voornaamwoord dit kan in hierdie bepaalde geval nie al drie die funksies (neutraliseer, isoleer en kontinueer) tegelyk verrig nie, en die isolerings- en neutraliseringsfunksie kan ook nie deur iets anders verrig word nie. Die oplossing vir die probleem is, soos verderaan aangedui word, om die woorde wat gekontinueer moet word, weer uitdruklik te noem. Deur dit te doen, kan woorde wat nie gekontinueer moet word nie, dan eenvoudig verswyg word.

Inwendige ordening.

Implisiete kontinuering of sametrekking veronderstel 'n bepaalde inwendige ordening van die sinsdele en sinslede. Die doel met implisiete kontinuering is eerstens om wat reeds genoem is deur verswyging voort te sit, en tweedens om 'n bepaalde volgorde en

...

vorm/...
141/...

vorm van woorde, woordgroepe en sinsdele te impliseer, sodat die taalgebruiker met behulp van sy taalervaring bymekaar kan interpreteer wat bymekaar geïnterpreteer moet word.

Die taalgebruiker hoef natuurlik nie van implisiete kontinuering of sametrekking gebruik te maak nie. Hy kan eksplisiet kontinueer, d.w.s. (weer) uitdruklik noem. Daar kan beswaar teen wees, maar die besware sou stylbesware wees, soos bv. dat die herhalings steurend of oorbodig is. Op taalkundige gronde sou egter niks daarteen aangemerk kan word nie. Die vaardige skrywer realiseer dikwel eksplisiet, liewers as om implisiet te realiseer juis omdat hy 'n bepaalde effek wil bereik. Hier volg 'n voorbeeld van elk van die twee breë moontlikhede:

Jan neem sy geweer en sy koeëls. Hy haas hom na buite. Hy spring op sy perd. Hy jaag na die rivier en hy brand los op die roofdier wat sy kalfie gevang het.

x

Jan neem sy geweer en koeëls en haas hom na buite. Hy spring op sy perd, jaag na die rivier en brand los op die roofdier wat sy kalfie gevang het.

In die eerste voorbeeld word Jan een keer genoem, en daarna eksplisiet gerealiseer deur die persoonlike voornaamwoord sy/hy in al die daaropvolgende sinne te gebruik. In die tweede voorbeeld word Jan een keer genoem en daarna vier keer implisiet gekontinueer deur sametrekking: (sy) koeëls, (hy) haas, (hy)

jaag/...
142/...

jaag en (hy) brand los, en ook vier keer eksplisiet gerealiseer: hom na buite, hy spring, sy perd en sy kalfie. Daar word by wyse van sametrekking genoem of deur sametrekking gekontinueer, en terselfdertyd word daar by wyse van sametrekking geoerden. Jan word deur sametrekking geoerden voor koeëls, haas, jaag en brand los, d.w.s. op dieselfde plekke in die sin waar dit sou verskyn het as dit eksplisiet gerealiseer sou gewees het. Hierdie ordening is 'n belangrike aspek van die tegniek van sametrekking en word later saam met implisiete inversie bespreek.

Betekenis.

Woorde en woordgroepe en sinne het betekenis, en wanneer woorde en woordgroepe en sinne implisiet gerealiseer word, volg dit dat die betekenis daarvan ook herhaal word, en dit is eintlik waarom dit altyd gaan, want iets wat nie betekenis het nie, kan nie in die diens van kommunikasie staan nie en derhalwe ook nie deel van die kommunikasiestelsel wees nie. Hieruit kan dan ook die gevolgtrekking gemaak word dat iets wat nie daar is nie, nie implisiet gekontinueer of saamgetrek kan word nie.

Hoër op is 'n paar voorbeelde van kontinuering gegee asmede 'n aanduiding van wat dit is wat gekontinueer word. Die voorbeelde is taalmatig gestruktureer en skep geen struktuur- of interpretasieprobleme nie. Die taalgebruiker hou egter nie altyd rekening met die eise van die taal nie, met die gevolg dat die beginsels van isolering, kontinuering en neu-

tralisering/...
143/...

tralisering dikwels geweld aangedoen word.

Uit die volgende voorbeelde sal blyk hoe noodsaaklik dit vir die taalgebruiker is om gedurig op sy hoede te wees:

(a) 'n Logiese onderwerp word gekontinueer as 'n logiese indirekte voorwerp of 'n direkte voorwerp as 'n indirekte voorwerp.

(i) Nadat sy onsedelik aangerand en houe oor haar kop toegedien is, is sy in 'n donga gegooi.

(ii) Die rower het hom bekruip en 'n geweldige hou oor die kop geslaan.

In sin (i) is sy as onderwerp genoem, maar as indirekte voorwerp saamgetrek. (Die onderwerp in die en-sinslid is houe.)

Die persoonlike voornaamwoord hom in sin (ii) fungeer as direkte voorwerp in die aanwangsinslid, maar word as indirekte voorwerp saamgetrek.

Sin (i) lewer geen interpretasieprobleem op nie, maar die wetmatigheid van die vorm van die persoonlike voornaamwoord word in sulke konstruksies geweld aangedoen. Dit is 'n grammatiese aangeleentheid wat op dieselfde vlak lê as die gebruik van wie as kontinueringsmoment i.p.v. wat soos in: Die man wie daar staan, het my plaas gekoop. Daar is nie 'n betekenisverskil tussen ek en my, hy en hom, jy en jou en sy en haar nie, net so min as wat daar 'n betekenisverskil

18/...
144/...

is tussen ons en ons (ons was ons hande) en hulle en hulle (hulle neem hulle hoede) of ook Julle en julle (julle moet julle haas), maar daar is wel 'n verskil in sowel die logiese verband as die grammatiese vorm by die enkelvoudsvorme en in logiese verband by die meervoudsvorme. As die sametrekking van sy as haar nie toelaatbaar is nie, is dit omdat die reëls vir die grammatiese vorm van die woord(e) verbreek word en nie omdat die logiese verband verskil nie. Dis 'n toevalligheid in Afrikaans wat nie altyd essensiële funksionele waarde het nie. Die wie sal deur niemand verkeerd geïnterpreteer word nie omdat dit nie kommunikasie belemmer nie. Die verskil kán egter ook funksioneel wees soos in: Wie het hy gevra x Wat het hy gevra, waar die twee konstruksies nie bruikbaar is vir dieselfde situasie nie.

(b) 'n Logiese onderwerp word as 'n bywoordelike bepaling gekontinueer.

By onderwerpe en voorwerpe is daar nog 'n mate van gelykheid - albei kan selfstandige naamwoorde of persoonlike voornaamwoorde wees, maar wanneer dit by onderwerp en bywoordelike bepaling kom, verskil selfs die vlakke van die logika en lyk dit haas onmoontlik om die een implisiet deur die ander te kontinueer. Tog gebeur dit: Juliemaand is koud en het almal warm klere nodig. Juliemaand is genoem as onderwerp en saamgetrek as bywoordelike bepaling van tyd. Die kommunikasiebeginsel word egter nie aangetas nie. Die onreëlmatige sametrekking kan verwy word deur Juliemaand

te/...
145/...

te kontinueer met Juliemaand, voorafgegaan deur die voorsetsel in: Juliemaand is koud, en in Juliemaand het almal warm klere nodig, of ook deur 'n ander onderwerp in die aanvangsinslid te gebruik, Juliemaand aan te wend as bywoordelike bepaling van tyd en dit as bywoordelike bepaling van tyd in die en-sinslid te kontinueer: In Juliemaand is dit koud en dan het almal warm klere nodig, waar dit nou die onderwerp van die aanvangsinslid is, terwyl Juliemaand en dan waardeur dit gekontinueer word, taalkundig dieselfde funksie verrig, d.w.s. die funksie van bywoordelike bepaling van tyd. In die eerste verbeterde sin: Juliemaand is koud en in Juliemaand het almal warm klere nodig is die voorsetsel in gebruik om Juliemaand as onderwerp te neutraliseer en te voorkom dat dit gekontinueer word, hetsy implisiet, hetsy eksplisiet, as bywoordelike bepaling van tyd.

(c) Woorde wat selfstandig beteken word gekontinueer as woorde wat selfstandig beteken.

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat skool verskeie betekenisonderskeidings het: (i) Die skool (gebou) word geverf; (ii) Die skool (= opvoedkundige instelling) kwyt hom goed van sy taak; en (iii) Die skool (= skoliere) presteer vanjaar mooi op sportgebied. Dit is dieselfde woord (-vorm) wat gebruik word, maar elke keer met 'n ander betekenisonderskeiding, en omdat dit nie net die vorm is wat gekontinueer word nie, maar ook die betekenis, kan daar nie van kontinuering gebruik gemaak word in gevalle waar

skool/...
146/...

skool uitdruklik genoem word om een betekenisonderskeiding kenbaar te maak en dan elders in die sin deur sametrekking in 'n ander betekenisonderskeiding gekontinueer word nie. Vgl. bv.: Die skool (=gebou) is verlede jaar opgeknap en presteer vanjaar besonder mooi op sportgebied, waar die skool (=skoliere vóór presteer „gedink" word. In hierdie sin is dit dus op grond van interpretasie noodsaaklik om skool nie implisiet te realiseer nie maar om dit uitdruklik te herhaal. Sodoende word voorkom dat die prinsip. .an kontinuïteit bots met die prinsipe van toegepaste betekenisonderskeiding van die woord.

Labuscagne[4] vat dit soos volg saam: „geopponeerde betekenisonderskeidings kan mekaar nie eksplisiet of implisiet kontinueer nie." In die geval van woorde soos peil (=gehalte) en pyl (=skerppuntige werptuig) het ons ook met geopponeerde betekenisonderskeidings te doen, maar van verskillende woorde en nie van dieselfde woord soos in die geval van skool nie. Sametrekking sou hier dus nog ontaalmatiger wees as in die geval van skool. Weens die opvallende vorm- en betekenisverskil tussen peil en pyl is die moontlikheid van foutiewe sametrekking egter heelwat kleiner as in die geval van 'n woord soos skool.

Kontinuering van die werkwoord.

In die voorafgaande bladsye is kortliks gewys op die kontinuering van woordsoorte behalwe die werkwoord. Die prinsipe van kontinuering is egter nie

4) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 98.

beperk/...
147/...

beperk tot die onderwerp, voorwerp (direk en indirek), bywoordelike bepalings en so meer nie, maar laat hom ook geld in die geval van die werkwoord.

Kontinuering van 'n moment wat nie elders genoem is nie.

Dit klink haas ongelooflik dat die bedagsame spreker, om nie eers van die bedagsame skrywer te praat nie, sal „herhaal" wat nie elders genoem is nie, en dus nie daar is om „herhaal" te word nie. Tog kom daar talle voorbeelde in sowel die gesproke as die geskrewe woord voor waar dit wel gebeur.

Ek neem 'n voorbeeld uit die Bybel, uit 'n vertaalde werk dus, waar redelikerwyse verwag sou kon word dat die vertalers steeds na volkome duidelikheid en by implikasie dus ook na absolute taalsuiwerheid gestreef het:

So is dan hy wat plant of hy wat natmaak,
niks nie, maar God wat laat groei. 1 Kor.3:7.

Die maar-sinslid is onvolledig: maar God wat laat groei ....., en die ontbrekende deel; die werkwoord (of gesegde as u wil) moet êrens vandaan gehaal word. Die enigste plek waarheen die leser hom kan wend vir wat ontbreek, is dié deel van die sin wat eksplisiet gerealiseer is, nl.: So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie .... Wend hy hom nie daarheen nie, moet hy hom beroep op sy verbeelding en hom in die keuse van die ontbrekende (eksplisiet gerealiseerde) woorde laat lei deur die logiese, of deur wat vir hom voor die hand lê. Maar wat vir die leser voor die hand lê, hoef nie noodwendig vir die skrywer voor die hand te

gelê/...
148/...

gelê het nie. Verlaat die leser hom hier op die taalmateriaal waarooor hy beskik en maak hy gebruik van die tegniek wat deur sametrekking of implisiete realisering tot sy beskikking gestel word, gaan hy die sin soos volg voltooi:

> So is dan hy wat plant of hy wat natmaak,
> niks nie, maar God wat laat groei, is niks
> nie.

Dit val uit hierdie „aangevulde" sin op dat daar inversie in die „hoofsin" is, maar nie in die „bysin" nie. Dit sal later behandel word. Wat hier van belang is, is dat die leser wat hom beroep op 'n taalmatige gedragslyn om ter wille van suiwer interpretasie te vind wat ontbreek, uiteindelik voor die probleem te staan kom dat sy konstruksie „onlogies" is. Vgl. hierteenoor:

> Die man wat die huis bou, is nie mal nie,
> maar die man wat die huis afbreek (is mal).

Uit vers 6 van dieselfde hoofstuk, d.w.s. uit die situasie, blyk wat die skrywer (eintlik moet dit lui vertaler) in gedagte gehad het:

> Ek het geplant, Apollos het natgemaak,
> maar God het laat groei.

Hieruit moet nou afgelei word dat die skrywer in vers 7 wou gesê het:

> So is dan hy wat plant of hy wat natmaak,
> niks nie, maar God wat laat groei, is iets
> (of is alles).

Hierdie/...
149/...

Hierdie vermoede word versterk deur die Engelse bewoording van die teks, nl.:

„So then neither is he that planteth anything, neither he that watereth; but God that giveth increase".

Die sametrekking in Afrikaans sou, na die voorbeeld van die Engels, volkome in orde gewees het, as daar nie benewens die negatief nie nog die negatiewe woord niks ook was nie. As in die plek van niks bv. iets gebruik is, sou die sin soos volg gelui het:

So is dan nòg hy wat plant nòg hy wat natmaak iets, maar God wat laat groei.

waar so is dan en iets saamgetrek is. Dit volg ook uit die taalmatige in Afrikaans dat die teenstellende bindwoord maar deur 'n teenstelling gevolg moet word, wat in hierdie geval bloot daarop sou neerkom dat die negatief nie weggelaat word: nie iets nie teenoor iets.

In plaas daarvan om is iets of is alles uitdruklik te noem en sodoende te verhoed dat die leser daar in die sin iets „indink" of „inlees" wat nie daar hoort nie, verswyg die skrywer dit, m.a.w. hy „herhaal" impliesiet wat nie elders in die sin gencem is nie en mislei sy leser so tot onduidelikheid of foutiewe interpretasie.

Hier volg nog 'n voorbeeld uit die Bybel:

Daar sal geween wees en geknars van die tande wanneer julle Abraham en Isak en Jacob en al die profete in die Koninkryk van God sal sien, maar julle self uitgedryf buitentoe. (Luk. 13:28).

Die/...
150/...

Die hulpwerkwoord word, wat nie elders genoem is nie, is hier blykbaar verswyg voor buitentoe: ..... maar julle self uitgedryf word buitentoe.

Kontinuering van woorde wat selfstandig beteken as woorde wat nie selfstandig beteken nie.

Woorde met selfstandige betekenis word, in teenstelling met die wetmatigheid van die taal, gekontinueer as woorde wat nie selfstandig beteken nie, d. w.s. as taaltegniese woorde. Dit kom die meeste voor by woorde wat dieselfde vorm het, maar nie dieselfde betekenis nie. Hierdie gevalle verskil dus van gevalle soos dié waarin skool ressorteer en waar ons te doen het met dieselfde woord, maar nie met dieselfde betekenisonderskeiding daarvan nie: Hy het baie verstand maar dit nog nooit gebruik nie. Voluit sou die sin gelui het: Hy het[+] baie verstand, maar hy het[++] dit nog nooit gebruik nie.

Het[+] beteken selfstandig. Dit is 'n selfstandige werkwoord en noem hier besit, terwyl het[++], wat in die eerste voorbeeld saamgetrek is, nie selfstandig beteken nie. Dit noem 'n tydkategorie en vervul dus 'n taaltegniese funksie. M.a.w. het[+] en het[++] is nie dieselfde woord nie. Daar is gelyke vorm, maar verskil in betekenis en verskil in funksie, en daarom kan het[+] nie in die maar-sinslid by wyse van sametrekking semanties gekontinueer word nie. Het[+] (=besit) en het[++] (=hulpwerkwoord met behulp waarvan verlede tyd uitgedruk word) staan in die sin semanties in opposisie tot mekaar. Het[+] moet dus geneutraliseer word om

te/...
151/...

te voorkom dat dit in die maar-sinslid gekontinueer word, en dit kan alleen maar gedoen word deur die taaltegniese het, d.w.s. het** eksplisiet te realiseer.

Of die taalgebruiker die onderwerp (die persoonlike voornaamwoord hy) in die maar-sinslid eksplisiet wil realiseer: Hy het baie verstand, maar (hy) het dit nog nooit gebruik nie, of dit wil saamtrek: Hy het baie verstand, maar het dit nog nooit gebruik nie, is 'n vraag waaroor styl die deurslag moet gee. Wat die struktuurprinsipe van betekenis betref, kom dit nie daarop aan of hy saamgetrek word of nie, want die interpretasie lewer geen probleem op nie.

Wat met het gebeur, kan ook gebeur met is, want is kan onder meer gebruik word as selfstandige werkwoord in die betekenis van bevind of ook bestaan, en ook as koppelwerkwoord. Na die vorm is daar ook geen verskil nie, maar na die betekenis en funksie wel. Vgl.: (a) My vader is (= bevind hom) in die tuin en my moeder siek in die bed, en (b) God is (= bestaan) en liefde. Die kontinuering van die selfstandigmoemende werkwoord is (= (a) bevind en (b) bestaan) as koppelwerkwoord (is siek) in die sinne: My vader is in die tuin en my moeder (is) siek in die bed en is liefde in God is en (God is) liefde, is ongeoorloof omdat dit saaklike betekenis raak. Die enigste oplossing vir hierdie probleem is om die kontinuiteit met behulp van die eksplisiete realisering van is na moeder (hierbo tussen hakies aangedui) en na en (ook tussen hakies aangedui) te realiseer. In sin (a) kom

dit/...
152/...

dit eenvoudig neer op die invoeging van is. In sin (b) kan ook volstaan word met die invoeging van is, maar daar sou geen beswaar daarteen kon wees as die taalgebruiker sou verkies om God saam met is eksplisiet in die en-sinslid te realiseer nie.

Die verskynsel wat in sin (a) hierbo geïllustreer is, is nie beperk tot die teenwoordige tyd nie. Dit word ook in die verlede tyd aangetref, soos onder meer blyk uit die sin: Toe die hooimied aan die brand geraak het, was my man op die dorp en ek so verbouereerd dat ek nie 'n lid kon verroer nie. Die onreëlmatigheid is dieselfde as dié in sin (a). Die was voor my is 'n selfstandige werkwoord met die betekenis het bevind terwyl was, waar dit implisiet voor ek gerealiseer is, 'n koppelwerkwoord is wat saam met verbouereerd die gesegde vorm. Het gedra hom egter nie op dieselfde wyse in die verlede tyd as in die teenwoordige tyd nie. As die sin hoër op met het* en het** in die verlede tyd oorgesit word, nl.: Hy het baie verstand gehad (het gehad = het besit), maar (hy het) dit nooit gebruik nie, blyk dit dat het* van die teenwoordige tyd (= besit) nou oorgegaan het in 'n tydskategorie om saam met die hulpwerkwoord het die gesegde te vorm, en dat daar dan tussen die het van het gehad en die het van het gebruik geen verskil is nie. Sametrekking sou hier dus volkome in orde gewees het: Hy het baie verstand gehad maar dit nooit gebruik nie.

Woorde wat onselfstandig beteken, word gekontinueer as woorde wat onselfstandig beteken, of anders

gestel/...
153/...

gestel, taaltegniese woorde word gekontinueer as taaltegniese woorde. In hierdie groep val die koppelwerkwoord wat gekontinueer word as hulpwerkwoord van die passief en ook anders om. Hier volg enkele voorbeelde:

(i) Koppelwerkwoord gekontinueer as hulpwerkwoord van die passief:

Die man is siek maar desnieteenstaande deur die boewe gedwing om hulle met hulle nagtelike bedrywighede te help.

Stel daarteenoor die juiste gebruik:

Die man is siek (is = koppelwerkwoord), maar hy is (is = hulpwerkwoord van die passief) desnieteenstaande deur die boewe gedwing om hulle met hulle nagtelike bedrywighede te help.

(ii) Hulpwerkwoord van die passief gekontinueer as koppelwerkwoord:

Die perd is voor die wa gespan maar so siek dat hy byna nie kan loop nie.

Stel daarteenoor 'n gangbare konstruksie:

Die perd is (is = hulpwerkwoord van die passief) voor die wa gespan, maar (hy) is (is = koppelwerkwoord) so siek dat hy byna nie kan loop nie.

In elk van die voorafgaande sinne word is een keer eksplisiet gerealiseer - in die eerste sin as koppelwerkwoord en in die tweede as hulpwerkwoord - en daarna in elke sin saamgetrek. In hierdie vier gebruike het die woord(e) is een ding gemeen, nl. dat dit/hulle nêrens selfstandig beteken nie en dus as tegniese

woord(e)/...
154/...

woor:(e) gebruik word, maar om twee verskillende funksies te verrig, nl. as koppelwerkwoord en as hulpwerkwoord. 'n Woord funksioneer met die betekenis wat dit het en dit is 'n woord omdat dit vorm en betekenis het. Die vorm verskil nie, en die verskil in funksie is toe te skryf aan die verskil in betekenis soos uit die volgende eenvoudige voorbeelde blyk:

(a) Jan is (is = bevind hom) in die tuin (is = selfstandige werkwoord).

(b) Jan is siek (is = koppelwerkwoord) (is sonder siek is onvolledig).

(c) Jan is gedood (is = hulpwerkwoord van die passief).

Soos uit die volgende voorbeelde bemerk sal word, verskil die patroon van Engels nie van dié van Afrikaans nie, behalwe in die geval van die hulpwerkwoord in die passief:

(a) „John is in the garden."

(b) „John is sick."

(c) „John has been wounded."

As bewys sou kon word dat „has been" dieselfde „woord" is as „is" van sin (a) of (b), sou bewys dat dit hier (en ook in Afrikaans) gaan om dieselfde woord en dat ons maar net te doen het met verskillende funksies van daardie woord, en dat die logiese funksie hier saamval met taalfunksie.

Die volgende twee verder voorbeelde is ook

insiggewend/...
155/...

insiggewend:

(i) Tydskategorie voor saamgetrek as koppelwerkwoord:

Regter Moshe Landau ..... wat in Danzig gebore en aan 'n Londense universiteit gegradueer het, is een van die regters wat Adolf Eichmann sal verhoor.

(ii) Hulpwerkwoord gekontinueer as koppelwerkwoord:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde; En in Jesus Christus, sy eniggebore seun, onse Here; Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gesterwe en begrawe is, en ter helle neergedaal het.

In sin (i) vra die Afrikaanse wetmatigheid 'n is na gebore en in sin (ii) 'n het na gesterwe. In laasgenoemde sin word dit dan ook dwingend om is na gekruisig te gebruik, m.a.w. daar moet deurgaans eksplisiet gerealiseer word: Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterwe het en begrawe is .....

Kontinuering van geopponeerde betekenisonderskeidings:

Geopponeerde betekenisonderskeidings van werkwoorde wat selfstandig beteken, word soms gekontinueer soos uit die volgende voorbeelde blyk:

(i) Sy lê siek en hy leeg.

(ii) Hy staan eerste in sy klas en sy man as dit nodig is.

(iii) Hy steek haar op en sy die kat met 'n stok.

(iv) Hier/...
156/...

(iv) Hier gooi die nooiens hulle flikkers en motoriste petrol in.

Lê en steek is hier eksplisiet gerealiseer in 'n letterlike betekenis en saamgetrek in 'n figuurlike betekenis.

In die twee sinne met steek en gooi is sowel steek as gooi eksplisiet gerealiseer in 'n figuurlike betekenis en saamgetrek in 'n letterlike betekenis. Die proses hier is dus die omgekeerde van dié in die sinne met lê en staan.

In die volgende gevalle het ons nie te doen met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde nie, maar met verskillende betekenisonderskeidings van dieselfde woord op dieselfde vlak, d.w.s. op die vlak van letterlike betekenis, of van verskillende, maar gelykluidende, woorde:

Hou jou geld, jou kop en jou geduld.
Op diens stook hy 'n lokomotief, in die somervakansie witblits op die plaas en gedurende die naweke saam met sy vriende.

Weens die verskil in betekenis kan die woorde lê, staan, steek, gooi, hou en stook in die voorafgaande sinne nie implisiet gekontinueer word nie, en om die saak reg te stel, d.w.s. om te voorkom dat woorde gekontinueer word in 'n ander betekenis as dié waarin dit eksplisiet gerealiseer word, moet hulle uitdruklik herhaal word, soos bv. in:

Op diens stook hy 'n lokomotief, in die somervakan-

sie/...
157/...

sie stook by witblits op die plaas en gedurende die naweke stook hy saam met sy vriende.

Die sin: jaag die skape uit en die beeste in, is volkome reëlmatig gestruktureer omdat die jaag van uitjaag dieselfde is as die jaag van injaag. Uit- en in- verskil natuurlik (sowel in vorm as betekenis) en moet derhalwe eksplisiet gerealiseer word in teenstelling met jaag wat saamgetrek kan word.

Ordeningsprinsipe.

Om betekenisvol te wees, moet in 'n bepaalde taal 'n bepaalde woordvolgorde gehandhaaf word. Die prinsipe van volgorde moet eerbiedig word, en geen tegniek wat daarmee bots, kan verdedig word nie. 'n Eenvoudige woordgroep soos langs die rivier sou verstaanbaar wees in die volgorde die langs rivier omdat die taalgebruiker die langs rivier op grond van sy taalervaring eenvoudig herlei tot en interpreteer as langs die rivier. Die taalgebruiker herstel eenvoudig die woordorde volgens die taalsisteem soos dit aan hom bekend is. Dit gee die taalgebruiker egter geen reg om die woordorde na willekeur te verander en om dan van sy medetaalgebruiker te verwag om dit reg te interpreteer nie.

Die prinsipe wat vir eksplisiete ordening geld, geld in dieselfde mate vir implisiete ordening. Implisiete ordening kan nie willekeurig geskied nie omdat dit afhanklik is van die eksplisiete ordening. In die konstruksie: Hy neem sy geweer, hy gaan na die

rivier/...
158/...

rivier en hy brand los op die roofdier is die ordening in al drie die sinslede dieselfde, nl. onderwerp voor gesegde: Hy neem ... hy gaan ...hy brand los .... Die volgorde is hier deurgaans eksplisiet gestel. Die woordmateriaal is deurgaans volledig, en uitdruklik genoem. As die taalgebruiker sou besluit om van sametrekking gebruik te maak, d.w.s. om deur verswyging „voort te sit", sou die volgorde van die eksplisiete realisering gehandhaaf moet word: Hy neem sy geweer, gaan na die rivier en brand los op die roofdier, waar hy saamgetrek is voor gaan en ook voor brand los. Die volgende volgorde sou bv. nie deug nie: Hy neem sy geweer, na die rivier gaan en op die roofdier brand los.

Dieselfde beginsel geld by die sametrekking van die werkwoord: Die vader drink brandewyn, die moeder sjampanje en die seun lemoensap. Soos wat hy saamgetrek (kan) word voor neem, gaan en brand los, kan die werkwoord drink saamgetrek word voor sjampanje en lemoensap. Die implisiete ordening is dieselfde as die eksplisiete ordening, d.w.s. die ordening is deurgaans onderwerp, gesegde, direkte voorwerp. Die ordening van die mededelende sin is onderwerp, gesegde afgesien daarvan of dit eksplisiet of implisiet gerealiseer word. By sametrekking moet rekening dus daarmee gehou word dat daar sowel 'n betekeniskontinuïteit as 'n ordeningskontinuïteit bewerkstellig moet word. Die taalgebruiker beland egter dikwels in lokvalle deurdat hy nie daarin slaag om (a) 'n betekeniskontinuïteit, of (b) 'n ordeningskontinuïteit te stel nie. Vgl.:

(a) Hy maak haar die hof en vir my 'n reistas.

Maak/...
159/...

Maak is hier, soos in die geval van steek en gooi hoër op, eksplisiet gerealiseer in 'n figuurlike sin en implisiet in 'n letterlike sin, met die gevolg dat iets anders gesê word as wat bedoel word. Die ordeningskontinuïteit is in orde want die orde hy maak word behou waar dit saamgetrek word tussen en en vir van die en-sinslid.

(n) As gevolg van regsadvies wat ingewin is, is hierdie opvatting foutief en die Departement regtens bevoeg om teen 'n dienaar op te tree vir 'n daad wat hy mag begaan het.

Afgesien van die onlogiese in die sin weens die foutiewe woordkeuse van as gevolg van, nl. dat hierdie opvatting foutief is as gevolg van regsadvies wat ingewin is, moes daar nie 'n ordeningskontinuïteit deur middel van die implisiete sametrekking van is vóór die Departement gestel gewees het nie, want dit kon nie die bedoeling gewees het nie om te sê: As gevolg van regsadvies wat ingewin is, ... is die Departement regtens bevoeg om teen 'n dienaar op te tree ...., maar wel: As gevolg van (= volgens) regsadvies wat ingewin is, is hierdie opvatting foutief, en die Departement is regtens bevoeg om teen 'n dienaar op te tree vir 'n daad wat hy mag begaan het. Met ander woorde, daar moes nie van implisiete kontinuering gebruik gemaak gewees het nie, maar wel van eksplisiete kontinuering om te verseker dat daar in die en-sinslid na normale ordening terug-gekeer word in teenstelling met die inversieordening van is hierdie opvatting foutief.

Samevattend/...
160/...

Samevattend kom dit daarop neer dat daar eksplisiet gerealiseer moet word as implisiete betekeniskontinuïteit en implisiete ordeningskontinuïteit nie geoorloof is nie. As beide geoorloof is, kan daar egter implisiet gerealiseer of saamgetrek word of, anders gestel, implisiete betekeniskontinuïteit impliseer implisiete ordeningskontinuïteit. Sonder laasgenoemde is eersgenoemde onmoontlik en eweneens is eersgenoemde sonder laasgenoemde ondenkbaar.

Sametrekking van 'n deel van die werkwoord (gesegde).

Uit 'n ontleding van die sin: Organe met ander funksies moes verander en gedwing word om in diens van die spraakaktiwiteit te staan, blyk dit dat moes, 'n deel van die werkwoord (gesegde) saamgetrek is voor gedwing word. Die interpretasie wat aan die sin geheg moet word, is dus: Organe met ander funksies moes verander word en moes gedwing word om in diens van die spraakaktiwiteit te staan, wat beslis nie die bedoeling van die taalgebruiker kon gewees het nie omdat daar nie redelikerwys verwag kan word dat die organe van alle taalgebruikers verander moet (of kan) word sodat dit gedwing kan word om in die diens van die spraakaktiwiteit te staan nie. Wat in die sin gebeur het, is dat die sametrekking van moes voor gedwing ook meegebring het dat geword saamgetrek is na verander, d.w.s. vóór die en-sinslid, met die gevolg dat die sinslid: Organe met ander funksies moes verander feitlik ongemerk van die bedrywende vorm oorgegaan het in die lydende vorm. M.a.w. toe moes implisiet gekontinueer is, het 'n tweede kontinueerbare moment,

nl./...
161/...

nl. geword, homself na vore gedwing (meageding) en is sy kontinuïteit bewerkstellig saam met dié van moes. Die woordomgewing het hom uitstekend daartoe gelean, en die dubbele samestrukking (nl. van moes en word) het uitgeloop op 'n volkome simmetrie van bou, nl.:

Organe ..... moes verander word; en

Organe moes gedwing word.

Dis 'n ideale bou uit die oogpunt van ritme ('n stylooogpunt dus) beskou, en die sin lees vlot, maar taalkundig is dit onverdedigbaar omdat die beginsel van kommunikasie geweld aangedoen en die interpretasie belemmer word. Om die andersduidigheid uit te skakel of, anders gestel, om te verseker dat die sin taalmatig gestruktureer is, dat die kontinueerbare moment word nie gekontinueer word nie, moet dit geneutraliseer word sodat dit nie gekontinueer kan word nie, en die enigste manier waarop dit gedoen kan word, is deur moes nie implisiet voor gedwing word te realiseer nie, maar wel eksplisiet:

Organe met ander funksies moes verander en moes gedwing word om in diens van die spraakaktiwiteit te staan.

Die enigste betekenis wat nou aan die sin geheg kan word, is dat die organe uit hulle eie (bv. deur ewolusie) moet verander om vir 'n nuwe funksie ingespan te kan word.

Op bl. 72 - 75 is daarop gewys dat die lydende en bedrywende vorme nie bloot struktuurvariante is nie en dat die taalgebruiker soms geen ander keuse

het/...
162/...

het nie as om ter wille van eenduidigheid van òf die een òf die ander gebruik te maak. Uit die voorbeeld hierbo blyk bv. dat die bedrywende vorm ter wille van eenduidigheid dwingend is en dat daar nie toegelaat kan word dat die wetmatighede van vorm en sametrekking na willekeur kruis nie.

Sametrekking en logika.

Die onderlinge samehang van woorde gee nie noodwendig òf 'n eenduidige òf 'n dubbelsinnige interpretasie nie. Dit kan ook 'n onlogiese interpretasie gee soos bv. in die sin:

> En nadat Hy die brode gebreek het gee Hy dit aan die dissipels en die dissipels aan die skare. (Matt.14 : 19).

Gee is na en implisiet gerealiseer. Dit is dieselfde gee wat na het eksplisiet gerealiseer is. Die implisiete betekeniskontinuïteit is dus in orde. Gee is eksplisiet voor Hy georden en implisiet kry dit dieselfde plek na en, want die implisiete ordening kry sy patroon van die eksplisiete ordening. Dit kom dus voor of sowel die betekeniskontinuïteit as die ordeningskontinuïteit in orde is en of daar voldoen word aan die twee vereistes vir implisiete kontinuering. As gevolg van die woordomgewing van gee kom Hy ongelukkig in dieselfde betekenis en ordeningsplek saam, sodat die sin inderdaad soos volg geïnterpreteer moet word:

> En nadat Hy die brode gebreek het, gee Hy dit aan die dissipels en gee Hy die dissipels aan die skare.

Die onlogiese in die sin is dat Hy nou die dissipels aan die skare gee in plaas daarvan dat die dissipels dit (= die brode) aan die skare gee. Die aard van die omringende gegewens vereis dus dat daar nie implisiet gekontinueer word nie, maar eksplisiet

sodat/...
163/...

sodat die interpretasie vergemaklik kan word:

> En nadat Hy die brode gebreek het, gee Hy dit (= die brode) aan die dissipels en gee die dissipels dit (= die brode) aan die skare.

Min of meer op dieselfde vlak is die sin waarin die ooreenstemmende gedeelte van die tweede vermeerdering van die brode beskryf word:

> .... en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en die dissipels aan die skare. (Matt. 15:36).

Die aanloop .... en nadat Hy gedank het veroorsaak inversie in die daaropvolgende sinslid breek Hy dit. Die inversieordening word deels eksplisiet (gee) en deels implisiet (Hy) gekontinueer in die en-sinslid. Die ordening van die tweede en-sinslid in sover dit eksplisiet gerealiseer is, impliseer dat die aanloop ook daarop betrekking het en dat die inversieordening dus daarin gehandhaaf moet word. Bloot (chrono-)logiese beskou, kan dit ook nie anders nie. Die volledig gekonstrueerde sin sou dan soos volg lui:

> .... en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee (Hy) dit aan Sy dissipels en (gee Hy) die dissipels aan die skare.

Ook hier sou eksplisiete kontinuering die enigste middel wees om die foutiewe ordeningskontinuïteit en bygevolg ook die onlogiese in die interpretasie uit te skakel:

> .... en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en gee die dissipels dit aan die skare.

Deur dit te doen, word die moontlikheid van die implisiete kontinuering van Hy ná gee en vóór die dissipels uitgeskakel, m.a.w. Hy word geneutraliseer.

Kontinuering/...
164/...

Kontinuering buite die sin.

In die voorafgaande paragrawe is daar gelet op kontinuering binne die sin, en aandag is onder meer gegee aan eksplisiete en implisiete kontinuering. Ons noem net weer 'n voorbeeld van elk en kies die werkwoord om mee te illustreer:

Eksplisiete kontinuering:

Jan word goed beloon, maar hy verdien om goed beloon te word;

of

Jan word goed beloon, maar hy verdien dit;

waar word goed beloon eksplisiet gekontinueer word deur die gesegde in die eerste voorbeeld uitdruklik weer te noem, en wel as direkte voorwerp, en dit in die tweede voorbeeld voort te sit deur die taaltegniese woord dit, ook as direkte voorwerp.

Implisiete kontinuering:

Die vader drink brandewyn, die moeder sjampanje, en die seun lemoensap, waar drink saamgetrek (implisiet gekontinueer) is voor sjampanje en lemoensap.

Die perke van kontinuering word egter nie begrens deur die grense van die sin nie, en die verskynsel word ook aangetref buite die grense van die sin, m.a.w. wat in een sin eksplisiet gerealiseer is, kan in 'n daaropvolgende sin eksplisiet of implisiet gekontinueer word. Wat die eksplisiete kontinuering betref, kan woorde, woordgroepe of sinne voortgesit word deur woorde wat selfstandig beteken, deur woordgroepe of deur sinne, of ook deur middel van taaltegniese woorde.

Hier/...
165/...

Hier volg 'n paar voorbeelde van sowel eksplisiete as implisiete kontinuering buite die sin:

A. EKSPLISIETE KONTINUERING.

(i) Kontinuering van onderwerp deur woorde wat selfstandig beteken.

Piet en Jan het vanjaar mooi presteer op die gebied van atletiek.

Die twee seuns (= Piet en Jan) is werklik 'n aanwins vir ons skool.

(ii) Kontinuering van onderwerp deur taal-tegniese woord.

Piet staan hierdie kwartaal weer eerste in sy klas.

Hy verdien dit want hy het hard geleer.

(iii) Kontinuering van direkte voorwerp deur woorde wat selfstandig beteken.

Hy het tien sjielings tot die fonds bygedra.

Hy is maar arm en kon die bedraggie (= tien sjielings) beswaarlik afknyp.

(iv) Kontinuering van direkte voorwerp deur taal-tegniese woord.

Hy het tien sjielings tot die fonds bygedra.

Hy is maar arm en kon dit (= tien sjielings) beswaarlik afknyp.

(v) Kontinuering van onderwerpsin deur woorde wat selfstandig beteken.

Die man wat daar loop, is by ons aangestel as hoofonderwyser.

Die kêrel (= die man wat daar loop) is glo besonder begaafd.

(vi) Kontinuering van onderwerpsin deur taal-tegniese woord.

Die wa wat hy aan my oom verkoop het, het 'n unieke geskiedenis.

Dit (= die wa wat hy aan my oom verkoop het) het aan Piet Retief behoort.

B. IMPLISIETE/...
166/...

B. IMPLISIETE KONTINUERING.

(i) Implisiete kontinuering van onderwerp en gesegde.

Hy het die tabberd eiehandig ontwerp en gemaak. Ook die rok wat sy moeder gister met die plegtigheid aangehad het. En ook die bruid se reisuitrusting.

Indien daar nie implisiet gekontinueer is nie, sou die sin soos volg gelui het:

Hy het die tabberd eiehandig ontwerp en gemaak. Hy het ook die rok wat sy moeder gister met die plegtigheid aangehad het, eiehandig ontwerp en gemaak. En hy het ook die bruid se uitrusting eiehandig ontwerp en gemaak.

(ii) Implisiete kontinuering van gesegde.

In die gesondheidsregulasies word daar nie iets van knaagdiere gesê nie. Nie van hulle bestaan nie, en ook nie van hoe hulle bestry moet word nie.

As hier nie van implisiete kontinuering gebruik gemaak is nie, sou die sin daar soos volg uitgesien het:

In die gesondheidsregulasies word daar nie iets van knaagdiere gesê nie. In die gesondheidsregulasies word daar nie iets van hoe hulle bestaan, gesê nie, en in die gesondheidsregulasies word daar ook nie iets van hoe hulle bestry moet word, gesê nie.

Uit sinne B(i) en (ii) blyk onder meer dat die basiese beginsels van kontinuering soos geïllustreer aan die hand van die voorbeelde van kontinuering binne die sin, ook aangetref word by kontinuering buite die sin, en dat daar by laasgenoemde groep net so noukeurig rekening gehou moet word met betekeniskontinuïteit en met ordeningskontinuïteit. Hy, het ontwerp en gemaak, iets en word nie gesê nie, het op al die plekke waar dit gerealiseer is, hetsy eksplisiet, hetsy implisiet, dieselfde betekenis, en die implisiete ordening kry deurgaans sy patroon van die eksplisiete ordening.

Kontinuering/...
167/...

Kontinuering buite die sin het dieselfde gebondenheid en dieselfde vryheid as kontinuering binne die sin, en dieselfde slaggate wat die taalgebruiker raakloop by die aanwending van die tegniek van kontinuering binne die sin, kan ook in sy weg kom wanneer hy van hierdie tegniek buite die sin gebruik maak. Hier volg 'n voorbeeld ter illustrasie:

> Die juiste besonderhede van items (a) en (b) is beskikbaar.
>
> Dit moet in die brief gemeld word.

Die vraag is of dit aangewend word vir (i) die kontinuering van die juiste besonderhede van items (a) en (b), d.w.s. die onderwerp van die voorafgaande sin, of (ii) vir die betekenistotaal van die voorafgaande sin, d.w.s. die feit dat die juiste besonderhede van items (a) en (b) beskikbaar is. Daar is 'n radikale verskil tussen (i) en (ii). In die geval van (i) sou die „juiste besonderhede" verstrek moet word, terwyl dit in die geval van (ii) voldoende sou wees om te meld dat die juiste besonderhede „beskikbaar" is.

Dit blyk dus dat ons hier, net soos by kontinuering binne die sin, te doen kan kry met mededingende kontinueerbare momente en dat daar geneutraliseer moet word wat nie bedoel is om gekontinueer te word nie. Ons voorbeeld bied die volgende moontlikhede, al na gelang van die interpretasie wat die spreker/skrywer verwag dat sy hoorder/leser aan die mededeling moet heg:

> (i) Die juiste besonderhede van items (a) en (b) is beskikbaar.
>
> Die juiste besonderhede van die items moet in die brief gemeld word.

(ii) Die/...
168/...

(ii) Die juiste besonderhede van items (a) en (b) is beskikbaar.

Meld in die brief dat dit beskikbaar is, of in die brief moet gemeld word dat dit beskikbaar is.

Die oplossing hier lê dus daarin om uitdruklik te noem wat gekontinueer moet word en so te neutraliseer wat nie gekontinueer moet word nie.

By kontinuering buite die sin moet daar ook rekening gehou word met die hoeveelheid woordmateriaal wat volg na die kontinueerbare moment en voor die kontinuering daarvan, afgesien daarvan of daar eksplisiet met behulp van taal-tegniese woorde of implisiet gekontinueer word, omdat die getal momente wat moontlik om kontinuering kan meeding, toeneem namate die afstand groter word.

Hier volg 'n voorbeeld:

48. Ek is die brood van die lewe.

49. Julle vaders het die manna in die woestyn gaet en het gesterwe.

50. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.

51. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. (Joh. 6 : 48-51).

Vers 50 begin met die taaltegniese woord dit. Gesien teen die agtergrond van vers 49 moet dit die manna kontinueer, maar die res van vers 50 : sodat iemand daarvan kan eet en nié sterwe nie, bots met die inhoud van vers 49: ..... en het gesterwe. Vers 51 voltooi die situasie waaruit die ware toedrag van sake duidelik

word./...
169/...

word. Daarsonder sou moeilik geïnterpreteer kon word. Nadat die leser vers 51 ook gelees het, weet hy dat dit nie die manna kontinueer nie, maar wel die brood van die lewe van vers 48, die brood wat in vers 51 verklaar word as die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. Omdat die brood van die lewe van vers 48 en die manna van vers 49 meeding om deur dit gekontinueer te word, moes daar nie van dit gebruik gemaak gewees het nie. Die taal het die middele om duidelikheid te bring sonder dat dit nodig is om terug te gaan na wat reeds gelees is om so duidelikheid te kry, en daardie middele moet aangewend word.

Plek van sametrekking.

Daar is twee plekke in die sin waar normaalweg saamgetrek word, d.w.s. waar die taal sametrekking toelaat, wat ons geriefshalwe voor en agter kan noem. Hier volg 'n paar voorbeelde van elk:

A. Sametrekking voor.

(i) Want hierdie self kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee gewees het (Matt. 26 : 29). Gewees het is hier saamgetrek na verkoop.

(ii) Julle kon dit gedoen en ons later daarvan in kennis gestel het, waar het saamgetrek is na gedoen.

B. Sametrekking agter.

(i) In talle streke is strate van dorpe oorstroom, paaie onbegaanbaar, spoorweg verspoel, verbindings ontwrig en mense vasgekeer. Hier is ig saamgetrek voor paaie, spoorweë, verbindings en mense.

(ii) Nie net die realisme lê hom na aan die hart nie, maar ook die werke met 'n aktuele of filosofiese inslag, waar lê hom na aan die hart saamgetrek is na inslag.

In/...
170/...

In sin A(i) is daar geen ander moontlikheid as om voor saam te trek nie. Die taalgebruiker is hier absoluut gebonde. Die konstruksie: Want hierdie salf kon duur verkoop gewees het en die geld aan die armes gegee is onvolledig òf, uit die oogpunt van sametrekking beskou, on-Afrikaans. Dit is wel moontlik om aan die end weer eksplisiet te realiseer: Want hierdie salf kon duur verkoop gewees het en die geld (kon) aan die armes gegee gewees het, maar dan is ons buite die terrein van sametrekking. Dit blyk dus dat daar net vóór saamgetrek kan word wanneer die moment wat saamgetrek word, die tydskategorie aandui en 'n aanvulling is van die persoonsvorm van die werkwoord, hier kon. Nog 'n kenmerk van hierdie sin is dat die woordorde normaal is vir die mededelende hoofsin sonder 'n aanloop, nl.: onderwerp - gesegde. Dit geld ook van sin A(ii).

Wat sin B(i) betref, is die omgekeerde die geval. Die persoonsvorm van die werkwoord, nl. is, word agter saamgetrek. Dit kan inderdaad op geen ander plek in die sin gedoen word nie. Dus weer geen vryheid nie.

Die resultaat van enige alternatiewe konstruksie sou nog minder Afrikaans wees as die resultaat van die alternatiewe poging met sin A(i). Nog 'n kenmerk van sin B(i) is dat dit 'n aanloop het: In talle streke, en dat ons hier te doen het met inversie. Die gevolgtrekking waartoe hier gekom moet word, is dus dat daar in mededelende sinne met inversie net agter saamgetrek kan word.

C. Sametrekking/...
171/...

C. Sametrekking òf voor òf agter.

(i) Dit is goed om in die môre U goedertierenheid te verkondig en in die nagte U getrouheid, waar om saamgetrek is na in en te verkondig na getrouheid; of

(ii) Dit is goed om in die môre U goedertierenheid en in die nagte U getrouheid te verkondig, waar te verkondig saamgetrek is na goedertierenheid en om voor in.

Uit hierdie voorbeeld(e) blyk dat dit by die infinitief om't ewe is of daar voor of agter saamgetrek word.

„REGRESSIEWE" KONTINUERING.

Wanneer 'n taal-tegniese woord in Afrikaans gebruik word om 'n woord of woordgroep te kontinueer wat selfstandig beteken, is dit taalmatig om eers die woord te noem wat selfstandig beteken en dit daarna te kontinueer:

Die Minister het in sy (= die Minister se) begrotingsrede 'n oorskot van R20,000,000 in die vooruitsig gestel.

'n Alternatiewe konstruksie vir hierdie tipe sin wat in die jongste tyd betreklik diep ingeslaan het, vermoedelik onder die invloed van Engels, is:

In sy begrotingsrede het die Minister 'n oorskot van R20,000,000 in die vooruitsig gestel.

'n Kenmerk van laasgenoemde konstruksie is dat ons deur middel van 'n taaltegniese woord (sy) „kontinueer" wat in der waarheid nie daar is om gekontinueer te word nie. Dit kom dus voor of die onlogiese hiervan bots met die taalmatige. Dat die konstruksie ook inversie gee, maak nie saak nie, want inversie na 'n aanloop is taalmatige Afrikaans. Die „regressiewe" kontinuering kan egter nie v[illegible] word nie. Vgl. ook:

Die /...
172/...

> Die Britse Eerste Minister het aangekondig dat hulle, na sy samespreking met die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, 'n gesamentlike verklaring sou doen.

Hulle staan blykbaar vir die Britse Eerste Minister en die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, maar dit word ongelukkig gebruik voordat albei eerste ministers uitdruklik genoem is en daar dus nie regverdiging vir die meervoudsvorm van die persoonlike voornaamwoord kan wees nie. Die spreker het blykbaar bedoel om te sê:

> Die Britse Eerste Minister het aangekondig dat hy en die Suid-Afrikaanse Eerste Minister na hulle samespreking 'n gesamentlike verklaring sou doen.

Hierdie deels „regressiewe" en deels „progressiewe" eksplisiete kontinuering is dus ook nie verdedigbaar nie.

TEGNIESE KORREKTHEID.

Enkele konstruksies leen hulle in so 'n mate aan sametrekking dat hulle die taalfynproewer wat op sowel taalmatigheid as goeie styl bedag is, steur ofskoon daar tegnies niks teen hulle in te bring is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende:

(i) Nege-en-twintig van hulle het die toets in 1959 en een-en-twintig in 1960 afgelê.

x

(ii) Nege-en-twintig van hulle het die toets in 1959 afgelê en een-en-twintig in 1960.

In albei konstruksies is daar 'n sametrekking van 'n naamwoordelike woordgroep, 'n hulpwerkwoord, 'n voornaamwoord en 'n werkwoord. Van die twee moontlik-

...

hede/...
173/...

hede steur (i) die meeste. In die tweede konstruksie word die intensiteit van die sametrekking en dus ook die steurenńheid getemper deurdat afgelê agter saamgetrek is en nie voor nie. Dit gee dus stilistiese groter bevrediging. Daar moet egter weer eens op gewys word dat die taalmatige die deurslag gee waar die taalmatige en die stilistiese bots.

INVERSIE.

As die reëls vir woordordening by sametrekking nie in ag geneem word nie, kan daar 'n ongeoorloofde omkering van die woorde plaasvind. Dit is moontlik by sowel eksplisiete as implisiete kontinuering. Die omgekeerde woordorde (inversie) is in bepaalde omstandighede in orde, soos byvoorbeeld in die vraagsin: Gaan hy saam? en in sinne wat met 'n aanloop[5] begin: Toe was dit reeds te laat waar toe die aanloop is en aanleiding gee tot die wisseling van plek by was en dit. Vgl. bv.: Dit was toe reeds te laat.

'n Sin kan hê:

(a) 'n enkelvoudige gesegde soos werk in: Die tuinjong werk;

(b) 'n saamgestelde gesegde soos in —

(i) Die tuinjong het gewerk, waar het 'n hulpwerkwoord is; en

(ii) Die tuinjong is siek, waar is 'n koppelwerkwoord is wat saam met die adjektief siek die gesegde vorm.

Wat hier van belang is, is dat daar 'n eenvormigheid van konstruksie is in die opsig dat die gesegde in hierdie tipe mededelende sin konsekwent ná die onder-

5) Nader omskryf op bladsy 175 vlg.

werp/...
174/...

werp kom afgesien daarvan of dit enkelvoudig is soos in die geval van werk of saamgestel en bestaan uit 'n hulpwerkwoord plus 'n werkwoord soos in het gewerk of uit 'n koppelwerkwoord en 'n adjektief soos in is siek. By woordorde en dus ook by inversie gaan dit onder meer (miskien kan ons sê in die eerste plek) om die plek van die onderwerp en die plek van die gesegde.

By mededelende hoofsinne onderskei ons dié wat —

(a) met die onderwerp begin en deur die gesegde gevolg word soos in:

Die tuinjong werk; en

(b) met iets anders as die onderwerp begin, soos bv. in —

In die tuin werk 'n jong of die sin hoër op—

Toe was dit reeds te laat, waar dit normaal is dat die gesegde die onderwerp voorafgaan.

Dit is dus volkome in orde om mededelende hoofsinne met iets anders te begin as met die onderwerp. Daar is bv. die volgende moontlikhede:

(a) Helaas, hy het nie die paal gehaal nie, waar die woordorde onderwerp - gesegde nie geraak word nie omdat tussenwerpsels nie inversie veroorsaak nie.

(b) Dan het hy tog die paal gehaal, waar die bywoord dan dui op 'n logiese punt wat volg op òf uit gebeure òf omstandighede wat in die voorafgaande opgesluit lê, en inversie veroorsaak.

(c) Daar/...
175/...

(c) Daar woon mense in die bouval, waar daar die globale onderwerp is, en dit buitendien on-Afrikaans sou wees om te sê: Mense woon daar in die bouval.

(d) Toe was hy reeds weg, waar die bywoord van tyd toe die aanloop is en die orde verander van onderwerp - gesegde na gesegde - onderwerp.

(e) Toe ek daar kom, was dit reeds te laat, waar die sinslid: Toe ek daar kom, wat 'n bywoordelike bepaling van tyd is, optree as aanloop.

Die aanloop kan bestaan uit:

(a) 'n enkelvoudige voorwerp: Geld het ek nie;

(b) 'n meervoudige voorwerp: Goud en silwer het ek nie, maar .....;

(c) 'n voorwerpsin: Dat hy 'n bekwame man is, kan ek nie betwis nie;

(d) 'n bepaling van tyd, plek, ens.:
Môre sal dit te laat wees;
In die stad vertrou die mense nie mekaar nie;

(e) 'n infinitief: Rook is deur die hoof verbied;

(f) 'n verlede deelwoord: Gesteel het hy nie, gebedel (het hy) wel;

(g) 'n sin as 'n bepaling by 'n werkwoord: Toe hy my sien, het hy weggekruip.

Die aanloop is 'n besondere verskynsel in Afrikaans, juis omdat dit inversie veroorsaak, nie net

in/...
176/...

in die aanvangsinslid nie, maar ook in daaropvolgende sinslede wat deur die aanloop bepaal word: Bedags werk hy hard en doen al sy werk - Bedags werk hy hard en (bedags) doen (hy) al sy werk. Bedags is in die en-sinslid na en deur sametrekking gekontinueer en deur dieselfde tegniek is hy ná doen in die en-sinslid georden, d.w.s. ook in inversieorde. Dit kom dan eintlik daarop neer dat bedags en hy saam uit die aanvangsinslid beweeg na die en-sinslid, of dat bedags saam met hy kom.

Die stelling dat die aanloop 'n besondere kenmerk van Afrikaans is, en nie bv. ook van Engels nie, blyk onder meer uit 'n vertaling van sin (c) hierbo: „Dat he is a competent man, I cannot deny", waar „I cannot deny" na „That he is a competent man" die normale woordorde het van die sogenaamde „actor-action"-konstruksie: „I cannot deny that he is a competent man". Of daar ander besondere tale is, wat die voorbeeld van Afrikaans volg, is 'n vraag waarop nie hier verder ingegaan hoef te word nie.

Inversie in die mededelende hoofsin word veroorsaak deur die aanloop en nie ov. deur 'n bindwoord nie, afgesien inversie veral na die voegwoord en voorkom. Ons bou sin (x) wat hoër op voorkom, effens uit en let dan op wat kan gebeur as daar foutief van inversieordening gebruik gemaak word:

Geld het ek nie en kan dit daarom nie aan jou gee nie.

Die aanloop Geld maak inversieordening, d.w.s. die plasing van die gesegde voor die onderwerp, dwingend

in/...
177/...

in teenstelling met: Ek het nie geld nie, maar ons die normale ordening van die mededelende sin het, d.w.s. die onderwerp voor die gesegde. Geld word egter nie in die en-sinslid ook as aanloop bedoel, d.w.s. implisiet gekontinueer, nie. Dit word inderdaad eksplisiet gerealiseer deur dit, maar nie op die plek van geld in die „hoofsin" nie. Ek is in die en-sinslid implisiet gekontinueer, en wel vóór kan : Geld het ek nie en ek kan dit daarom nie aan jou gee nie. Die sametrekking van ek in die en-sinslid vóór die werkwoord in teenstelling met die eksplisiete realisering daarvan in die aanvangsinslid ná die werkwoord, belemmer egter nie die interpretasie nie, want daar is geen verskil tussen die eksplisiet gerealiseerde ek en die saamgetrekte ek nie, m.a.w. hulle kom semanties nie teenoor mekaar te staan soos bv. is in die volgende sin nie: Jan is (is = bevind hom = selfstandige werkwoord) in die tuin en Piet siek, waar is, soos saamgetrek voor siek nie 'n selfstandige werkwoord is nie, maar 'n koppelwerkwoord. Die implisiete ordening kry altyd sy patroon van die eksplisiete ordening, en die sin hierbo behoort dus soos volg geïnterpreteer te word:

Geld het ek nie (inversieordening) en kan ek (inversieordening) dit daarom nie aan jou gee nie.

Die implisiete ordening van die en-sinslid: en kan (ek) dit daarom nie aan jou gee nie, is nie in ooreenstemming met die Afrikaanse taalsisteem nie, afgesien daarvan of ons eksplisiete of implisiete ordening het.

Die betekenis van ek kan gekontinueer word, maar nie sy plek nie. Dit is dus nodig om die betekenis

eksplisiet/...
178/...

eksplisiet te kontinueer deur ek weer uitdruklik te noem sodat die juiste ordening (plek) verkry kan word. As 'n kontinueringsmoment en die volgorde van die moment foutief implisiet gekontinueer word, kry ons foutiewe inversie as gevolg van sametrekking. Dit raak gewoonlik die onderwerp en die gesegde asook die aanloop waardeur die implisiete inversie veroorsaak word. Wat die onderwerp en die gesegde betref, is daar, volgens Labuscagne[6] drie moontlikhede, nl.:

(a) Sowel die onderwerp as die gesegde van 'n vorige sinslid word implisiet gekontinueer:

Verlede jaar het Jan £1,000 opsy gesit en gister 'n huis gekoop; waarmee dan eintlik gesê word —

Verlede jaar het Jan £1,000 opsy gesit (en verlede jaar het Jan) gister 'n huis gekoop.

(b) Net die onderwerp van 'n vorige sinslid word implisiet gekontinueer sodat dit implisiet foutief saam met 'n nuwe onderwerp georden word:

Binne twee dae het hy die hele sakie opgelos en sal binnekort 'n gepatenteerde uitvinding op die mark bring;

waarmee inderdaad gesê word —

Binne twee dae het hy die hele sakie opgelos en sal (hy) binnekort 'n gepatenteerde uitvinding op die mark bring.

6) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 104.

(c) Net/...
179/...

(c) Met die gesegde van 'n vorige sinslid word implisiet gekontinueer sodat dit implisiet foutief saam met 'n nuwe onderwerp georden word:

By 'n vorige geleentheid kon Jan die hond nie vang nie en Piet gister weer die kat nie doodslaan nie;

wat soos volg geïnterpreteer moet word —

By 'n vorige geleentheid kon Jan die hond nie vang nie en (kon) Piet gister weer nie die kat doodslaan nie.

Om hierdie fout reg te stel (of te voorkom), moet daar eksplisiet gekontinueer word (sowel die betekenis as die ordening) sodat geneutraliseer kan word wat nie gekontinueer moet word nie. Die sinne onder (a), (b) en (c) hierbo sou dan soos volg lui:

(a) Verlede jaar het Jan £1000 opsy gesit en hy het gister 'n huis gekoop.

(b) Sinne twee dae het hy die hele sakie opgelos en hy sal binnekort 'n gepatenteerde uitvinding op die mark bring.

(c) By 'n vorige geleentheid kon Jan die hond nie vang nie en Piet kon gister weer nie die kat doodslaan nie;

waar die inversieordening in die en-sinslid deur die vervroeging van gister tot die aanloopposisie volkome in orde sou wees:

By 'n vorige geleentheid kon Jan die hond nie vang nie en gister kon Piet weer die kat nie doodslaan nie.

Samevattend/...
180/...

Samevattend kan ons sê:

1. By kontinuering gaan dit in die eerste plek om betekenis en in die tweede plek om die ordening van die struktuur. Die ordening geskied ter wille van betekenis.

2. Kontinuering veronderstel iets wat gekontinueer kan word. Iets wat nie daar is nie, kan vanselfsprekend nie gekontinueer word nie. Dat dit wel soms probeer word, is nie die fout van die taal nie, maar van die taalgebruiker.

3. Interpretasie verg dat die prinsipe van kontinuïteit nie met die prinsipe van betekenisonderskeiding moet bots nie. Daarom moet strukture soos die volgende vermy word:

> Die skool (= gebou) is verlede jaar netjies opgeknap en kwyt hom vanjaar goed van sy taak.

Skool is hier voor kwyt saamgetrek in die betekenis van opvoedkundige inrigting.

4. As bepaalde kontinueerbare momente deur bepaalde kontinueringsmomente voortgesit word, kom bepaalde ander momente in bepaalde omstandighede saam wat nie behoort saam te kom nie. Die taal het egter middele om dit teen te werk soos bv. eksplisiete kontinuering.

5. Dit is ontaalmatig om 'n woord wat selfstandig beteken, implisiet te realiseer as 'n woord wat nie selfstandig beteken nie. Vgl. bv.: My vader is (= bevind hom) in die tuin en my moeder siek in ...

die/...
181/...

die bed waar is as selfstandige werkwoord genoem word en as koppelwerkwoord saamgetrek word na moeder.

6. Woorde wat onselfstandig beteken, moet nie saamgetrek word as woorde wat onselfstandig beteken nie, tensy dit, waar dit saamgetrek word, dieselfde betekenis het en dieselfde funksie vervul as waar dit eksplisiet gerealiseer is. Vgl.: Die man is (is - koppelwerkwoord) siek, maar desnieteenstaande deur die boewe gedwing om hulle met hulle nagtelike bedrywighede te help, waar is voor desnieteenstaande saamgetrek is, ofskoon dit daar die funksie van 'n hulpwerkwoord in die lydende vorm moet verrig.

7. Implisiete ordening is afhanklik van eksplisiete ordening. Dit behoort dus altyd die patroon van die ekaplisiete ordening te volg: Die vader drink brandewyn, die moeder sjampanje en die seun lemoensap. Die patroon van die tweede en die derde newenskikkende sinne is dieselfde as dié van die eerste: Onderwerp - gesegde - direkte voorwerp, ofskoon die werkwoord in die tweede en derde sinne saamgetrek is.

8. Daar is bepaalde gevalle waar die lydende vorm dwingend is. Die lydende vorm is dus nie altyd 'n struktuurvariant van die bedrywende vorm nie: Vgl.: (i) Die mense wat ons pla (Wie pla wie?)

x

(ii) Die mense wat deur ons gepla word.

x

(iii) Die mense deur wie ons gepla word.

9. Die/...
182/...

9. Die samehang van woorde gee nie noodwendig óf 'n eenduidige óf 'n dubbelsinnige interpretasie nie. Dit kan ook 'n onlogiese interpretasie gee soos in die volgende sin, waar die onderstreepte gedeelte in die oorspronklike sin saamgetrek is:

> En nadat Hy die brode gebreek het, gee Hy dit aan die dissipels en gee Hy die dissipels aan die skare.

Die onlogiese is dat Hy nou die dissipels aan die skare gee in plaas daarvan dat die dissipels die brood aan die skare gee.

10. Kontinuering is nie beperk tot die sin nie, en tree ook buite die sin op. Die prinsipes wat vir kontinuering binne die sin geld, geld ook vir kontinuering buite die sin.

11. Daar kan óf net voor óf net agter saamgetrek word, of sowel voor as agter. Dit hang van bepaalde faktore af. Vgl.:

(i) Net voor: Want hierdie self kon duur verkoop en die geld aan die armes gegee gewees het. (Gewees het is saamgetrek na verkoop.

(ii) Net agter: In talle streke is strate van dorpe oorstroom, paaie onbegaanbaar, spoorweë verspoel .... (Is is saamgetrek voor paaie en spoorweë.)

(iii) Voor of agter: Dit is goed om in die môre U goedertierenheid te verkondig en in die nagte u getrouheid;

X

Dit is goed om in die môre U goedertierenheid en in die nagte U getrouheid te verkondig.

12. Regressiewe kontinuering is nie suiwer Afrikaans nie, ofskoon dit in die meeste gevalle nie inter-

pretasieprobleme oplewer nie. Vgl.:

In sy begrotingsrede het die Minister verklaar .....

Deels regressiewe en deels progressiewe kontinuering is ook nie gangbaar nie.

13. Inversie in die vraagsin en in die mededelende sin met 'n aanloop is taalmatig in Afrikaans:

(i) Gaan hy saam?

(ii) Toe was dit reeds te laat.

14. 'n Aanloop in 'n aanvangsinslid wat ook 'n daaropvolgende en-sinslid bepaal, gee inversie in albei sinsleđe:

Toe ek daar kom, was al die reëlings reeds getref en (was) dit reeds te laat om iets aan die saak te doen.

15. As 'n kontinueringsmoment en die volgorde van die moment foutief implisiet gekontinueer word, kry ons foutiewe inversie as gevolg van sametrekking:

Verlede jaar het hy hard gewerk en kry hy nou sy beloning daarvoor.

——— oOo ———

H O O F S T U K 5.

S L O T.

In die voorafgaande ontledings was ons uitgangspunt dat die taalwetenskap hom moet besig hou met die taalfeite, nl. klanke, woorde, woordgroepe, sinne en intonasie, en dit is telkemale benadruk dat 'n benaderingswyse waarby een van hierdie taalfeite uit die geheel geïsoleer word vir behandeling en wat nie ook rekening hou met verbande tussen die feite nie, atomisties is, waardeur die „taallewe" ons eintlik ontglip, en derhalwe vermy moet word.

Dit is wel waar dat die klankleer hom (in die eerste plek) besig hou met die klanke, die woordleer met die woorde, die woordgroepeleer met die woordgroepe en die sinsleer met die sinne. As klanke geïsoleerd beskou sou moet word, sou ons nooit by die woord uitkom nie. Eweneens sou 'n geïsoleerde beskouing van die woord/woordgroep verhinder dat ons by die sin kom. Die bevindinge van die klankleer is nuttig en ook nodig vir die woordleer. So ook is die bevindinge van die woordleer nodig vir die woordgroepeleer, terwyl dié van die woord- en die woordgroepeleer weer onmisbaar is vir die sinsleer.

As elkeen van hierdie outonome studievoorwerpe van die taalwetenskap die hele veld sou moes dek tot uitsluiting van die bevindinge van die ander studievoorwerpe, sou daar baie oorvleueling en ook verkwisting van arbeid gewees het. Gedagtig daaraan dat elkeen

op/...
185/...

op sy eie terrein beweeg, maar tog kan baat by die resultate van navorsing op die ander terreine, is hierdie studie wel toegespits op die woord of, om noukeuriger te wees, die werkwoord, en dan veral op die strukturele aspekte van die werkwoord. Met ander woorde, die werkwoord is nie in isolasie behandel nie.

Tensy ons die werkwoord sien in sy strukturele verband, d.w.s. in die sin, is sy strukturele potensiaal nie vir ons toeganklik nie en sou slegs die leksikale aspek daarvan deur ons ontleding bereik kon word — m.a.w. die strukturele sou hom aan ons ondersoek onttrek het. Die waarde van hierdie stelling kan eers ten volle besef word as ons die betekenis ten volle snap van die algemeen aanvaarde stelling dat die sin die gebruikseenheid van taal is.

Ons het dan ook steeds gepoog om die werkwoord in sy verband met die res van die taalmateriaal, nl. ander woorde, woordgroepe, sinsdele en sinsledе te sien, en dit was nodig om ook rekening te hou met naamwoorde as onderwerpe, direkte en indirekte voorwerpe, bywoorde, bindwoorde en so meer, d.w.s. met al die bousteне van taal. So kom ons dan uiteindelik te staan voor die vraag of die werkwoord in sommige of in al die opsigte wat hierin behandel is en waarby dit as struktuurmoment betrek is, hom op dieselfde wyse gedra as bv. die selfstandige naamwoord, die byvoeglike naamwoord, die bywoord en so meer, of daar 'n verskil is tussen die werkwoord en ander woorde en, indien wel, in welke opsig(te). Die antwoord hierop is deels af te lei uit

die/...
186/...

die bespreking tot dusver, maar 'n nader beskouing, in retrospektief, sal groter helderheid bring en ook 'n verdieping van die insig dat taal deur en deur gestruktureer is.

Elke woord het 'n vorm en 'n betekenis. Die woord is dan ook 'n eenheid van vorm en betekenis. Die gemaakte woord is 'n teken *sui generis*, 'n handelingsmiddel, en die handelingsaard van die woord blyk uit die voorwaardes van sy ontstaan en die verskynsels van sy gebruik. In die voorafgaande uiteensetting het dit in hoofsaak gegaan oor die woord se betekenis (in teenstelling met sy vorm), sy aard as ervaringsmoment, sy funksie en die plek wat dit in die struktuur van 'n taalervaring inneem.

Labuschagne[1], wat hom hierin aansluit by Reichling[2] verklaar dat die tradisionele (en taalfilosofiese) opvatting (nl. dat die woord, d.w.s. die instrument buite sy gebruik, m.a.w. buite die sin, as 't ware geen bestaansreg het nie) 'n wanvoorstelling en 'n skewe en beperkte benadering gee van bv. die taal se sintaksis omdat elke sintaktiese funksie nie vanuit die sintaktiese funksie self verklaar kan word nie, maar vanuit die gebruikskarakter wat daar in die woord opgesluit lê.

Hier is 'n paar faktore ter sprake wat vir ons van belang is, nl. die betekenis van die woord, sy handelingsaard, sy plek in die struktuur van die taaler-

1) Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, bl. 60.

2) Het Woord, bl. 147 vlg.

varing/...
187/...

varing en sy funksie. Die werkwoord het 'n betekenis, 'n handelingsaard, 'n plek wat dit in die sin moet inneem en 'n funksie. So ook die selfstandige naamwoord, die byvoeglike naamwoord, die bywoord, die bindwoord, die lidwoord, die partikel nie en so meer. Met ander woorde, daar is gemeenskaplike kenmerke. Daar is reeds aandag gegee aan die „plek" van die werkwoord, aan woordordening (dus ook aan die ordening van die werkwoord) en aan sy betekenis as struktuurmomente. Wanneer dit gaan oor die „plek" van die werkwoord en woordordening (woordvolgorde) word die taalmateriaal wat saam met die werkwoord in 'n sin gebruik word, outomaties by die saak betrek, want as die werkwoord van plek verwissel, d.w.s. „vervroeg" of „vertraag" word, vind die omgekeerde met 'n deel van die res van die woordmateriaal plaas. Die stelling kan ook hier gemaak word dat ander woordsoorte net soos die werkwoord gebruik kan word om bv. te neutraliseer, te isoleer en te kontinueer, m.a.w. hulle kan ook optree as struktuurmomente.

Ons let agtereenvolgens kortliks op 'n paar van hierdie aspekte.

Uit die voorafgaande uiteensetting het dit telkemale geblyk dat die saamgroepering van woorde, en dus ook die strukturering van die sin, (kan) afhang van die betekenis van sowel die selfstandige naamwoord (as deel van bv. die onderwerp) as van die werkwoord: Vergelyk weer:

(i) Die man van die bosveld wat gister hier was.

(ii) Die man van die bosveld wat gister as droogtegebied verklaar is.

In/...
188/...

In hierdie voorbeelde is dit die betekenis van sowel die onderstreepte gedeeltes van die onderwerp as dié van die onderstreepte gedeeltes van die gesegde wat die groepering van byvoorbeeld die man met wat hier was moontlik maak. Met ander woorde, die strukturering en die betekenis van die geheel is net so afhanklik van die betekenis van die selfstandige naamwoord as van die betekenis van die werkwoord. As die man nie met wat hier was kombinatories kon simboliseer nie, sou die strukturingspotensiaal van die werkwoord alleen niks vermag het nie, soos bv. blyk uit:

Die rivier van die bosveld wat gister hier was.

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die selfstandige naamwoord as onderwerp van 'n sin op grond van sy betekenis, as struktuurmoment nie van die werkwoord as struktuurmoment verskil nie.

Soos uit hoofstuk 3 blyk, kan daar nie op willekeurige grondslag besluit word om die werkwoord in die middel van die sin te plaas of om dit te „vervroeg" of te „vertraag" nie. Daar moet in elke geval gevra word of die „vervroeging" of „vertraging" van die werkwoord die interpreteerbaarheid van die mededeling raak of nie, en die antwoord op daardie vraag moet die deurslag gee. Hierdie feit blyk baie duidelik uit 'n vergelyking van die volgende enkelvoudige sinnetjies, wat beslis nie vir dieselfde situasie bruikbaar is nie.

Die man van die bosveld sing

x

Die man sing van die bosveld.

Net/...
189/...

Net soos wat die plek van die werkwoord sinsbetekenis raak, kan ook die plek van bv. die bindwoord deur, die naamwoordelike woordgroep (en dus ook die naamwoord) en so meer betekenis raak. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie:

(i) Hy is voornemens om 'n boek/oor die lewe/ in die tronk/ te skryf.

(ii) Hy is voornemens om in die tronk// 'n boek oor die lewe te skryf.

(iii) Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses behaal is tydens die skietoefening deur afsonderlike lede van die kapteinskap nie.

(iv) Of ons nou wil of nie, ons moet erken dat daar werklik nie so 'n groot sukses behaal is deur afsonderlike lede tydens die skietoefening van die kapteinskap nie.

In sin (i) vorm 'n boek/oor die lewe/in die tronk 'n saamgestelde woordgroep wat beteken: 'n boek oor die tronklewe. In sin (ii) is hierdie saamgestelde woordgroep verbreek deur die plek van die voorsetselgroep in die tronk te „vervroeg" tot vóór 'n boek sodat ons nou te doen het met 'n enkelvoudige woordgroep: in die tronk, en 'n saamgestelde woordgroep: 'n boek/oor die lewe. Dit gaan dus nou nie meer oor 'n boek oor die tronklewe nie, maar oor 'n boek oor die lewe wat in die tronk geskryf sal word.

In sinne (iii) en (iv) kry ons met 'n byna soortgelyke konstruksie te doen, maar behalwe die woordgroep wat saamgestel is uit die skietoefening en afsonderlike lede ..... is daar ook 'n bindwoord deur wat die twee woordgroepe laat kombineer tot die skiet-

oefening/...
190/...

oefening deur afsonderlike lede ...., wat nie die juiste interpretasie gee nie, want dit was nie 'n skietoefening deur afsonderlike lede nie, maar groot sukses deur afsonderlike lede. Die fout word herstel deur die twee woordgroepe in omgekeerde orde te plaas en die bindwoord deur van sy plek tussen die twee groepe te „vervroeg" tot vóór die twee groepe soos aangedui in sin (iv). Ons het hier dus te doen met twee struktuurprinsipes, nl. die prinsipe van plek (van sowel die bindwoord as die woordgroep(e)) asook die prinsipe van volgorde (ook weer van die bindwoord en die woordgroepe). Die „plek" van die werkwoord in die sin word nie geraak nie. Wat met 'n woordgroep met 'n naamwoord as kern kan gebeur, kan ook gebeur met 'n naamwoord alleen. Vgl. bv.:

(i) Dr. X het Suid-Afrika se uittrede gister uit die Statebond beskryf as 'n katastrofe.

(ii) Dr. X het gister Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond beskryf as 'n katastrofe.

(iii) Dr. X het Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond gister beskryf as 'n katastrofe.

In sin (i) sê gister wanneer Suid-Afrika uit die Statebond getree het terwyl dit in sinne (ii) en (iii) sê wanneer dr. X verklaar het dat Suid-Afrika se uittrede uit die Statebond 'n katastrofe is.

Uittrede uit is 'n woordgroep wat die taalgebruiker normaalweg as 'n eenheid behou, maar ons vind hier dat dit ter wille van die interpretasie nodig is om hierdie eenheid te verbreek.

...

Uit/...
191/...

Uit die voorafgaande volg dus dat die volgorde van woorde behalwe die werkwoord, asook dié van woordgroepe strukturerend optree.

Die „plek" van die naamwoord (waar dit funksioneer as onderwerp) en van die werkwoord word ook bepaal deur die volgende woordpare wat strukturerend optree, en wel so dat die eerste woord van elke paar (in al die gevalle dat) die normale woordorde : onderwerp - gesegde vereis, terwyl die tweede een die omgekeerde woordorde dwingend maak:

(a) Dat x aangesien.

(i) Deel mnr. X asb. mee dat aangesien hy nie binne die voorgeskrewe tydperk geappelleer het nie, kan sy aansoek nie verder oorweeg word nie.

(ii) Deel mnr. X asb. mee dat sy aansoek nie verder oorweeg kan word nie, aangesien hy nie binne die voorgeskrewe tydperk geappelleer het nie.

(b) Dat x as.

(i) Op 'n perskonferensie het hy gesê dat as die eerste minister nie Suid-Afrika veroordeel nie, sal dit lede wat die Statebond voorstaan, kompromitteer.

(ii) Op 'n perskonferensie het hy gesê dat dit lede wat die Statebond voorstaan, sal kompromitteer as die eerste minister nie Suid-Afrika veroordeel nie.

(c) Dat x hoewel.

(i) Die Departement van Volkswelsyn verklaar dat hoewel die indruk deur die pers geskep is dat jeugwangedrag geweldig toegeneem het, wil dit, volgens statistiek, blyk dat jeugoortredings oor die algemeen nie ernstig toegeneem het nie.

(ii) Die/...
192/...

(ii) Die Departement van Volkswelsyn verklaar dat dit volgens statistiek wil blyk dat jeugoortredings oor die algemeen nie ernstig toegeneem het nie, hoewel die indruk deur die pers geskep is dat (dit) geweldig toegeneem het.

(d) Dat x indien.

(i) Hy is terselfdertyd meegedeel dat indien hy nie teen 31 Julie 1961 aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, sal sy dienste beëindig word.

(ii) Hy is terselfdertyd meegedeel dat sy dienste beëindig sal word indien hy nie teen 31 Julie 1961 aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie.

(e) Dat x nieteenstaande.

(i) Die Hoof het aangedui dat nieteenstaande die aantal vyfdejaarvakleerlinge kan voorsiening gemaak word vir applikant X.

(ii) Die Hoof het aangedui dat voorsiening vir applikant X gemaak kan word nieteenstaande die aantal vyfdejaarvakleerlinge.

(f) Dat x toe.

(i) Ek wens u mee te deel dat toe daar 'n ernstige tekort aan klerke was, is werksmanne as klerke aangestel.

(ii) Ek wens u mee te deel dat werksmanne as klerke aangestel is toe daar 'n ernstige tekort aan klerke was.

(g) Dat x wanneer.

(i) Daar moet begryp word dat wanneer 'n trein verdeel en in twee dele verder geneem moet word, moet die drywer stappe doen om te verseker dat die tweede gedeelte nie aan die loop gaan nie.

(ii) Daar moet begryp word dat die drywer stappe moet doen om te verseker dat die tweede gedeelte van sy trein nie aan die loop gaan nie wanneer 'n trein verdeel en in twee dele verder geneem moet word.

(iii) Wanneer/...
193/...

(iii) Wanneer 'n trein verdeel en in twee dele verder gaan moet word, moet daar begryp word dat die drywer stappe moet doen om te verseker dat die tweede gedeelte van sy trein nie aan die loop gaan nie.

Die voorafgaande illustreer dat die plek van hierdie voeg- en bywoorde 'n wesenlike invloed het op die plek van die onderwerp en die gesegde (die sinsdeelordening) en dat voeg- en bywoorde strukturerend kan optree net soos die werkwoord. Die voorafgaande woordpare is botsende struktuurmomente, en die gevolgtrekking waartoe 'n beskouing van die voorbeelde ons laat kom, is dat die dat van 'n dat-konstruksie nie onmiddellik in die tyd deur ander voegwoorde: aangesien, as, hoewel, indien en so meer, of ook deur bywoorde : toe, wanneer ensovoorts, gevolg moet word nie, en dat die dat-konstruksie voltooi moet word voordat die volgende sinsdeel begin.

Net soos die werkwoord, kan ook die naamwoord implisiet gekontinueer word.

Die vader drink brandewyn, die moeder sjampanje en die kind lemoensap. (Drink is implisiet gerealiseer voor sjampanje en lemoensap.)

Hy verdien 'n groot salaris, ek nie. (Hier is verdien nie 'n groot salaris saamgetrek tussen ek en nie. Die implisiet gerealiseerde woorde sluit in 'n werkwoord (verdien), 'n partikel (nie) 'n lidwoord ('n), 'n byvoeglike naamwoord (groot) en 'n selfstandige naamwoord in die funksie van direkte voorwerp (salaris).

Heelwat van die taalonreëlmatighede waarop vroeër gewys is, ontstaan deurdat woorde saamgetrek word in 'n ander funksie as dié waarin dit uitdruklik genoem is. In die geval van die werkwoord kan dit bv. gebeur

dat 'n selfstandige werkwoord saamgetrek word as 'n hulpwerkwoord. Dit het onder meer geblyk uit die beskouing van die sin:

> Hy het (= besit) baie verstand maar dit nog nooit gebruik nie (waar het implisiet voor dit gerealiseer word as hulpwerkwoord).

Dieselfde onreëlmatigheid word ook by die sametrekking van die naamwoord aangetref:

> Juliemaand is koud en het almal warm klere nodig.

Juliemaand is hier gedoem as logiese onderwerp en saamgetrek as bywoordelike bepaling van tyd.

Net soos wat 'n gedeelte van 'n werkwoord (gesegde) implisiet gekontinueer kan word: Hy het my geklap, haar geskop en hom geknyp (het is saamgetrek voor geskop en geknyp) kan ook 'n gedeelte van bv. 'n saamgestelde onderwerp gekontinueer word: Die man met die houtbeen wat so kraak, waar wat die houtbeen kontinueer soos blyk uit die werkwoord kraak, of ook: Die man met die houtbeen wat so lekker lag, waar lekker lag betrekking kan hê op die man of ook op die saamgestelde woordgroep: Die man/met die houtbeen wat die onderwerp vorm.

Dit blyk verder dat 'n werkwoord nie eksplisiet deur 'n taaltegniese woord gekontinueer kan word soos wat by naamwoorde gebeur nie. Uit 'n vergelyking van die sinne Jan werk en Koos ook kom dit voor asof ook 'n taaltegniese woord is en dien om werk te kontinueer. Hierdie ook-konstruksie voldoen in alle gevalle egter

ook/...
195/...

ook aan albei die vereistes vir sametrekking, nl. woordvolgorde (plek) en betekenis. Die voorbeeldsin: Jan werk, Koos ook is dan inderdaad niks anders nie as: Jan werk//Koos werk ook. As laasgenoemde verklaring van die ook-konstruksie juis is, d.w.s. as dit 'n tipe sametrekking is, en ook dus nie as 'n taaltegniese woord optree nie, is daar geen enkele geval waar die werkwoord deur 'n taaltegniese woord gekontinueer word nie, en dan verskil die werkwoord en die naamwoord op hierdie vlak radikaal. Wat wel deur 'n taaltegniese woord gekontinueer word, en waar die werkwoord ook in die gedrang kom, is die betekenistotaal van sinne:

> Hy het nie die paal gehaal nie, maar dit (= dat hy nie die paal gehaal het nie) verbaas niemand nie want hy het nie getrou gewerk nie.

Daar is ook ander vlakke waar daar nie 'n vergelyking tussen bv. die werkwoord en die naamwoord as struktuurmomente getref kan word nie, en dit is die vlak tyd, omdat naamwoorde nie tye het nie, en ook die vlak getal, want die werkwoord druk nie in Afrikaans getal uit nie. In Engels is die posisie heel moontlik anders.

Waar betekenis die toetsfaktor is, kan daar by 'n beskouing van strukturering nie 'n enkele woord buite rekening gelaat word nie, selfs nie die partikel nie nie, en soos onder meer uit die volgende voorbeelde blyk, speel die negatief 'n belangrike rol in Afrikaans en bied dit vir die taalstudent heelwat navorsingsmoontlikhede:

(i) Hierdie ringe keer dat daar nie stoom deurlek tussen die klepkop en die voering waarin die klepkop werk nie.

(ii) Hierdie/...
196/...

(ii) Hierdie ringe verhoed/voorkom dat daar stoom deurlek tussen die klepkop en die voering waarin die klepkop werk.
(Verhoed/voorkom het dieselfde betekenis as keer. Tog neem keer 'n dubbele negatief (veral in die spreektaal), terwyl daar by die gebruik van verhoed en voorkom nie die geringste behoefte aan die negatief is nie.)

(iii) Departementshoofde moet in geen omstandighede reëlings tref vir die opmeting voordat daar nie eers met die verkoopsafdeling in verbinding getree is nie.
(Die gebruik van eers laat 'n besliste behoefte ontstaan aan die gebruik van die dubbele negatief, terwyl die nie voor eers asook eers toutologies is, soos blyk uit die volgende konstruksie:)

(iv) Voordat daar met die verkoopsafdeling in verbinding getree is, moet departementshoofde in geen omstandighede reëlings vir die opmeting tref nie.)

(v) Die oog van hom wat my sien, sal my nie meer aanskou nie. U oë is op my, en ek is daar nie. (Job 7 : 8.)
(Die nie voor daar val weg, vermoedelik om sterk te beklemtoon — 'n stylsaak dus!)

(vi) Hy wat nie eet nie, eet nie tot eer van God.
(As daar 'n nie na God geplaas sou word, sou die teenoorgestelde betekenis uitgebring word.)

(vii) Daar is vandag niemand in die Britse Laerhuis wat nie hierdie beleid verafsku nie.
(As die nie tussen wat en hierdie „saamgetrek" sou word, sou die sin beteken dat almal die beleid voorstaan. Wat hier gebeur is dat die tweede lid van die eerste dubbele negatief saamgetrek is met dié van die tweede dubbele negatief.)

(viii) Wie nie waag nie, sal nie wen nie.
(In bepaalde konstruksies is die vierde nie toutologies. In die sin hierbo is dit nie alleen nie toutologies nie (let op die drie nie's in die onmiddellik voorafgaande), maar noodsaaklik.)

Uit die voorafgaande beskouinge blyk dit dat daar etlike vlakke is waarop 'n vergelyking getref kan

word/...
197/...

word tussen die werkwoord as struktuurmoment en ander woordsoorte as struktuurmomente, hetsy in samewerking met die werkwoord of onafhanklik daarvan.

Feit is inderdaad dat die taal deur en deur gestruktureer is en dat al die taalmateriaal volgens dieselfde beginsels 'n bydrae tot die strukturerings-proses lewer. Dit blyk onder meer ook uit 'n vergelyking van : Hy verdien 'n groot salaris, ek nie, met Hy verdien 'n groot salaris, ek verdien nie 'n groot salaris nie, waar die eerste lid van die dubbele negatief nie verswyg kan word nie, tensy die werkwoord verdien, asook die direkte voorwerp met sy byvoeglike bepaling en die onbepaalde lidwoord: 'n groot salaris nie daarmee saam verswyg (saamgetrek) word nie.

Dat daar ook vlakke is waarop daar nie 'n vergelyking tussen die werkwoord en ander woordsoorte getref kan word nie, is weens die aard en die verskeidenheid van die taalmateriaal eintlik nie vreemd nie.

Samevattend kan ons soos volg afsluit:

(i) Geen enkele benadering van die taal en sy probleme, behalwe 'n taalwetenskaplike benadering wat sy feite uit die taal haal, kan werklik daarop aanspraak maak dat hy insig bring nie.

(ii) Dit beteken nie dat die bevindinge van hulpwetenskappe nie deur die taalwetenskaplike benut moet word nie. Inteen-

deel/...
198/...

deel, die bevindinge van bv. die sielkunde, die sosiologie en die logika kan van groot waarde vir die taalwetenskap wees. Rekening moet egter daarmee gehou word dat nie een van hierdie studievakke taal ter wille van taal bestudeer nie, en ook daarmee dat die „meer as taal" in die taalgebruiksituasie nie as verklaringsprinsipes vir taalstrukturele vraagstukke aangewend kan word nie.

(iii) Betekenis moet steeds die toetsfaktor wees, want kommunikasie is daarop gemik om kennis oor te dra. Waar kennis nie juis oorgedra word nie, is daar 'n ontaalmatigheid wat opgespoor en verklaar moet word sodat dit ook vir die leek kenbaar kan wees.

(iv) By die benadering van die taal en sy probleme om die taalmatige daarin op te spoor en so die ontaalmatige te kan verklaar, moet daar nie deeltjies uit die geheel geïsoleer word nie, omdat geen beskouing van 'n deel wat nie in die milieu van al die omringende gegewens en faktore gesien word nie, 'n getroue en volledige beeld gee nie. Om hierdie rede moet die werkwoord nie as woord buite sy verband gesien word nie, maar in die taalgebruiksituasie. So moet ook die res van die taalmateriaal in hulle verband met omringende taalfeite gesien word.

(v) Op/...

(v) Op grond van die voorafgaande oorweging is dit on(-taal-)wetenskaplik om reëls van bo af op die taal af te dwing, soos bv. dat die werkwoord vertraag moet word, in plaas daarvan om te vra hoe die taal self sy materiaal orden om aan sy doel, nl. kommunikasie, te beantwoord, en ook of die werkwoord 'n bepaalde plek moet kry omdat dit 'n bepaalde funksie het.

(vi) Die werkwoord en al die ander woordsoorte tree in Afrikaans op bepaalde vlakke as struktuurmomente op, onderworpe aan dieselfde beginsels.

(vii) Op bepaalde ander vlakke waar die eiesoortige aard van die werkwoord en elke ander woordsoort die deurslag gee, tree egter beperkinge tevoorskyn wat vir elke woordsoort anders is en wat vir Afrikaans nog konsekwent deurgevors moet word.

(viii) Die noodsaaklikheid daarvan om tot 'n leer van die woordsoorte te geraak vanuit die standpunt van die strukturele beskouingsmetode lig helder op uit 'n ondersoek soos hierdie. Dit word gelyktydig ook duidelik aan watter vereistes, onder meer, so 'n leer van die woordsoorte sal moet beantwoord. Trouens, dit wil voorkom of strukturele ondersoeke in toenemende mate sal stuit teen 'n gebrek aan 'n deugsame ...

leer/...
200/...

leer van die woordsoorte. Dit beteken dan inderdaad dat hierdie tak van die taalonderzoek dringend wag op afhandeling, ofskoon dit moontlik kan gebeur dat die wesenstrekke van 'n bruikbare leer van die woordsoorte eers onderskeibaar word deur die veelvuldige ontsporings wat veroorsaak word deur die afwesigheid van die onderskeibaarheid van daardie wesenstrekke.

---- oOo ----

L I T E R A T U U R L Y S.

Barnes, A.S.V. ..... Afrikaanse Grammatika en Taalkunde, 2de druk (1948).

Berg, B. van den ... De Zinsbou in het Nederlands: De Nieuwe Taalgids XLII (1949).

Sanering van de Zinsontleding: De Nieuwe Taalgids L (1957).

Bloch, B. en
Trager, G.L. ..... Outline of Linguistic Analysis, 1942.

Bühler, Karl ..... Sprachtheorie, 1934.

Ferreira, G.T. ..... Enkele Beskouings oor die Taalwetenskap in die Twintigste Eeu: Honneursskripsie: Universiteit van die Witwatersrand, 1957.

Groot, A.W. de ..... Structurele Syntaxis, 1949.

Structural Linguistics and Word Classes, Lingua 1, 4.

Gardener, Alan ..... The Theory of Speech and Language, 1932.

Graff, W.L. ..... Language and Languages, 1932.

Hamel, A.G. van .... Geschiedenis der Taalwetenschap, 1945.

Hjelmslev, Louis ... Prolegomena to a Theory of Language (Translated by F.J. Whitfield).

Jespersen, Otto .... Analytic Syntax (1937).

Growth and Structure of the English Language (sesde uitgawe) (1930).

The Philosophy of Grammar (1924).

Labuscagne, G.J. ... Enkele Opmerkings oor die moderne taalwetenskap: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jrg. IX, aflewering 1, Augustus 1952.

Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, 1956.

Taalwetenskap en taalonderwys: Die Besembos, Jaarblad van die Universiteit Potchefstroom vir C.H.O., 1957.

Labuschagne, F.J. .. Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys: Inoug. Rede, Koers V, 6, Junie 1938.

Lubbe, H.F.A. van der van der .. Woordvolgorde in het Nederlands, 1958.

Mills, Stuart ..... Inaugural Address to the University of St. Andrews, (1867), People's Ed.

Nida, E.A. ..... A Synopsis of English Syntax, 1943.

Morphology: A descriptive analysis of words: 1948.

Ogden, C.K. en Richards, I.A. ..... The meaning of meaning, 1953.

Paul, Herman ..... Prinzipien der Sprachgeschichte, 1920.

Reichling, Anton ... De Taal: Haar wetten en haar wezen : E.N.S.I.E. II.

Het Woord, 1935.

Over Essentiële en Toevallige Grammatica-regels, Openbare les gegeven op 7 Februarie 1939.

Ries, John ..... Was ist ein Satz? 1931.

Was ist Syntax? 1927.

Zur Wortgruppenlehre, 1928.

Sweet, H. ..... A New English Grammar, 1892-98.

Trubetzkoy, N.S. ... Grundzüge der Phonologie, Travaux 7, 1939.

Wellander, E. ..... Bedeutungswandel, Deel I.

---- oOo ----

Labuscagne, C.J. ... Enkele Opmerkings oor die moderne taalwetenskap: Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jrg. IX, aflewering 1, Augustus 1952.

Inleiding tot die Strukturele Metode van Taalondersoek, 1956.

Taalwetenskap en taalonderwys: Die Besembos, Jaarblad van die Universiteit Potchefstroom vir C.H.O., 1957.

Labuschagne, P.J. .. Grammatika, Taalwetenskap en Taalonderwys: Inoug. Rede, Koers V, 6, Junie 1938.

Lubbe, H.F.A. van van der .. Woordvolgorde in het Nederlands, 1958.

Mills, Stuart ..... Inaugural Address to the University of St. Andrews, (1867), People's Ed.

Nida, E.A. ..... A Synopsis of English Syntax, 1943.

Morphology: A descriptive analysis of words: 1948.

Ogden, C.K. en Richards, I.A. ..... The meaning of meaning, 1953.

Paul, Herman ..... Prinzipien der Sprachgeschichte, 1920.

Reichling, Anton ... De Taal: Haar wetten en haar wezen : E.N.S.I.E. II.

Het Woord, 1935.

Over Essentiële en Toevallige Grammatica-regels, Openbare les gegeven op 7 Februarie 1939.

Ries, John ..... Was ist ein Satz? 1931.

Was ist Syntax? 1927.

Zur Wortgruppenlehre, 1928.

Sweet, H. ..... A New English Grammar, 1892-98.

Trubetzkoy, N.S. ... Grundzüge der Phonologie, Travaux 7, 1939.

Wellander, E. ..... Bedeutungswandel, Deel I.

----- oOo -----

UNIVERSITEIT VAN DIE NOORD-KAAP
BIBLIOTEEK

Thesis

OPSOMMING

VAN

"STRUKTUREEL-SINTAKTIESE ASPEKTE VAN DIE WERKWOORD".

1. Iemand wat noukeurig luister na 'n gesprek in sy huistaal, bemerk dadelik dat sy taal 'n ordelike geheel is. Daar is orde in die klank-samestelling van woorde, want as ons te doen het met die woord pak, moet die klanke juis in die orde p-a-k wees anders kry ons 'n ander woord, soos bv. kap, of glad geen woord nie, soos bv. a-p-k. Hierdie ordelikheid word ook aangetref in die wyse waarop woorde in woordgroepe gegroepeer is asook in die wyse waarop woorde, woordgroepe en sinsdele in sinne georden is. 'n Sin soos Die langs rivier bome groei, waarin die woordgroep langs die rivier en die woorde groei bome nie volgens die eise van die taal georden is nie, bevredig die taalgebruiker nie.

2. Dit blyk verder dat die ordening van die klanke van 'n woord die taalgebruiker geen keuse laat nie. Vergelyk weer P-A-K. Dit geld ook van die ordening van die woorde van 'n woordgroep: langs die rivier, terwyl daar by die sin 'n mate van vryheid kan wees, soos bv. in: Hóre preek ds. X hier teenoor Ds. X preek hóre hier. Die slotsom waartoe hieruit geraak moet word, is dat taal nie na willekeur gestruktureer kan word nie, dat daar bepaalde prinsipes moet wees wat die sintaksis of onderlinge verbindbaarheid van woorde bepaal, en dat die taal as sodanig opgeheef sou word as daardie prinsipes nie eerbiedig word nie. Die vraag is, wat is daardie prinsipes, hoe funksioneer hulle in die taal en kan hulle verklaar word deur bv. te let op die rol wat die werk-

2/...

woord (of enige ander woord) in die strukturering van taal speel.

3. Om die antwoord op hierdie vraag te kry, is daar kortliks stilgestaan by enkele wanopvattings soos bv. dat dele van taal uit die geheel vir beskouing geïsoleer kan word; dat 'n ekstra-linguale sistematiek 'n linguale resultaat kan lewer of dat styl die deurslag kan gee wanneer die taalmatige en die stilistiese nie hand aan hand gaan nie.

4. Vervolgens is gepoog om helderheid te kry oor wat sintaksis is omdat dit die kern is waarom die strukturering van taal draai, want as woorde nie die potensiaal gehad het om mekaar te bepaal en met mekaar te verbind nie, sou daar nie so iets soos sinne gewees het nie en sou die taalgebruiker hom met die gebruik van eenwoordsinne moes tevrede gestel het.

5. Uit die behandelde outeurs se werke het onder meer geblyk dat daar ses sintaktiese prinsipes erken word waarvolgens die veelheid van die sinsmateriaal: woorde, woordgroepe, sinsdele en sinsladе gegroepeer word. Hierdie prinsipes is: (i) byeenplasting van woorde; (ii) woordvolgorde; (iii) sinsintonasie; (iv) woordbetekenis; (v) die denkwette en (vi) woordsoortindeling. Hierby kan gevoeg word die prinsipe van vorm, waaronder verstaan word die bedrywende en die lydende vorm, en nie woordvorm nie. Laasgenoemde is wel 'n struktuurprinsipe in sintetiese tale (en in 'n geringe mate ook nog in Engels), maar nie in Afrikaans nie.

3/...

6. Met uitsondering van die eenwoordsin is daar verhoudingsgewys nie baie sinne wat nie 'n werkwoord het nie (en hiermee word nie bedoel dat 'n sin 'n werkwoord moet hê nie). Omdat dit so is, en omdat daar nog heelwat verskil van mening bestaan oor bv. die „plek"van die werkwoord", is die sinstruktuur, met spesiale toespitsing op die werkwoord, getoets aan die groeperingsprinsipes wat hoër op genoem is, en daar is gevind dat die werkwoord op grond van sy plek in die sin (en met plek word daar bedoel byeenplaatsing en volgorde) 'n besliste uitwerking het op die sinsbetekenis, en die prinsipe van kommunikasie regstreeks raak. Dit blyk uit 'n vergelyking van die twee sinnetjies: (a) Die man van die Bosveld sing; en (b) Die man sing van die Bosveld. Dit weerspreek dan die tradisionele opvatting dat die werkwoord aan die end van die sin moet kom of dat dit na willekeur vervroeg kan word. Die enigste norm waarvolgens oor die „plek van die werkwoord" besluit kan word, is betekenis en interpreteerbaarheid.

7. Ook die groeperingsprinsipe en sinsintonasie was insiggewend, soos onder meer blyk uit 'n vergelyking van die sinne Jan, sê Piet, is dom en Jan sê, Piet is dom. Die woordbousel „John our horses" is bv. nie volgens die tipiese Engelse „actor-action"-konstruksie gebou nie, en is niksseggend. Hierdie drie bepaalde woorde, in hierdie bepaalde orde, gesteun deur die prinsipe van intonasie kan tog betekenisdraend wees: „John, our hhorses!" As die woordorde verander sou word na bv. „horses our John" sou intonasie nie daartoe in staat wees om dit sinvol te maak nie.

8. Eweneens kon vasgestel word dat die betekenis van die werkwoord as struktuurmoment optree soos bv. blyk uit die betekenis van die werkwoorde in die volgende sinne: (a) Die man van die Bosveld wat gister hier was (hier was slaan op man); (b) Die man van die Bosveld wat gister as droogtegebied verklaar is (verklaar is slaan op Bosveld). In die sin: Die man van die Bosveld wat gister deur die Minister besoek is, kan laer ook is slaan op die man of die Bosveld of op die man van die Bosveld in teenstelling met bv. Die man van die Kalihari. Daar is ook gevind dat die betekenis van die onderwerp 'n meewerkende faktor is want in die sin: die rivier van die Bosveld wat gister hier was vind ons dat die betekenis van rivier verhoed dat rivier bepaal word deur die werkwoord hier was. Hiermee het die soeklig dan verskuif na die interessante verskynsel van kombinatoriese simbolisasie van woorde of die vermoë van woorde om saam met mekaar te beteken en nie net afsonderlik nie.

9. Sowel die beskouinge oor eksplisiete en implisiete kontinuering as dié oor toelaatbare en ontoelaatbare inversie het ook getoon dat die werkwoord deurgaans 'n wesenlike invloed op die sintaksis en bygevolg ook op die betekenis het. Deur betekenis as toetsfaktor te gebruik kon die vinger telkens gelê word op onduidelike en onlogiese konstruksies. So het dit bv. duidelik geword dat ons nie kan sê: Die skool is verlede jaar mooi opgeknap en speel vanjaar pragtig rugby nie, omdat skool, waar dit in die aanvangsinslid genoem is, nie dieselfde beteken het as skool waar dit voor speel verswyg (saamgetrek) is nie. Dit is dus dwingend dat ons skool in die tweede sinslid voor praatjaar weer uitdruklik moet noem.

10. Uit 'n vergelyking van die werkwoord en ander woordsoorte het geblyk dat al die woordsoorte in Afrikaans op bepaalde vlakke as struktuurmomente optree en onderworpe is aan dieselfde beginsels. Op bepaalde ander vlakke, waar die eiesoortige aard van die werkwoord en elke ander woordsoort die deurslag gee, tree agter beperkinge tevoorskyn wat vir elke woordsoort anders is en wat vir Afrikaans nog konsekwent deurgevors moet word.

11. 'n Faktor waarmee steeds rekening gehou moet word, is dat taal deur en deur gestruktureer is en dat dit on(-taal-)wetenskaplik is om dele uit die geheel vir beskouing te isoleer. Elke verskynsel moet steeds as deel van en teen die agtergrond van die geheel gesien word.

12. Dit blyk noodsaaklik te wees dat daar uit die standpunt van die strukturele beskouingsmetode tot 'n deugsame leer van die woordsoorte gerak word.

G.T. PEREIRA.

3. 5.1961.





FIG 3.6.6 HISTOGRAMS OF ERRORS (SET 3, REGULARISED SAMPLES)

Author Ferreira Gert Thomas
Name of thesis Struktureel-sintaktiese Aspekte Van Die Werkwoord. 1961

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.